# Vrye Weekblad

4 November 1988 | Tel (011) 836-7236/7/8/9 | Prys: R1,20 (AVB ingesluit)


# Mandela: 'n nuwe era

Deur Max du Preez
en Jacques Pauw

**Nelson Mandela is beslis binnekort 'n vry man.**

Die 70-jarige ANC-vaderfiguur se vrylating kan die hele aard van die politiek in Suid-Afrika en die land se posisie in die internasionale gemeenskap ingrypend verander.

Die datum 14 November word wyd vir sy vrylating genoem. Staatspresident PW Botha het volgens Vrye Weekblad se bronne aan regeringsleiers in Portugal en bankiers in Switserland gesê Mandela "sal voor Kersfees tuis wees".

Daar is egter ook al bespiegel dat sy vrylating kan saamval met 'n besoek aan Suid-Afrika deur Brittanje se Margaret Thatcher in Desember of Zaire se Mobutu Sese Seko vroeg in Januarie.

Mandela sit as 'n gesonde man in die vyfster Constantia Berg-kliniek in Kaapstad. Sy dokters sê hy het gewig opgetel en volg weer sy gewone roetine. Volgens goeie bronne is daar reeds aan hom gesê dat hy nie weer na Pollsmoor teruggestuur gaan word nie. (Sien berig op bladsy 9.)

Terwyl die Staatsveiligheidsraad en die Kabinet nog stoei met die hoe en waar en onder watter omstandighede die stap geneem moet word, is daar groot woelinge in die geledere van die swart weerstandsbewegings oor Mandela se moontlike politieke rol.

En onderwyl die meeste blanke Suid-Afrikaners asem ophou oor die moontlike gevolge van sy vrylating, het die ANC aan die afgevaardigdes by die onlangse konferensie in Wes-Duitsland gesê wanneer Mandela vrygelaat word, sal hy sy volwaardige plek in die stryd (struggle) inneem. Hy sal onmiddellik as 'n ANC-leier erken word en namens die ANC praat.

Mandela self het reeds onomwonde aangedui dat hy openlik die ANC sal steun wanneer hy vry is.

Dit laat die regering met 'n yslike dilemma: gaan hulle toelaat dat 'n leier van die ANC, wat 'n verbode organisasie is, vryelik en sonder beperkings in Suid-Afrika rondbeweeg?

Laat hulle Mandela onvoorwaardelik vry, sal hy sonder twyfel 'n oorweldigende leiersrol speel, wat die regering se beleid van "hervorming" en swart koöptering erg sal ondermyn. Die regering sal dit moeilik waag om hom weer tronk toe te stuur.

Of gaan hulle hom inperk en die risiko neem dat swart frustrasie in geweld ontaard? As hulle met hom doen wat hulle met Govan Mbeki gedoen het, kan dit 'n internasionale storm ontketen. Dit kan die waarde van die rand 'n ernstige slag toedien.

Gematigde leiers in die wit en swart politiek en in die sakewêreld asook Westerse en Afrika-leiers koester hoë verwagtinge dat Mandela 'n nuwe era van versoening en vrede in Suid-Afrika sal inlei. Die algemene gevoel in dié kringe is dat PW Botha bewys het dat hy nie die man is om versoening teweeg te bring nie, en dat Mandela die enigste alternatief op die horison is.

ANC-leiers sê openlik dat net Mandela se onvoorwaardelike vryheid sal kan verhoed dat hulle die gewapende stryd nie verder sal verskerp nie.

Daar word wyd aanvaar dat Mandela se vrylating sal lei tot minstens die de facto wettiging van die ANC. In swart kringe word al hoe meer gepraat van 'n soort van 'n "interne vleuel" van die ANC. Dit kan dan as Mandela se politieke tuiste dien. Die voorbeeld van Swapo in Namibia wat nie self verbode is nie, maar hul militêre vleuel wel, word deur swart leiers genoem.

Nie oral in die swart weerstandspolitiek is die geesdrif ewe hoog nie. Sekere leiers van die UDF sowel as die swart bewussynsgroep Azapo vrees glo dat die groepering wat om Mandela kan vorm, hul organisasies se bestaansreg kan ontneem.

In Transkei, waar Mandela hoog geëer word as van koninklike afkoms, vrees sommige leierselemente glo weer dat sy vrylating kan lei tot die ongedaanmaking van dié tuisland se "onafhanklikheid."

Ouer leiers hoop weer dat hy 'n einde sal bring aan die soms bloedige konflik tussen die UDF en Azapo en tussen Inkatha en die UDF.

In die jongste stap het Inkatha 'n hand van vriendskap na Mandela gereik en hom uitgenooi om 'n politieke vennootskap te sluit. Inkatha en die ANC sit tradisioneel nie langs dieselfde vuur nie, hoewel die verhouding tussen Mandela self en die Inkatha-leier, Mangosuthu Buthelezi, volgens Buthelezi nog altyd hartlik was.


* Lees ook bladsy 2

## Joe Slovo en die Boere...




Joe Slovo, senior SAKP-leier, (middel) met Matie professor Sampie Terreblanche, die ANC se Johnny Makatini en NDM leier Wynand Malan tydens die Idasa-kongres in Duitsland. Sien berigte op bladsye 8 & 9. Foto: ELSABÉ WESSELS


## BINNE



NP-leier twis met pa - bl 3



Ons eerste swart Minister? - bl 7



Craven, Luyt en die kabinet - bl 16

## Hier is ons!

**Dit was 'n ietwat moeilike geboorte, maar hier is ons: 'n Nuwe, onverbonde stem in Afrikaans wat nog diep spore in hierdie land gaan trap. Ons het heelwat produksieprobleme gehad met die eerste uitgawe en plekplek is ons nie heeltemal wat ons wou wees nie. Maar die probleme is nou grotendeels opgelos, en volgende week lyk ons selfs nog beter.**

**As jy wil weet wie en wat ons is en waarvoor Vrye Weekblad staan, lees die artikel daaroor op bladsy 10.**

**VryDag! Ons uithaal-tydskrif oor kuns en vermaak**

# 'n Bitter familietwis

**Deur Jacques Pauw en Renier Verster**

Danie van Zyl, leier van die Nasionale Party in Johannesburg en voorsitter van die stadsraad se bestuurskomitee, is deur sy pa vir R20 000 gedagvaar ná 'n familietwis wat die Van Zyl-familie in twee geskeur het.

Lelike aantygings word heen en weer tussen pa en seun geslinger. Beskuldigings word gemaak van politieke vuilspel, 'n tweede vrou wat alles beduiwel het en 'n seun wat sy pa sonder pensioen of mediese fonds uit die familiebesigheid geskop het.

Oom Danie, stigter van die Van Zyl-saak in Greymont, Johannesburg, sê dié week hy sit sonder geld of goed by familie in Worcester in die Boland. Danie van Zyl junior het sy besigheid oorgeneem sonder dat hy ooit daarvoor betaal is.

"Dis 'n hartseer ding, dis 'n moeilike ding. Hier sit ek met niks nadat ek vir 42 jaar gewerk het en 'n sakeman van aansien in my wyk geword het. My seun Danie het alles onder my uit," vertel oom Danie uit Worcester.

Bog, sê Van Zyl junior, dis alles net 'n politieke set om my vuil te smeer. Dis 'n swartsmeeraksie en niks anders nie.

"My pa is 74, en in daardie stadium kan jy mos nie meer met hulle werk nie. Dis menslik. My pa is nie meer wat hy was nie. Hy is ingetroud met 'n dame wat gekom het en ons familie totaal verinneweer het.

"Sy is vier jaar jonger as ek. Een van die vereistes wat my pa in 1978 gehad het is dat ons vir haar ma en ouma en alles wat daarmee gepaard gaan, moet sê. Dis waar al die probleme vandaan gekom het," sê Van Zyl.

Die hele drama in die Van Zyl-gesin draai om die boedel van Wilhelmina Jacoba van Zyl, oom Danie se eerste vrou, wat in November 1976 dood is. Die boedel is nooit aangemeld of beredder nie.

Toe oom Danie einde verlede jaar al sy goed in Johannesburg wou verkoop en Boland toe trek om daar te gaan aftree, het een van sy dogters 'n hofbevel gekry om hom te keer dat hy sy huis verkoop en sy goed vat. Die boedel is bevries.

Nou is die groot vraag: wie het versuim om die boedel aan te meld? Oom Danie sê klein Danie moes dit gedoen het. Danie junior sê hy weet niks van die hele ding af nie.

Sedertdien baklei die familie soos kat en hond. Oom Danie het vier kinders - twee dogters en twee seuns. Hannes skaar hom by oom Danie. Een van die dogters kies oom Danie se kant, die ander glo Danie junior is reg.

KP-politiek het sake nog verder beduiwel toe Hannes tydens die algemene verkiesing vir die Konserwatiewe Party gewerk het. Hy sê: "Danie groet my nie meer nie. Hy het by die stembus dwarsdeur my gekyk. Met hom praat ek nie weer nie."

Vroeër vanjaar het oom Danie se prokureur, Christo Marais, al vier die Van Zyl-kinders oorreed om 'n familievergadering in die Rosebank-hotel by te woon.

"Ek wou sien of hulle nie na al die jare kon ooreenkom om hul moeder se boedelsake op te los nie," bevestig Marais.

Oom Danie het nie die vergadering bygewoon nie. "Danie wil glad nie met my praat nie. Toe ons laas uitmekaar is, het hy gesê ek kan maar met prokureurs gaan praat, maar ek moet onthou hy werk met slim mense. Hoe meer ek daaraan dink, hoe hartseerder raak ek."

By die vergadering kon niemand saamstem nie en sake het versleg tot op die punt waar Van Zyl nou gedagvaar is vir R20 000 en twaalf jaar se rente wat hy aan sy pa as eksekuteur van die boedel verskuldig is. Van Zyl sê hy gaan die geding beveg.

Toe ons verslaggewer onlangs vir oom Danie op Worcester gaan sien het, was hy besig om teëls te plak in 'n buurman se kombuis om 'n paar rand te verdien. Hy is hardhorend en sê met al die dinge van die afgelope jaar het hy baie maer geword.

Ondanks sy suksesvolle garage, vervoer- en grondverskuiwingsbesigheid, kon oom Danie nooit eintlik skryf nie. Alles het hy verdien deur met sy hande te werk van vroegoggend tot laataand.

Hy het al vroeg sy seuns by hom in die besigheid betrek. Danie was veral met die bestuur van die besigheid betrokke. Hy het standerd agt geslaag en kon die boekhouding en prokureursgoed hanteer.

Oom Danie sê: "Toe ek verlede jaar by die besigheid weg is wat ek gestig het, het my seun my nie eers 'n pensioen of mediese fonds gegun nie. Om te leef moet ek by skoonfamilie en vriende geld leen."

Oom Danie sweer hoog en laag dat sy seun Danie die boedel moes aanmeld. Hannes beaam hierdie weergawe en sê: "Die Here hoor my, maar ek is getuie dat broer Danie aangebied het om die boedel aan te meld."



Oom Danie en Tant Lena van Zyl.

Oom Danie sê hy het eers verlede jaar agtergekom sy oorlede vrou se boedel is nooit aangemeld nie. Hy is agtien maande na sy eerste vrou se dood met Lena getroud.

Toe hy besluit het om af te tree, het hy al die meubels in die huis onder sy kinders verdeel. Maar toe hy sy huis, wat hy self gebou het en al die jare in gewoon het, wou verkoop, het een van sy dogters 'n interdik teen hom gekry wat hom belet het om met enige goed handel te dryf. Die helfte daarvan behoort aan sy oorlede vrou se onafgehandelde boedel.

Oom Danie het toe hartseer en verbitterd alles net daar gelos en met Lena na Worcester getrek waar hy, twaalf jaar te laat, sy eerste vrou se boedel laat aanmeld het.

"My pa het niks. Na al die jare is hy arm. Danie kyk nie eers na hom nie. Hier het dinge in hierdie familie gebeur wat nooit reggestel sal word nie," sê Hannes.

Die prokureurs wat die dagvaarding namens oom Danie hanteer, is Nossel Harvey en Kie in Johannesburg.

"Hierdie is alles politiek. Ek was geskok toe ek my broer in die KP-kantoor gesien het. Al ons jare nog is ons Nasionaliste. Nou weet ek nie meer nie. Hulle wil al hierdie dinge in die koerant kry om my polities te blokkeer.

"Ek skuld my pa niks. My pa was jare in my diens en hy het uit vrye wil besluit om te bedank. Verder wil ek nie kommentaar lewer nie. Ek is niks skaam vir wat ek gedoen het nie. My gewete is skoon," sê Van Zyl.



Deon van Greunen

## Maak Melville oop, sê Deon

**Deur Victor Munnik**

Deon van Greunen se ouers behoort aan die Konserwatiewe Party. Maar hy wag gretig dat Danie van Zyl sy wyk vir alle rasse oopstel -- soos Van Zyl in die hitte van die Johannesburgse munisipale verkiesing gedreig het.

Van Greunen (24) het 'n opskudding veroorsaak toe hy die onderleier van die Nasionale Party in Johannesburg se stadsraad en voormalige spesiale adviseur van Minister Pik Botha, Johan Fick, in Melville ontsetel het.

Hy het in Roodepoort grootgeword, en sy ouers hou nie van sy politiek nie. Bloed is egter dikker as water en hulle sal beslis nie politiek bo die familie stel nie, sê hy.

Volgens die nuwe stadsraadslid sal die oopstelling hom baie help om van Melville - tuiste van veral Afrikaanse yuppies - 'n lekker plek vir almal te maak.

"Ook vir die talle swartmense in die klein kamertjies in agterplase, en hulle kinders. As ek praat van my wyk, praat ek oor almal wat daar bly, wit en swart."

Hy gaan probeer om die swembad vir almal oop te stel. Die biblioteek is al oop, omtrent al die restaurante is oop ... 'n mens kan ongelukkig nie veel op plaaslike vlak doen nie.

Dis egter nie waar dit vir Van Greunen ophou nie: die volgende stap is die parlement. Want politikus is wat hy wil wees. 'n Goeie politikus, sê hy, is iemand wat na sy mense kyk. Dis hoekom hy die NP se Johan Fick verslaan het - Fick was nes die Nasionale Party: hulle wil ten alle koste die mag behou en is nie bereid om iets vir hulle mense te doen nie.

Hy het respek vir buite-parlementêre groepe soos Idasa, die Five Freedoms Forum en die Black Sash. Hy het ook bewondering vir David Bruce, wat ses jaar in die tronk sit omdat hy weier om diensplig te doen. Hy dink egter Bruce was onprakties: "Hy kon eerder twee jaar diensplig gedoen het en dan vier jaar lank gewerk het om die land te help verander."

Van Greunen is 'n personeelbeampte in Boksburg, en besig met 'n honneursgraad aan die RAU. Hy woon in Hillbrow, maar wil graag 'n huis in Melville koop en restoureer.

Voel hy nie jonk in die stadsraad nie? Nee wat, sê hy, hy voel baie tuis in die PFP-koukus. Dis nie ouderdom wat tel nie, maar wat jy dink en hoe jy optree.

# Dokter weier glo hulp aan "polisie-slagoffers"

**Deur Chris Gutuza**

KAAPSTAD. - 'n Dokter van Athlone wat na bewering geweier het om leerlinge te behandel wat onlangs in 'n onderonsie met die polisie by die skool beseer is, se optrede is skerp deur ouers, onderwysers en skoliere veroordeel.

Die vereniging van ouers, onderwysers en skoliere van die Hoërskool Alexander Sinton het ook die polisie-optrede as onmenslik en wreed beskryf. Hulle het 'n beroep op die kommissaris van polisie gedoen om die optrede te ondersoek.

Volgens 'n onderwyser, MF Parker, wat twee beseerde meisies na die dokter se spreekkamers geneem het, het dr. Chapeikan gesê dis 'n polisiesaak en hulle moet eerder deur die distriksgeneesheer behandel word.

Chapeikan het later gesê die kinders was nie sy pasiënte nie, en as dit 'n noodgeval was, sou hy hulle wel gehelp het.

Volgens die onderhoof, Nabiel Swart, is ten minste 14 leerlinge - die meeste van hulle meisies tussen 13 en 16 - later by 'n daghospitaal behandel.

Volgens 'n amptelike verklaring van die vereniging het die kinders dié Dinsdag-oggend vroeg vreedsaam betoog en toe met skoolwerk aangegaan. Toe die polisie by die skool aankom, was die kinders buite omdat dit pouse was. Die polisie het hulle beveel om klasse toe te gaan.

"Hulle het sonder waarskuwing gestorm en ons begin slaan," het Fahiema Kimmie, 13, gesê. Fahiema is later vir 'n verstuite gewrig behandel.

"Ons konstateer spesifiek dat geen klippe of petrolbomme gegooi is voor of nadat die polisie opgedaag het nie," lui die verklaring van die vereniging.

Luitenant Attie Laubscher van die SA Polisie het aan 'n oggendkoerant gesê die kinders het die polisie geen keuse gelaat as om hulle te verjaag nie.

"Ons stel dit onomwonde dat sekere kinders in die skoolgronde was, terwyl anders vreedsaam in hul klaskamers was."

Aartsbiskop Desmond Tutu het die skool na die voorval besoek. Hy het gesê dat voor-die-voet ("indiscriminate") optrede die kinders brutaliseer, en hulle respek vir die wet ondermyn.

# Troue

WAITHAKA, Kenia. - Die bruidegom het 'n parmantige blou pak en 'n wit hoed met 'n oranje veer gedra. Sy bruid het ná die troue gesê: "Dit was ten minste net so goed soos prinses Diana se troue."

Hy is 115 jaar oud, sy is 80 jaar, en hy moes die Presbiteriaanse kerk 56 jaar gelede verlaat omdat hy haar as sy tweede vrou geneem het. Hy moes onlangs weer katkiseer voordat hy toegelaat is om gebooie te loop.

Voormalige hoofman David Githang'a Kinyanjui sê sy familie en vriende het toenteryd gevoel dit sou verkeerd wees as hul hoofman net een vrou het. Sy pa, 'n opperhoof, het 40 gehad.

Sy ander vrou is meer as 20 jaar gelede dood, maar hy was traag om hom met die kerk te versoen. Nou het hy selfs tabak en alkohol laat vaar.

Vroulief Hannah sê: "Ons het mekaar nou liewer as ooit. Ek was al die jare hartseer omdat ek nooit geweet het of die dag sal aanbreek nie."

Ten minste 500 mense het die "troue van die jaar" bygewoon, baie van hullé familie. Kinyanjui het 17 kinders, 90 kleinkinders, 152 agterkleinkinders, en drie agter-agterkleinkinders.

Daar is gesing en gedans, en die bruidspaar het weggelê aan die hoender, pilafrys en groente.

'n Vriend het die bruidegom se hoë ouderdom toegeskryf aan die gewoonte van die Kikuyu-stam om elke dag 'n paar myl te stap. - AFP

# Die flirtasie met Suidwes kom SA duur te staan

Van Jo Pütz

WINDHOEK - Nadat Suid-Afrika 67 jaar lank ondanks internasionale veroordeling hardnekkig aan Namibia vasgeklou het, wil hy dié gebied nou soos 'n stukkende pop weggooi - maar niemand wil hom mooi glo nie.

Op 1 Augustus het minister Pik Botha aangekondig dat die aanloop vir Nambiese onafhanklikheid op 1 November moes begin. Suid-Afrika kan nou selftevrede agteroor sit nadat die begindatum vandeesweek uitgestel is en Angola, Kuba en Amerika nou met die blaam sit.

Die feit dat niemand in diplomatieke, militêre en politieke kringe Suid-Afrika geglo het nie, kan toegeskryf word aan die feit dat Suid-Afrika 'n lang geskiedenis van flirtasie met Namibiese onafhanklikheid het maar dit elke keer ontwyk het.

Die gesamentlike betrokkenheid van die Supermoondhede saam met Suid-Afrika se politieke en ekonomiese verknorsing en die veranderde militêre situasie in suid-Angola word deur diplomate as die belangrikste rede vir Suid-Afrika se ommeswaai beskou. In VVO-kringe, in die Reagan-administrasie en toenemend in die Brittanje en Duitsland word Namibiese onafhanklikheid as 'n feit aanvaar. Daar moet net op 'n tydrooster besluit word.

Die indruk bestaan dat alle pogings om 'n geloofwaardige swart opposisie teen Swapo op die been te bring, gefaal het weens die verbrokkeling en verdeeldheid van die interne politieke groeperings - tot die uiterste frustrasie van President PW Botha en die Suid-Afrikaanse Weermag wat gesien het dat hulle besig is om die bosoorlog te wen maar die politieke stryd te verloor.

In der waarheid mor sommige militêre hoëlui en buitelandse beleidmakers in Suid-Afrika dat die probleem nie soseer Swapo se krag by die stembus is nie maar eerder in die swakheid van die opposisie gesoek moet word.

In 'n onlangse uitgawe van die Weermag-tydskrif Paratus erken kol AS Kleynhans dat die indruk wat geskep word dat Swapo die bevolkingsteun in SWA verloor het, verkeerd is. "Dat Swapo nog oor 'n aansienlike hoeveelheid steun op ideologiese gebied beskik en dat Swapo die afgelope twee jaar vordering gemaak het met die vestiging en aktivering van frontorganisasies... Die finale politieke vernietiging van Swapo sal egter afhang van die SWA Regering se vermoë om deur middel van sterk teen-revolusionêre optredes en goeie administrrasie Swapo en sy frontorganisasies van hul menslike magsbasis te ontneem.

"Om die bekende cliché te gebruik, kan gesê word dat die 20 persent militêre deel van die stryd onder beheer is, maar dat die 80 persent nie-militêre komponent van die revolusie nog oop is vir enigeen van die opponerende magte," skryf kol Kleynhans.

Die feit dat lede van die Oorgangsregering in Windhoek Suid-Afrika se voortdurende inmenging en PW se beperkings op hulle wetgewende bevoegdheid as redes vir hulle gebrek aan geloofwaardigheid beskou, word geheel-en-al deur Pretoria in die wind geslaan.

Swapo se sekretaris vir buitelandse sake, Theo-Ben Gurirab, het onlangs in Lusaka gesê die omvang en tegnologiese gevorderdheid van albei militêre magte aan weerskante van die Namibia-grens in die pad staan van sowel vrede as volkskaalse oorlog.

Die moontlike massiewe verlies van lewens (meestal wit Afrikaners) 'n katastrofiese uitwerking op die politiek in Suid-Afrika hê.

Die nuwe militere werklikhede in die vorm van die groter Kubaanse teenwoordigheid en die feit dat hulle onlangs daarin kon slaag om met hulle kananonne so vinnig binne trefafstand van Namibie se grens te vorder dien na bewering as 'n bydraende faktor. Die Kubaanse optrede volg na Suid-Afrika se besluit om Namibia prys te gee.

Sedert Junie vanjaar - en veral sedert die poging om Cuito Cuanevale te verower misluk het - het die Suid-Afrikaanse weermag besef die gewone avontuurtjies oor die Angolese grens kan baie vinning ontwikkel tot 'n groot konvensionele stryd met die Kubaanse magte.

Hoe ookal bespiegel word, Swapo sal die ekonomies gebreekte pop erf terwyl Suid-Afrika tuis met die politieke gevolge opgesaal sal sit as die oorgang handuit ruk en 'n stroom vlugtelinge (meesal Afrikaners) oor die Oranje tot gevolg hê.

# Moslems help staat met sensuur

Deur Hans Pienaar

Die staat se sensuurstelsel het onverwags 'n gedugte nuwe bondgenoot gekry: feitlik die hele Moslemgemeenskap, waaronder invloedryke figure in "progressiewe" organisasies.

In dieselfde week dat die Weekly Mail vir 'n maand lank van die strate afgehaal is, het vooraanstaande lede van die Moslem-gemeenskap volgens hul eie erkenning die staat se sensuurstelsel gebruik om die Britse skrywer Salman Rushdie se jongste boek, Satanic Verses, verbied te kry.

Kort daarna het die Congress of South African Writers sy uitnodiging wat hy saam met die Weekly Mail aan Rushdie gerig het om die Weekly Mail se Boekeweek Maandagaand te kom open, teruggetrek. As rede is aangevoer dat Cosaw nie Rushdie se veiligheid kon waarborg nie.

Dit volg op bom- en ander dreigemente teen die Weekly Mail, waarvoor veral sy Joodse mederedakteur, Irwin Manoim, uitgesonder is. Moslems het ook reguit gewaarsku dat Rushdie om die lewe gebring sou word as hy sy voet op Suid-Afrikaanse bodem sit.

Agter die optrede is die verklaring van 'n Jihad, 'n "heilige oorlog" teen Rushdie vanuit die Moslemhoofkwartier, Saudi-Arabië. $5 miljoen is glo vir die wêreldwye Jihad beskikbaar gestel.

Die aanslag in Suid-Afrika is gelei deur vooraanstaande lede van die Indiër-establishment. 'n Veertigtal Moslem-organisasies het 'n verklaring uitgereik waarin Rushdie van rassisme en heiligskennis teen die profeet Mohammed en sy familie beskuldig is.

Dit is egter die manier waarop hulle te werk gegaan het om die boek, wat pas in Brittanje gepubliseer is, in Suid-Afrika verbied te kry, wat deur die organiseerder van die fees, Gail Berman, as "skrikwekkend" beskryf is.

Aangesien die boek nog nie in Suid-Afrika beskikbaar was nie, is dele daarvan vanuit Londen gefaks en aan die Direktoraat van Publikasies in Kaapstad voorgelê. Verlede week is bekend gemaak dat 'n publikasiekomitee die boek op godsdienstige gronde verbied het.

In die lomp Suid-Afrikaanse sensuurstelsel word verreweg die meeste verbiedinge deur die Appèlraad oor Publikasies onder leiding van Kobus van Rooyen tersyde gestel - iets wat in Rushdie se geval ook kon gebeur het.


Vir die Appèlraad om binne 'n week die lywige boek gelees te kry, bes moontlik 'n literêre advieskomitee aan te stel, getuienis aan te hoor en 'n beslissing te vel, is te veel gevra.

Dit is uiters ongewoon vir die Direktoraat om 'n boek te beoordeel op grond van uittreksels. Dit druis lynreg in teen baie spesifieke riglyne neergelê deur Kobus van Rooyen na die Aksie Morele Standaarde-debakels van die verlede.

'n Groot teleurstelling vir Suid-Afrikaanse skrywers is die optrede van Cosaw, wat aanvanklik geluide teen die koms van Rushdie gemaak het omdat hy die kulturele boikot sou oortree.

Bekende Moslemskrywers soos Don Mattera, Achmat Dangor en Ahmed Essop het hulle teen die Rushdie-aksie uitgespreek. Ook organisasies wat ironies genoeg nog altyd as fanatiek bestempel is, soos die UDF-affiliaat, die Call of Islam en die Muslim Youth Movement het sy reg om te praat, verdedig.

Die gevolge van die oorlog teen Rushdie vir die bevrydingsbeweging kan nie onderskat word nie. Nie net is Cosaw se geloofwaardigheid in die gedrang nie, maar is dit waarskynlik die beste toepassing nog van die staat se "divide and rule"-strategie.



Ahmed Essop ... verdedig Rushdie se vryheid van spraak


Association of Democratic Journalists

NATIONAL ORGANISER

The Association of Democratic Journalists is looking for a full-time national organiser based in Johannesburg.

The person we are looking for should:

* Have media experience and a knowledge of the South African media
* Be free to travel widely
* Be computer literate
* Have administrative experience

Organisational experience - ideally, within the trade union movement - and their own transport would be an advantage. We offer a competitive salary, travelling allowance, and medical aid benefits.

# ANC sien nie af van protes met geweld

## Maar sukses van veldtog bevraagteken

**Deur Elsabé Wessels**

Die ANC gaan hul terreurveldtog teen die Suid-Afrikaanse regering verskerp - ondanks die feit dat al hoe meer "sagte teikens" slagoffers van hul gewapende stryd word.

By die Idasa-kongres in Duitsland is die ANC se beleid van gewapende stryd skerp deur lede van die wit afvaardiging uit Suid-Afrika veroordeel. Vars in hulle geheue was die bloedige tonele by Wimpy-restaurante en koopsentrums tuis.

In ANC-geledere self is daar geskille oor die sukses van hul geweldprogram.

Die ANC het oor die afgelope maande baie meer sagte - burgerlike - as harde militêre en ander staatsteikens getref.

ANC-woordvoerders dring daarop aan dat die militêre vleuel se veldtog van openbare geweld op harde teikens gemik is. In Leverkusen het hulle terreurdade teen sagte teikens skerp veroordeel.

Binne ANC-geledere is daar ook konflik oor die morele verdediging van bomaanvalle op burgerlikes. In Augustus vanjaar het ANC-woordvoerders in 'n sterk bewoorde verklaring vanuit Lusaka gewaarsku dat streng dissiplinêre stappe geneem sou word teen ANC-kaders wat sagte teikens uitsoek.

Daar is egter nog geen teken dat die opdrag deur kaders gehoorsaam word nie. Daar is vanuit ANC-kringe beweer dat buitelandse bevelvoerders geen beheer kan uitoefen oor binnelandse kaders wat na 'n kitsopleiding toeslaan nie.

Terwyl die toename van straatterreur in Leverkusen indringend bespreek is, was daar onder die Afrikaners tog begrip vir die geskiedkundige regverdiging van die ANC se beleid van geweld, wat deur die organisasie aanvaar is nadat dit in 1961 verbied is.

ANC-woordvoerders het daarop gewys dat die Nasionale regering vreedsame politiek onmoontlik gemaak het. Dit het gelei tot die stigting van die militêre vleuel, Umkhonto We Sizwe. Die naam van Umkhonto is onlangs na die ANC People's Army verander.

ANC-lede voel steeds dat die regering nie in onderhandeling belang stel nie - daarom is die gebruik van geweld geregverdig. Die ANC beplan nou gereelde aanvalle - pleks van sporadiese aanvalle. Woordvoerders beklemtoon hulle gaan probeer om meer wit Suid-Afrikaners in die stryd te betrek.

Die ANC se beleid teen die Suid-Afrikaanse regering berus tans op vier pilare: massa-mobilisering in Suid-Afrika, die uitbouing van ondergrondse versetgroepe, internasionale druk deur middel van sanksies en boikotte, en 'n versterking van protes deur geweld.

Dit het uit die debat geblyk dat die ANC se nuwe beleidstukke nie 'n bloudruk is nie, maar 'n raamwerk vir bespreking.

Die raamwerk het in Augustus vanjaar die lig gesien. Die ANC het die laaste twee jaar al aangedui dat 'n hersiening van die Freedom Charter, wat in 1955 in Kliptown aanvaar is, oorweeg word.

Die konsep-beleidstruk wat hulle in Augustus die lig laat sien het, het hulle beskryf as 'n "staatkundige raamwerk vir 'n demokratiese Suid-Afrika."

Volgens die ANC is die 25-punt dokument - wat 'n grondwet, verkiesingstelsel, nasionale identiteit, 'n handves vir menseregte, die ekonomie, grondhervorming, vakbondregte, vroueregte en gesinsbeskerming aanspreek - nou oop vir bespreking en sal die inhoud na gelang van terugvoering aangepas word.

# Harry Schwarz sê nyet vir Russiese Lada

## 'Ons moet niks by die kommuniste koop'

**Deur Victor Munnik**

Die verspreiders van 'n goedkoop Russiese vierwielvoertuig, die Lada Niva, beplan om die voertuig binnekort met 'n plaaslike inhoud van 60 persent in Suider-Afrika te bou. Daar word gegis dat die Lada in Lesotho, Swaziland of Botswana gebou sal word om sanksies te ontduik. Volgens die voornemende vervaardigers is dit "beter so".

Hulle sal egter by Harry Schwartz, PFP-LV verby moet kom. Hy sê ons moet niks by die kommuniste koop nie. Hy het reeds sy besware in die Parlement gelug.

"Ons mense word vermoor met Russiese AK47's en kleefmyne. En wat gaan gebeur as hulle die voorrade afsny? Dan staan 'n hele fabriek stil en die Russiese motors op ons paaie kom tot stilstand," sê hy.

Die skakelman van die Raad van Handel en Nywerheid, Theo van der Merwe, sê die raad is bewus van die Russiese motors. "Ons beleid is 'n vrye mark met minimale inmenging van die staat. Mnr. Schwartz se besware kan eers effek hê as hy dit aan die raad voorle."

Hy voorsien nie probleme met onderdele nie, aangesien die Lada ontwikkel is in 'n ou Fiat-fabriek in Rusland wat deur die Russe oorgeneem is. Die Italianers kan seker help, sê hy.

Nico Vermeulen van die Nasionale Vereniging van Motorvervaardigers van Suid-Afrika (Naamsa) sê baie min Lada's word ingevoer - minder as 200 uit 'n totaal van 225 000 nuwe eenhede wat jaarliks hier verkoop word.

Die Lada kos R35 000, en die prys vergelyk goed met die van die goedkoopste vierwiel-aangedrewe voertuie wat hier beskikbaar is.

Adolf Waidelich, besturende direkteur van B & W Motors, is baie geesdriftig oor die gehalte van die voertuig. Die Lada kan net so goed as sedanmotor gebruik word - teen 'n petrolverbruik van 11 tot 13 liter per 100 km.

Hulle het al 48 Lada's verkoop. Nog sestig voertuie is bestel.

Bernard Holler, adviseur van die onderneming, sê Russiese enjins en plaaslike onderdele sal gebruik word.

Tydrenjaer en besturende direkteur van B&W Motors in Bryanston, Adolf Waidelich, sê dis 'n wonderlike motor. Die Lada se tegnologie is baie gevorderd.

Daar is genoeg onderdele, sê Waidelich. Saam met elke vrag Lada's kom 'n klomp onderdele die land binne.



So lyk die Lada.

# Iran en SA is groot vriende

**Deur 'n Medewerker**

Die Islamitiese Republiek van Iran het sedert die bewindsoorname van die Ajatolla Khomeini vreemde, nie-amptelike diplomatieke betrekkinge met Suid-Afrika.

Iran het twee verteenwoordigers in Suid-Afrika sedert Moslem-fundamentaliste in 1978 die bewind van die eerstydse Sjah, Reza Pahlavi, in 'n staatsgreep omvergewerp het. Die Sjah was 'n groot vriend van Suid-Afrika en sy pa het 'n huis in Houghton, Johannesburg, gehad.

'n Woordvoerder van die departement van buitelandse sake in Pretoria het gesê: "Dit sal onbehoorlik wees as ons sê wat hulle hier maak."

Die Iranese parlement, die sogenaamde Majlis, het ná Khomeini aan bewind gekom het alle handelsbande met Suid-Afrika verbreek.

Die hoof van die "belangemissie" in Suid-Afrika is Ali Borghei, wat verbonde is aan die Switserse missie in Johannesburg. Borghei en sy assistent hou 'n lae profiel, en is baie ongemaklik oor enige vrae oor hul teenwoordigheid in Suid-Afrika.

Hulle sê dit is heeltemal natuurlik dat enkele amptenare aanbly "om na belange om te sien" nadat amptelike betrekkinge tussen twee lande verbreek is.

Die gebruik van Krygkor se G5-kanon in die oorlog met Irak laat natuurlik onmiddellik vrae ontstaan oor moontlike ruilhandel van wapens-vir-olie tussen Suid-Afrika en Iran.

Daar word ook beweer dat Iran belange in 'n Suid-Afrikaanse olieraffinadery in die Vrystaat het.

Die Iranese verteenwoordigers sê egter daar is geen "bewyse" vir hierdie beweringe nie. Hulle sê Iran se teenwoordigheid hier het te doen met die verwerking van visumaansoeke en konsulêre verpligtinge.

Voornemende besoekers aan Iran moet egter aan die ambassade in Harare skryf.

# Storm om verbod op Mail groei

**Deur Elsabé Wessels**

Die Weekly Mail is Dinsdag deur die Minister van Binnelandse Sake, Stoffel Botha, vir een maand gesluit. Die verbod het sterk kritiek van anti-apartheidsgroepe en vanuit die buiteland ontlok.

* Die redaksie van Vrye Weekblad veroordeel die verbod van die Weekly Mail ten sterkste.

Ons glo die Weekly Mail het vir hom 'n plek in die Suid-Afrikaanse gemeenskap as getroue nuusdraer verwerf.

Minister Botha se intimiderende houding sal nie Vrye Weekblad daarvan weerhou om die volle werklikheid van Suid-Afrika aan sy lesers oor te dra nie - natuurlik binne die eng beperkinge van die regen die noodmaatreëls. Ons is dit aan ons mense en land verskuldig.

# 'Onsigbare' Bush trek Reagan se baadjie aan

**Van Gavin Moore-Wallis**

'n Groot twyfelstem kan die Amerikaanse presidentsverkiesing nog na enige kant toe laat swaai. Volgens meningsopnames hierdie week het amper 'n kwart van die Amerikaanse kiesers nog nie tussen die Demokraat Michael Dukakis en die Republikein George Bush besluit nie.

Die verkiesing is op 8 November. George Bush loop volgens meningsopnames nog steeds met meer as 10% voor. Nie almal wat menings lug, gaan egter die moeite doen om te stem nie - gewoonlik stem net meer as 50%. En in hierdie verkiesing is die apatie versterk deur die "vuil bakleiery" van die kandidate en die vraagtekens wat oor hul vermoëns en persoonlikhede hang.

Persoonlikhede is sekerlik in die voorgrond.

Aanvanklik is onder-president Bush as 'n non-entiteit beskou. Na twee termyne in die skadu van die flambojante Ronald Reagan het een spotprenttekenaar Bush selfs onsigbaar voorgestel.

Een van die eerste tekens dat dit anders sou wees, was sy reaksie op 'n beskuldiging dat hy rassisties is en sy eie kleinkinders, wat blykbaar nie heeltemal wit is nie, "die ou bruinetjies" genoem het. Hy was woedend en het op TV geknor: "Los my familie uit."

Dit het gewerk. Die kiesers het hom begin sien as iemand wat sy man sal kan staan teen Gorbachov wanneer die twee wereldleiers verder onderhandel oor die wapenwedloop en hul invloedsfere.

Toe het dit tyd geword om Ronald Reagan se baadjie van 'n gemoedelike oupa - waarmee hy 'n hele aantal Demokraatstemme gevang het - aan te trek. Hy het op "gesonde waardes" begin konsentreer: godsdiens in skole, liberale permissiwiteit, en misdaad. Nie sonder om 'n bietjie vuil te speel nie. In 'n televisie-debat het hy Dukakis gekonfronteer oor sy teenstand teen die doodstraf deur hom te vra hoe hy sy posisie oor doodstraf sou versoen met 'n makabare scenario waarin mev. Dukakis verkrag word.

Amerikaanse kommentators sê dikwels dat Dukakis nie die nodige warmte uitstraal nie. Hy is 'n tegnokraat wat hom beroep op sy suksesvolle maatskaplike en ekonomiese projekte in die staat Massachusetts, waarvan hy goewerneur was. Op die klag dat hy te ernstig is, het hy geantwoord: "President-wees is 'n ernstige werk." Later het hy gesê: "Mense hou nou meer van my as toe ek jonk was."

Mettertyd het hy begin leer om emosie te wys. In Quincy, Illinois, het hy 'n bondel smeerpamflette woedend in die lug geswaai en dit gemors genoem wat nie in 'n verkiesing hoort nie.

Die pamflette het gesê dat "al die moordenaars en verkragters en dwelmsmokkelaars en kindermolesteerders in Massachusetts" vir hom gaan stem. Hy het gesê sy pa, 'n dokter, is deur 'n dwelmverslaafde aangerand en sy broer, Steve, is doodgery deur iemand wat weggejaag het.

Bush se mense is nie die enigste wat vuil speel nie: Dukakis moes 'n lid van sy span, Donna Brazile, ontslaan oor 'n gerug dat die Washington Post 'n owerspelstorie oor Bush sou publiseer.

Om enigsins 'n kans te staan moet Dukakis stewige steun van die "reënboogkoalisie" kry, terwyl hy ook die sogenaamde Reagan-Demokrate van die Republikeine moet weglok.

**Maar ook nie sonder om 'n bietjie vuil te speel nie**

Hierdie 12% van die kiesers is meestal wit werkers, wat die eerste keer onder Reagan vir die Republikeinse Party gestem het.

Huishoudelike finansies en werk is hul prioriteite, maar hulle hou ook van die "vlagswaaiende nasionalisme" waarmee die Republikeine uitblink. Die Republikeine se suksesvolle voorstelling van Dukakis as "te vriendelik met misdadigers" sal dit vir hom baie moeilik maak om hier stemme te wen.

Tradisioneel maak die Demokrate ook staat op 'n "reënboogkoalisie", waarin die swart en Spaans-Amerikaanse stemme belangrik is. Hier het hy die hulp van die energieke Jesse Jackson nodig.

Dis egter ook gevaarlik vir hom: 'n opname van die Joint Center for Politics het bevind dat 39% van die Reagan-Demokrate nie vir Dukakis wil stem nie, juis weens sy verbintenis met Jackson.

Toe Dukakis sterk na Reagan-Demokrate en mense in die konserwatiewe Suide begin vry het, is Jackson op 'n afstand gehou. Laat in Oktober is hy egter weer nadergeroep - veral nadat opnames bevind het Bush begin swart stemme trek. Dukakis het omtrent al die swart stemme nodig om te wen.

Binnelandse vraagstukke wat die kiesers bekommer, sluit misdaad in die stede, toenemende dwelmmisbruik en die huisvestingstekort in.

Na raming het 'n driekwart miljoen Amerikaners geen dak oor hul koppe nie, terwyl 2 miljoen vir korter tydperke dakloos is. Volgens statistieke het meer as 'n kwart van hierdie mense werk, en meer as 'n derde is gesinne met kinders.

Die daklooshcid is ook die gevolg van die "loslating" van sielsiekes. Tussen 30% en 40% van die dakloses val in hierdie kategorie.

Die Reagan-oplossing was subsidies in die vorm van kontantbewyse. Dit het goed gewerk in die Suidweste, waar woonruimte beskikbaar is, maar nie in die res van die land nie. In New York City, waar min nuwe wooneenhede gebou word, is drie uit elke vier bewyse glad nie gebruik nie.

Tot dusver het Bush die probleem geïgnoreer. Hy verwag van private weldoeners om te help. Dukakis wil $3 biljoen spandeer aan huisvesting vir lae inkomstegroepe.

Hy het egter probleme om te verduidelik waar al die geld vandaan gaan kom. Min mense glo sy argument dat tot $100 biljoen deur die staat deur deeglike belastinginvordering ingewin kan word.

Bush sê die federale begroting sal nie met meer as 4% onder hom groei nie, want ook hy wil groot bedrae geld aan kindersorg, spesiale belastingvermindering en "spierkragtige militêre uitgawes" bestee.

# Dukakis en Bush verskil oor SA

**Deur Victor Munnik**

Die twee aspirant-presidente verskil skerp in hul benadering tot Suid- en Suider-Afrika.

Suid-Afrikaanse kenners van die Amerikaanse politiek glo George Bush wil graag die Reagan-beleid van konstruktiewe betrokkenheid en onderhandelingspolitiek voortsit wat so sterk deur Chester Crocker uitgedra is. Hy is ook gekant teen verdere sanksies, omdat hy glo dat dit die moontlikheid van 'n regse magsoorname in Suid-Afrika sal verhoog.

Hy wil egter ekonomiese hulp aan Suider-Afrikaanse state verhoog in 'n poging om hulle minder afhanklik van Suid-Afrika te maak - en om Amerikaanse invloed in die streek te behou.

In Angola sal Bush Unita militêr bly steun, en eers ná politieke onderhandelinge tussen Unita en die MPLA bereid wees om die MPLA-regering te erken.

'n Mens moet egter onthou dat Bush waarskynlik saam met 'n Demokratiese Kongres sal moet regeer - wat hom tot kompromiee in sy beleid jeens Suid-Afrika kan dwing.

Dukakis sal so gou moontlik toesien dat meer omvattende sanksies teen Suid-Afrika ingestel word. Sulke wetgewing is reeds deur die Huis van Verteenwoordigers aanvaar, maar die Senaat moet nog daaroor stem.

Dukakis sal ook meer hulp gee aan die frontlinie-state en die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingskonferensie (SADCC). Hy is ook van plan om dialoog te voer met anti-apartheidsbewegings binne en buite Suid-Afrika.

Hy wil diplomatieke erkenning gee aan die MPLA, en hulp aan Unita uitfaseer.

Of hy sy dreigement om Suid-Afrika tot "terroriste-staat" te verklaar sal uitvoer, is te betwyfel. Hy sal waarskynlik daardie wapen wil bêre totdat dit "regtig nodig word".


## ONS SAL JOU INGELIG HOU

Ons leuse is: Ons steek niks weg nie. Ons bedoel dit.

Maak seker jy kry Vrye Weekblad elke Vrydag - en spaar boonop 15% op die normale prys van R61,20.

Vir R52 (AVB ingesluit) kan jy Vrye Weekblad kry vir 12 maande. Vir ses maande sal dit jou R28 kos (AVB ingesluit).

Voltooi die vorm en stuur dit met 'n posorder of gekruisde tjek aan:

VRYE WEEKBLAD, POSBUS 42637, FORDSBURG 2033.

Ek wil graag inteken op Vrye Weekblad vir 12/6 maande en sluit hiermee 'n posorder/tjek in vir R ...................

NAAM: ..........................................

ADRES: ..........................................

..........................................

..........................................

NOG BETER: WATTER WONDERLIKER KERSGESKENK KAN JY VIR 'N SPESIALE VRIEND GEE AS 'N JAAR SE VRYE WEEKBLAD IN SY POSBUS AFGELEWER?

Ek wil graag vir 'n vriend inteken op Vrye Weekblad vir 12/6 maande en sluit hiermee 'n posorder/tjek in vir R .............

My vriend se naam is:

NAAM: ..........................................

ADRES: ..........................................

..........................................

..........................................

# Mavuso: Leier of lakei?

Deur Jacques Pauw

**John Solani Mavuso is 'n omstrede swartman wat PW Botha as 'n "lam" beskryf en homself as 'n Nasionalis (hy beklem-toon die hoofletter N). Terselfdertyd is Nelson Mandela sy vriend.**
**Hy gaan waarskynlik die eerste swart minister in Staatspresident PW Botha se kabinet word. Hy is twee jaar gelede aangestel as Lid van die Uitvoerende Komitee in die Transvaal.**
**Mavuso, 'n bekende sakeman van Soweto, was lank 'n prominente ANC-lid. Hy was beskuldigde nommer 39 in die langste hoogverraadsaak in die geskiedenis.**
**Vandag sê hy hy was nog nooit in sy lewe so gelukkig nie.**
**In sekere swart gelede is daar afkeur vir Mavuso se samewerking met die regering en sy aanvaarding van die pos as LUK.**
**Wat is hy: Leier of lakei? Oordeel self.**


VRYE WEEKBLAD: Hoekom het jy die pos van LUK. aanvaar.

MAVUSO: Ek het ingewillig want dit was in oorstemming met ons strewe om swartmense betrokke te kry in die bestuur van hierdie land. Ons het vorige regerings teengestaan juis weens hul beleid om swart mense uit die regering te sluit. Ek sou 'n verraaier teenoor my eie gewete gewees het as ek nee gesê het. Dit sou die einde van die pad gewees het as ek geweier het. Toe ek uiteindelik gevra is om aan hierdie eksperiment deel te neem, was dit die verwesenliking van 'n droom.

VRYE WEEKBLAD: Maar sien jou eie mense jou nie nou as 'n lakei en selfs 'n verraaier nie?

MAVUSO: Ag, jy sal politieke vuurvreters kry wat dit sal probeer doen. Kom ek stel dit so, ek het nog nie een vriend verloor weens my betrokkenheid by die stelsel nie. Ek wil nie minder vir my mense hê as enige swart radikalis nie. Hulle gee nie 'n hel om of mense in hul politieke stryd sterf of die ekonomie vernietig word nie. Hulle gee nie om nie, ek wel. Ek sien dit as diens aan my mense. Dit is my eerste oorweging. Swartmense begeer nou al vir baie jare om betrokke te wees in die daaglikse bestuur van hul lewens.

VRYE WEEKBLAD: Hoekom sê jy hierdie is 'n eksperiment?



MAVUSO: Hierdie is nie die einde van die proses van grondwetlike hervorming nie. Dit is 'n oorgangstadium. Wanneer mense so lank uitgesluit was, moet mens êrens begin. Hervorming gaan nie net oor die reg om te kan stem nie. Dit gaan ook oor die harte en siele van mense. Mense moet gewoond raak daaraan om mense van verskillende kleur te sien saamwerk en te besef dat die hemele nie besig is om in te tuimel nie. Dit sluit swartes en wittes in.

VRYE WEEKBLAD: Is jy steeds 'n swart nasionalis?

MAVUSO: Ja, maar natuurlik met 'n hoofletter N. (Hy lag hard en hartlik.)

VRYE WEEKBLAD: Daar word verwag dat jy binnekort 'n minister in PW Botha se kabinet gaan word. Wat is jou kommentaar?

MAVUSO: Die pers het die spekulasie begin. Dit het sterker geword toe ek gevra is om die Staatspresident na Europa te vergesel. Nog petrol is op die vuur gegooi toe ek vir hom moes instaan by 'n funksie van die Switserse ambassadeur. In die gange van hierdie gebou loop die mense ook daaroor en gesels. Niemand het dit nog met my bespreek nie.

VRYE WEEKBLAD: Wat is jou verhouding met die Staatspresident?

MAVUSO: Die besoek oorsee het my kans gegee om informeel met hom en sy liewe vrou te verkeer, om met hulle te gesels en grappies te deel. Ek ken nou die ander kant van PW Botha.

VRYE WEEKBLAD: Wat is die ander kant van PW Botha?

MAVUSO: Hy is 'n warm, nederige, menslike persoon. Hy is nie iemand wat alles net wil stoomroller nie. Hy is 'n lam, sê ek jou.

VRYE WEEKBLAD: En mev. Botha?

MAVUSO: Ek het nie woorde om haar te beskryf nie. Sy is 'n warm mens, 'n moeder in die eerste plek. Sy is iemand wat regtig omgee. Om haar te beskryf, is om my eie ma te beskryf. Mev. Botha is 'n wonderlike vrou.

VRYE WEEKBLAD: Het jy baie respek vir Botha se leierskap?

MAVUSO: Ja, ek het. Sedert ek kontak met hom het, het my respek vir hom net gegroei. My siening van hom toe hy in 1978 eerste minister geword het, was dié van 'n militêre leier wat die land in oorlog sal dompel. Ek het hom toe nie geken nie. Hy word onregverdig gekritiseer. Die vooruitgang wat ons in hierdie land onder sy leierskap gemaak het, is "mind-boggling".

VRYE WEEKBLAD: Dink jy die gewapende stryd is nog enigsins geregverdig?

MAVUSO: Nee. Baie van die dinge waarvoor die swartman nog altyd geveg het, is nou bereik. Swartmense het byvoorbeeld nou stemreg en kan selfs grond besit. Ons kan nog veel meer bereik deur onderhandeling en samewerking. Dit het nou die enigste pad vir Suid-Afrika geword.

VRYE WEEKBLAD: Maar apartheid bestaan nog steeds. Daar is tog nog Wette soos die Groepsgebiede- en Bevolkingsregistrasiewet.

MAVUSO: Luister, laat ek eerlik wees. Ek praat met jou as 'n swartman. Ek ondersteun nie skeiding nie, maar ek ondersteun ook nie gedwonge integrasie nie. Die Groepsgebiedewet is op hierdie oomblik nie 'n prioriteit nie. Nie 'n enkele swart stadsraadslid sal 'n verkiesing wen in 'n swart woongebied as hy die oopstelling van sy dorp propageer nie. Ons is vir lank grondbesit ontneem. Nou dat ons dit het, het ons beskerming nodig tot ons ons posisie gekonsolideer het. As jy nou oopstel, sal al die beste persele opgekoop word deur blankes en Indiërs. Dit wil ons nie hê nie.

VRYE WEEKBLAD: Jy was vir baie lank een van die leiers van die ANC. Hoe versoen jy dit met jou posisie vandag?

MAVUSO: Ons moet kyk na die geskiedenis van die ANC. Ek het in 1947 'n lid van die ANC geword. Ek was lid, organiseerder, taksekretaris en uiteindelik streeksvoorsitter van die ANC. Ek was ook een van die politieke organiseerders van die Defiance Campaign van 1952. Toe Mandela vir die eerste keer as die Transvaalse president van die ANC verkies is, was ek die een wat hom voorgestel het. Later is ek tot die nasionale bestuur van die ANC verkies. Ek het 'n lid van die nasionale bestuur tot in 1960 gebly met die verbod op die ANC. Ek was in aanhouding onder die noodtoestand van daardie jare. Ek was een van die beskuldigdes in die groot hoogverraadsaak van 1956. Ek was beskuldigde nommer 39. Ons is na vier jaar onskuldig bevind, wat 'n bewys is dat ons nie-geweldadig was. Dit was nooit ons oogmerk om die staat met geweld omver te werp nie. Ons is gelei deur die filosofie van Afrika-nasionalisme. Ek het uit die ANC bedank voor die stigting van Umkontho en die begin van die gewapende stryd. Geweld was nog nooit deel van my politieke ontwikkeling nie. Ek het my hierna by Inkatha geskaar. Die doelstellings van die ANC soos dit deur sy stigterslede uiteengesit is, kan vandag gesien word in die mikpunte en doelstellings van Inkhata. Inkatha het nog nooit weer teruggekyk nie. Elke keer as daar 'n krisis is, stroom mense na Inkatha. Ek is steeds 'n lid van Inkatha. Ek moes uit die bestuur bedank toe ek hierdie aanstelling aanvaar het.

VRYE WEEKBLAD: Moet die ANC gewettig en Mandela onvoorwaardelik vrygelaat word?

MAVUSO: Een van die dinge waaroor ek die regering gekritiseer het, was die verbod op die ANC in 1960. Nadat die staat nie hoogverraad in die saak van 1956 kon bewys nie, sou dit net regverdig gewees het om die ANC te laat voortgaan. Toe hy verbied word, het sy leiers beheer oor sy lede verloor. Wat ons as swart gemeenskap vir hulle wil sê, is: ons verstaan dat almal van ons nie dieselfde geduld gehad het nie. As julle terugkom, kom julle terug om by ons aan te sluit in die enigste konstruktiewe manier om dit wat oor jare in hierdie land opgebou is, te bewaar. Die is nie moontlik om die ANC sonder voorwaardes te wettig nie. Hulle moet afstand doen van konfrontasie-politiek ter wille van onderhandeling. Hulle moet deel word van die onderhandelingsproses. Ek dink hulle moet nou terugkom en vreedsaam onderhandel.

VRYE WEEKBLAD: Geld dieselfde vir die vrylating van Mandela?

MAVUSO: Dit is onregverdig vir daardie mense wat Mandela ondersteun om voor te gee dat hy 'n magiese man is. Ek ken Mandela, hy was 'n goeie vriend van my. Dit is onregverdig om Mandela voor te hou as die enigste persoon wat verantwoordelik is vir konfrontasiepolitiek. Hy het nooit in 'n vakuum geleef nie. Hy het saam met ander leiding gegee. Ek vind dit vreemd dat elke keer as daar sprake is van Mandela se vrylating, daar skielik stemme in die ANC is wat sê: "Jy mag dit nie aanvaar nie!" Die Westerse wêreld maak 'n fout om te dink as hulle PW Botha met Mandela vervang alles skielik gaan regkom. Ons moet geraadpleeg word oor sy vrylating. Mandela is van ons stedelike mense weggeneem en moet weer aan ons terugbesorg word. Ek sal nie sê hy moet eers geweld afsweer nie. Ek sê Mandela moet vrygelaat word om ons in die onderhandelingsproses te kom help. Die keuse is syne, maar ons wil hom graag terughê. Hy is 'n baie goeie onderhandelaar.

VRYE WEEKBLAD: Wat kan Mandela se rol in die politiek wees as hy vrygelaat word? Sal dit byvoorbeeld vir hom moontlik wees om geweld stop te sit?

MAVUSO: Ek weet nie, ek dink dit hang af van die mense wat hom ondersteun. Ek weet nie wat se houvas hy op hulle of hulle op hom het nie. Dit was nog altyd vir my vreemd dat sodra daar sprake van sy vrylating is, diegende wat hom ondersteun vir hom sê: Jy durf dit nie aanvaar nie!

VRYE WEEKBLAD: Is Mandela steeds jou vriend?

MAVUSO: Ja, politieke verskille maak nie saak nie. Tambo is nog 'n vriend. Hy het my altyd "Johnnie Man" genoem, ek vir hom "Ollie Man".

VRYE WEEKBLAD: Hoe sal jy graag Suid-Afrika wil sien?

MAVUSO: Ek wil 'n vrye, verenigde Suid-Afrika sien. Dit moet 'n land wees waar mense bereid is om te gee en te neem. Ek wil 'n atmosfeer sien waar mense met mekaar verskil, maar agterna daaroor kan lag. Dan kan ek as 'n gelukkige mens doodgaan.

(Mavuso is op 8 Oktober 1927 naby Pongola gebore en het na matriek opleiding ontvang in bemarkingsbestuur en arbeidsbetrekkinge. Hy het onder meer aan die Cornell-Universiteit in Amerika gestudeer.)

# DIE BOERE EN DIE BOLSJEWISTE

**Van 23 tot 27 Oktober het 22 blanke Suid-Afrikaners, vyf afgevaardigdes van die Sowjet-Unie, sewe ampsdraers van die ANC en vyf Duitse Afrika-kenners in Leverkusen, Duitsland om die konferensie-tafel vergader om die Suid-Afrikaanse polemiek te bespreek. Elsabé Wessels doen verslag.**



Vassili Solodovnikov (middel) saam met Idasa se Alex Boraine en Thabo Mbeki van die ANC

Moskou is nie gereed om sy betrekkinge met Pretoria hersien nie. Inteendeel, die Sowjet-Unie steun weerstandsbewegings onder leiding van die African National Congress sterker as ooit tevore.

Die sterk standpunt is verlede week deur vyf Sowjet-akademici in Leverkusen, Duitsland, gehuldig waar hulle 'n groep Suid-Afrikaners en lede van die African National Congress ontmoet het.

Daar is nie doekies omgedraai oor Moskou se identifisering met die ANC se beleid van gewapende protes nie. "Ons soek die eliminering van apartheid en daarom identifiseer ons met die 'gewapende stryd'".

Vassili Solodovnikov, 'n voormalige ambassadeur in Zambië en tans navorsingshoof van Moskou se Instituut vir Wereldekonomie en Internasionale Verhoudinge, het voor gestaan in die ry om onlangse berigte in die Westerse pers - wat 'n warmer Moskou-Pretoria verhouding voorspel - die nek in te slaan.

Die berigte wat die Moskouse akademikus, dr. Gleb Starushenko en die vorige Russiese ambassadeur in Lesotho, dr Boris Asojan, aangehaal het, het voorspel dat president Michael Gorbachov se glasnost-beleid die Kremlin se houding tot Suid-Afrika sou verander.

Dat beter verhoudinge wel moontlik is, is deur Slava Tetekin, konsultant by die Sowjet Afro-Asiese Solidariteitskomitee, in beginsel aanvaar.

> 'Slegs die totale uitwissing van apartheid kan jul land red'
>
> *Vassili Solodovnikov*

Maar hy het duidelik gewaarsku dat "die grootste struikelblok op pad na normale verhoudings met Suid-Afrika die apartheidsbeleid van die Nasionale Party- regering is."

Die geskiedkundige ontmoeting by Leverkusen is moontlik gemaak deur die "positiewe veranderinge binne die Sowjet-Unie en die groei van 'n linkse wit opposisie in Suid-Afrika wat bereid is om met die ANC te praat", het Solodovnikov gesê.

Hoewel geen Sowjet-afgevaardigdes as regeringsverteenwoordigers gepraat het nie, het hy beklemtoon dat die Sowjet-afvaardiging sonder twyfel die Kremlin se standpunt stel.

"Ons besef wit Suid-Afrikaners is ook siek en sat van apartheid."

Hy het bygevoeg dat 'n reeks ontmoetings met Suid-Afrikaners sedert 1987 - o.a. met die skrywer Andre P Brink - hom oortuig het dat verdere kontak met die "liberale opposisie in Suid-Afrika" voordelig sou wees.

Wat die toekoms betref, het die Sowjet-afvaardiging verskerpte druk op Suid-Afrika in die vooruitsig gestel. 'n Standpunt wat ooreenstem met die van die Weste, het Solodovnikov gesê.

Suid-Afrikaners moet glasnost nie verkeerd interpreteer nie, het Tetekin gemaan. Beter verhoudings tussen Moskou en Pretoria is nie gekoppel aan verandering in die Kremlin se buitelandse beleid nie. Slegs ware hervorming in Suid-Afrika kan beter betrekkinge lewer, het Tetekin gesê.

'n Suid-Afrika met apartheid staar verdere internasionale isolasie in die gesig. "Slegs die totale uitwissing van apartheid kan jul land red," het Solodovnikov gesê.



Historikus Irina Filatova en Jenny Boraine van Idasa.

## Glasnost plaas Sowjet-Unie in 'n stroombaan

Glasnost en perestroika het die Sowjet-Unie binne twee jaar in 'n stroombaan van verandering geplaas.

Glasnost (oopheid) en perestroika (rekonstruksie) het modewoorde geword in die buitewêreld, maar in die Sowjet-Unie is die Russiese leier Mikhail Gorbachov se pogings om die Sowjet-Unie se verlamde ekonomie weer op die been te bring, 'n saak van erns.

In Leverkusen is die vraag keer op keer aan die Sowjet-span - uitgesproke ondersteuners van die Gorbachov-beleid - gestel: wat voer perestroika nou eintlik in die mou? Sal dit die lewensomstandighede van die land se burgers verbeter?

Hier is 'n paar antwoorde:

Die grootste probleem in die Sowjet-Unie is om die volk se vervreemding van die politieke magstrukture aan te spreek. Die doel van perestroika is om mense meer gelukkig te maak, het een spreker gesê.

Perestroika gee aan die man op straat 'n aandeel aan die land se sukses.

> **'Perestroika gee aan die man op straat 'n aandeel aan die land se sukses'**

Saam met perestroika is nuwe woorde by die Russiese woordeskat gevoeg: ekonomiese aansporings, gemengde ekonomie en privatisering.

Een voorbeeld: Voor perestroika het die staat verantwoordelikheid vir alles aanvaar en werkers is nie toegelaat om in te meng nie.

Staatseiendom het in die praktyk behoort aan die ministers, wat "die Harry Oppenheimers van die Sowjet-Unie geword het", het 'n Russiese akademikus gesê.

Ministers word nou openlik daarvan beskuldig dat hulle Siberië gekolonialiseer het.

Een van die uitdagings wat perestroika stel, is om die ekonomiese mag van die Kremlin te verminder en die werkers 'n aandeel te gee.

Maar die privatisering van eiendom lui nie 'n nuwe tydperk van kapitalisme in nie, het die Russe gewaarsku.

Private besit is nie deel van die sosialistiese raamwerk nie. Wat wel sal gebeur is dat eiendom aan individue verhuur word.

Herverdeling van landbougrond word ook in die vooruitsig gestel. Klein landbouers sal groot onekonomiese kollektiewe plase wat tans deur die regering bestuur word, vervang, het 'n ekonoon uit Moskou verduidelik.

Professor Sampie Terreblanche, ekonoom van Stellenbosch, het gesê die klem van perestroika lê in die ontwikkeling van menslike potensiaal. Dit lyk na 'n struktuur met "klein vlerkies".

Sy opmerking is beaam. Die Sowjet-Unie het in perestroika sy grootste potensiaal ontdek - die ontwikkeling van die land se 280 miljoen burgers.

## Van aangesig tot aangesig met 'totale aanslag'



Voor die konferensiesentrum in Leverkusen staan van links na regs Dr Beyers Naudé, Elsabé Wessels en Breyten Breytenbach.

Ek wil Moskou vir julle wys, was Vassiliv Solodovnikov se gulhartige laaste woorde aan die groep Afrikaners wat die "totale aanslag" in Duitsland beleef het.

Solodovnikov is in Suid-Afrika bekend. In die sewentiger- en vroeë tagtigerjare het hy die "totale aanslag" teen Suid-Afrika as Russiese ambassadeur in Zambië georkestreer.

Sy invloed op Suid-Afrika het hy verder laat geld toe hy van 1981 tot 1983 'n hoofadviseur van die Sowjet-Unie se departement van buitelandse sake geword het.

Hy is in sy laat sestigerjare, en is deur 'n Duitse akademikus as Mnr Totale Aanslag op die Idasa-kongres in Leverkusen aan my voorgestel.

Solodovnikov het op die kongres aan die hand gedoen dat stereotipes en wantroue die deur uitgegooi word.

Dit was nogal maklik. Die Sowjet-afvaardiging, onder sy leiding, het maklik vriende gemaak met die Afrikaners. Die ANC (Suid-Afrikaanse nie-paspoorthouers soos hulle hulself noem) met wie die Sowjet-Unie sedert verlede jaar amptelike diplomatieke betrekkinge het, was die skakel tussen die Suid-Afrikaanse paspoorthouers en die Russe.

En Russe is hulle almal. In die Sowjet-Unie, waar meer as 100 kultuurgroepe leef, is Russiese afkoms 'n statussimbool.

Met die uitsondering van die sjarmante Dr Irina Filatova was die Russiese span almal ingeskrewe lede van die Kommunistiese Party.

Aan Suid-Afrikaanse kant was regeringswoorvoerders skaars, maar NDM leier Wynand Malan en Sampie Terreblanche, ekonomie-professor op Stellenbosch, het die Pretoria-beleid verduidelik. Hulle is albei lede van die Broederbond.

Dat die hele Sowjet-afvaardiging aan Gorba-mania ly, was duidelik. Hul entoesiasme vir glasnost en perestroika was aansteeklik.

Die Suid-Afrikaanse afvaardiging, oorwegend Afrikaner-akademici, was minder pragmaties as hul Russiese eweknieë. Elkeen het 'n Rubic-blokkie oplossing vir die "Suid-Afrikaanse kwessie" probeer soek - 'n resep vir die beskerming van minderheidsregte.

Dit het die Russe laat kopkrap. Maar selfs hulle kon nie 'n bloudruk vir Gorbachov se hervormingsmaatreels gee nie.

Dit het nie gelyk of enigiemand "verskuilde agendas" het nie.

Daar is lekker gesels oor die historiese band tussen Rusland en die Afrikaners: Russe het aan die Boere se kant in die Boere-oorlog geveg. "Die woord Suid-Afrika was toe sinoniem met die stryd van die Afrikaner teen Britse imperialisme," het historikus Irina Filatova vertel.

Vir hulle was die Afrikaner se vryheidsoorlog teen Engeland 'n stryd tussen Dawid en Goliat, het sy gesê.


Maar die samehorigsheidsgevoel was van korte duur. Met die aanbreek van die twintigerjare het die Sowjet-Unie, kort na sy eie bevryding in 1917, die lot van die swart werker in Suid-Afrika ter harte geneem. Onmiddellik is betrekkinge met die ANC gesmee en in 1927 het die ANC-president John Gumede Moskou besoek.

Alhoewel 'n Russiese ambassade tydens die Tweede Wereldoorlog in 1942 in Pretoria geopen is, is dit in 1956 gesluit weens die ambassade se kontak met "ondermynende elemente in Suid-Afrika, veral onder Bantoes en Indiers."

Dit het die einde van amptelike betrekkinge beteken.

Filatova het op 'n glasnost-noot afgesluit: "Ons kan nie die Suid-Afrikaanse probleem oorvereenvoudig nie. En ons moet nie 'n blits-oplossing verwag nie. Die Sowjet-Unie se beeld van Suid-Afrika is nog steeds nie volledig nie."

## Mandela: kwarteeu agter tralies



Dié foto van Mandela het in 'n Buro vir Inligting-publikasie verskyn

**Deur Jacques Pauw**

HENDRIK VERWOERD het in Junie 1961 'n brief gekry met die woorde: "Jy het twee keuses. Of jy voldoen aan ons eise...en jy mag steeds die land red van ekonomiese ontwrigting en vernietiging, van burgerlike twis en bitterheid, of jy kan voortgaan met jou huidige beleid wat ons nooit sal ophou beveg nie."

Die skrywer het die Eerste Minister gevra om 'n nasionale konvensie van leiers van alle rasse te belêom 'n gemeenskaplike toekoms te bespreek.

Dr. Verwoerd het later in die Parlement opgestaan en gesê dat hy 'n "uiters parmantige" brief van iemand met die naam Nelson Mandela ontvang het en nie van plan is om daarop te antwoord nie.

Die verhaal van Mandela as swart nasionalistiese leier begin in die jaar 1944 toe die jong Mandela een van die stigterslede was van die Congress Youth League (CYL) - die jeugbewegings van die ANC.

Daar was baie wrywing tussen die kommuniste en nie-kommuniste in die CYL. Lembede, die eerste leier van die CYL, was 'n sosialis. Die nie-kommuniste was Mandela, Tambo en Sisulu. Dié drie het in 1945 voorgestel dat die lede van die SA Kommunistiese Party uit die CYL moet bedank.

In 1949 het die ANC - een jaar na die Nasionale Party aan bewind gekom het - hul "program van Aksie" aangeneem. Dit was 'n keerpunt in die stryd van die ANC want petisies en voorleggings is vervang met boikotte, stakings en betogings. Die ANC het hul nou toegespits op siviele ongehoorsaamheid.

In Julie 1952 is die grootste niegeweldadige weerstandveldtog in Suid-Afrika van stapel gestuur met die Defiance Campaign. Duisende swartmense en Indiërs het begin om "Blankes Alleen"-kennisgewings, die paswette en aandklokreëls te verontagsaam. Altesame 8 000 mense is in hegtenis geneem en 22 doodgeskiet nadat die Campaign in geweld ontaard het.

Sisulu, Mandela en agtien ander leiers is weens die Campaign onder die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme aangekla. Die regter het bevind die Campaign is niegeweldadig en hul het 'n opgeskorte vonnis van nege maande gekry. Mandela is hierna ingeperk.

Hy het voortgegaan om aktief binne die ANC te wees en is in 1956 as onder-president van die ANC verkies. Hy was een van die 156 leiers wat in 1956 weens hoogverraad aangekla, maar na meer as vier jaar onskuldig bevind is. Mandela moes in 1961 ondergronds gaan nadat hy 'n driedaagse wegbly-aksie georganiseer het.

Mandela het die bynaam van Black Pimpernel gekry vir sy vermoë om die polisie te ontduik. Hy was vir sewentien maande Suid-Afrika se mees gesoeke man.

Hy het selfs uit die land geglip en vir ses maande 15 lande besoek waar hy steun vir die ANC se stryd bepleit het. Hy het glo ook militêre opleiding in Algerië ontvang

Terug in Suid-Afrika was hy motorbestuurder - getooi in 'n wit uitrusting met 'n swart spitshoed - vir 'n teaterregisseur. Op 5 Augustus 1962 is hul kar op pad na Durban voorgekeer en Mandela is in hegtenis geneem.

Kort hierna is Umkhonto Wesizwe (Spies van die Nasie) deur Nelson Mandela en sy kamerade in die ANC gestig.

Die geboorte van Umkhonto is ingelyf deur 'n reeks sabotasie-aanvalle. Mandela het ondergronds gegaan nadat hy 'n driedaagse wegbly-aksie georganiseer het. Stakings deur swartmense was in daardie jare onwettig.

Sedertdien is Nelson Mandela agter tralies. Hy is eers tot vyf jaar tronkstraf gevonnis vir die aanhitsing van werkers om te staak en omdat hy die land onwettig verlaat het.

'n Paar maande later was hy weer terug in die Paleis van Justisie in Pretoria - hierdie keer as beskuldigde nommer een in die Rivoniaverhoor.

Mandela, Walter Sisulu en sès ander leiers van die ANC is skuldig bevind aan sabotasie en samesewering om die staat met geweld omver te werp. Hulle is lewenslank tronk toe gestuur.

Mandela het die volgende agtien jaar van sy lewe op Robbeneiland deurgebring. Volgens berigte het hy die eerste jare van sy gevangeskap in 'n kalkgroef gewerk. Hy kon net een brief en een besoek elke ses maande ontvang.

In April 1982 is Mandela, Sisulu en drie ander Rivonia-kamerade na Pollsmoor oorgeplaas. Kontakbesoeke is toegelaat en Mandela kon vir die eerste keer in meer as twintig jaar sy familie omhels.

Mandela het in Augustus vanjaar siek geword en word nou in 'n kliniek in Kaapstad behandel. Die verwagting is dat hy uit die kliniek vrygelaat sal word en nie weer sal teruggaan Pollsmoor toe nie.

Helen Suzman het hom in die hospitaal besoek. Sy het kort na die besoek gesê: "Hy is maer, maar lyk goed. Hy sê hy is gelukkig met die behandeling wat hy kry."

Nou wag Suid-Afrika en die res van die wêreld vir die vrylating van Mandela. In baie mense se gemoed is daar nog twyfel of dit wenslik is om Mandela vry te laat. Hy het immers sabotasie en terreur beplan. Die beste antwoord lê miskien in die woorde van Soren Kierkegaard:

"Die tiran gaan dood en sy bewind eindig; die martelaar sterf en sy heerskappy begin."

# Vrye Weekblad

## Mandela

Ons berig in hierdie uitgawe oor die moontlike vrylating van seker die mees wyd-gerespekteerde Suid-Afrikaanse leier, Nelson Mandela.

Mense na aan die Staatspresident se dit is vir hom belangrik hier in die laaste deel van sy openbare lewe om deur die geskiedenis as 'n staatsman onthou te word.

Ons kan dit verstaan.

Ons kan nie dink aan enige beter stap wat die Staatspresident kan neem om juis dit te bereik as om Mandela vry te laat nie.

Maar dan moet dit nou wees en dan moet dit onvoorwaardelik wees. En saam met hom moet sy ander Rivonia-vriende soos Kathy Kathrada en Walter Sisulu ook onvoorwaardelik vrygelaat word.

Om hulle in te perk na hul vrylating soos wat die regering met Govan Mbeki gedoen het, sal 'n groot fout wees. In Mandela se geval kan dit selfs tot gevaarlike vlakke van bitterheid lei.

Met Mandela 'n vry man kan Suid-Afrika die pad terug na normaliteit en demokrasie begin stap. Mandela se rol as potensiële versoeningskrag moet nie onderskat word nie. Hy lyk op die oomblik na die èèn man wat die swart bevolking - insluitende radikale - kan saamvat op die pad na versoening en nasionale eenheid en terselfdertyd blanke vrese kan help besweer.

'n Klipperige, opdraande pad sal dit waarskynlik wees, maar die beloning is groot: vrede en voorspoed.

Maar dan moet PW Botha en sy Staatsveiligheidsraad en Kabinet gereed wees om met Mandela te praat wanneer hy as 'n vry man uit die hospitaal stap.

So 'n kans kry Suid-Afrika dalk nie gou weer nie.

## Sport-isolasie

Die reaksie van die Nasionale Party-regering en sy mondstukke op die inisiatief van rugbyleiers soos Danie Craven en Louis Luyt om ons rugby-isolasie te breek, was darem so voorspelbaar.

En dit terwyl hulle bloot die gemors agter Nasionale politici probeer opvee het! (Onthou Verwoerd en die Maori's en Vorster en Basil D'Oliviera?)


Ons glo nie daar is enigiets mee verkeerd nie - en ons gaan dit weer en weer se - om met mede-Suid-Afrikaners en Afrika-leiers te praat om Suid-Afrika se isolasie te probeer beeindig nie.

Ons wil die regering mooi vra: Moet ons asseblief nie verder isoleer nie! Dit raak bitter bedompig hier in Suid-Afrika met al die boikotte teen ons.

Eendag rig ons nog standbeelde vir Luyt en Craven op.

Maar die rugbypubliek moet darem nie dink alles gaan oornag regkom nie. Die sportboikot is weens bepaalde redes ingestel, en daardie redes het nog nie verdwyn nie.

Aan die anderkant wil ons vir die ANC ook se om darem nie so onbuigsaam te wees nie. Die sportboikot het nou waarskynlik sy doel gedien - gaan dit nie nou in almal se belang wees as die Springbokke in Zimbabwe en Zambie kan gaan toer nie?




# Vrye Weekblad laat hoor 'n nuwe stem

**Deur Max du Preez**

Hoekom nóg 'n Afrikaanse koerant? Wie sit agter Vrye Weekblad? Waarvoor staan Vrye Weekblad? Watter rol wil hy speel?

Baie lesers wonder dalk oor hierdie vrae. Kom ons antwoord hulle sommer met die wegspring.

Heel eerste wil ons sê dat ons geheel en al onverbonde is. Ons het geen bande of spesiale lojaliteite teenoor enige politieke party of belangegroep nie. Ons enigste lojaliteit is teenoor 'n vreedsame, voorspoedige Suid-Afrika en al sy mense.

Ons behoort ook aan een groot geldmag of maatskappye-groep nie. Ons behoort aan 'n groot groep aandeelhouers, gewone Suid-Afrikaners, en daar lê ons enigste lojaliteit.

Dit beteken dat ons betroubare, gebalanseerde inligting vir ons lesers kan gee. In Suid-Afrika het dit 'n skaars produk geword, veral vir Afrikaanssprekendes. Vra maar selfs die getrouste lede van die Nasionale Party of die Konserwatiewe Party en hulle sal sê hulle begin voel hulle word nie genoeg geloofwaardige inligting gegee om besluite te kan maak nie - en dit in 'n tyd dat ons land sy grootste krisis sedert Uniewording beleef.

Op die oomblik is al die groot Afrikaanse koerante bondgenote van die Nasionale Party terwyl die enigste ander primêre nuusbron, die SAUK, deur die staat beheer word. Hierdie verhouding tussen regerende party en media moet noodwendig 'n inhiberende invloed op beriggewing hê.

Ons sê: Na die duiwel met die Totale Aanslag wat so gemanipuleer is om Suid-Afrikaners in die donker te hou. Afrikaanssprekendes is nie kinders nie en hulle is nie onnosel nie. Ons het 'n reg om te weet wat in ons land aangaan en wat ons regeerders en mede-burgers doen en dink.

Maar as ons klaar gesê het dat ons vir ons lesers soveel inligting gaan gee as wat die wet en die noodregulasies toelaat en dat ons menings van Eugene TerreBlance tot Oliver Tambo gaan weergee, dan moet ons byvoeg dat ons as 'n koerant darem nie meningloos is nie. Vrye Weekblad het 'n basiese politieke filosofie, fundamentele riglyne, waarvolgens ons interpreterende en meningsartikels geskryf sal word.

Hierdie riglyne behels onder meer dat ons glo in 'n oop, nie-rassige demokrasie; die soewereiniteit van die reg; basiese menseregte soos vryheid van spraak en assosiasie; die verwerping van alle vorme van geweld; vrye onderneming sonder uitbuiting; onderhandeling, versoening en nasionale eenheid; en verantwoordelike, effektiewe en skoon regering op alle vlakke.

Ons wil nie 'n negatiewe stem wees nie. Waar Eugene TerreBlanche, Andries Treurnicht, PW Botha, Desmond Tutu of Oliver Tambo verdien om aangeprys te word, sal ons dit doen. Ons glo in die toekoms van Suid-Afrika en ons glo dat daar 'n vreedsame, regverdige en aanvaarbare oplossing vir die land se probleme is - en dat die Afrikaanssprekende 'n belangrike rol het om te speel op die pad daarheen en in die nuwe Suid-Afrika ná apartheid.

Ons glo nie in verloor nie. Ons glo nie dit is in die Afrikaanssprekende se belang om hom uit die meerderheid Suid-Afrikaners te definieer soos wat Ian Smith in Rhodesie" gedoen het nie. Te veel van Ian Smith se "wit minderheid" sit vandag in Suid-Afrika en is verbitterde, keiharde rassiste. Dit is nie in ons of enigiemand anders se belang dat ons as 'n "minderheid" geklassifiseer word met sekere spesiale voorregte wat net 'n paar jaar gaan hou en in elk geval ander Suid-Afrikaners se wantroue gaan laat voorbestaan nie.

Afrikaanssprekendes het net soveel aanspraak op Afrika en Suid-Afrika as swart Afrikane en Suid-Afrikaners.

Dit behoort teen dié tyd duidelik te wees dat ons onbeskaamd Afrikaans is. Ons lees die geskiedenis van die Afrikaner dalk ingrypend anders as Eugene TerreBlanche, maar ons is ewe trots daarop. Ons is baie lief vir Afrikaans as die jongste Afrikataal en ons gaan ons bes doen om dit te bevorder - ook om dit te probeer bevry van die stigma wat dekades se wit oorheersing daaraan gegee het as die "taal van die onderdrukker".

Moet nooit vergeet nie dat die meeste van ons Afrikaanssprekendes deur die wet as "nie-blank" geklassifiseer is.

Vir ons is daar geen konflik tussen volwaardig Afrikaans wees en gekant wees teen wit oorheersing nie. Ons glo saam met baie ander dat Afrikaner-nasionalisme die eerste vorm van anti-kolonialisme in Afrika - inderdaad van die eerste Afrikanasionalismes - was en dat ons in hart en niere Afrikane is. Ons wil juis die trotse Afrikaner-tradisie van 'n onverbiddelike strewe na vryheid en geregtigheid laat voortleef.

Terselfdertyd glo ons rassisme is 'n groter gevaar vir vreedsame voortbestaan in Suid-Afrika as die kommunisme of enige soort -isme of aanslag of gevaar.

Hoewel ons sterk in sekere klassieke liberale waardes soos die vryheid van die individu glo, is Vrye Weekblad nie 'n klomp liberaliste nie. Ons is Suid-Afrikaanse nasionaliste.

In die aanloop tot ons eerste uitgawe het ons 'n paar tekens gesien dat sekere Engelssprekende elemente ons as "cute" en "liberated" Boere sien en dat sekere swart elemente hul lippe afgelek het dat ons die "Afrikaners" gaan ondermyn. Ons het 'n verrassing vir hulle.

Laat daar ook nooit twyfel wees nie dat ons Afrikaans nie as die eksklusiewe erfenis van die wit Afrikaner sien nie. Inteendeel. En Vrye Weekblad is dus ook nie 'n koerant vir mense wat deur die wet as "blank" geklassifiseer is nie. Dit is vir almal wat Afrikaans lees en praat.

Ons weet daar is baie Suid-Afrikaners wat met ons benadering saamstem. Vir hulle wil ons vra: help ons om Vrye Weekblad op te bou. Ons publiseer binnekort 'n prospektus wat dit vir almal sal moontlik maak om aandele in ons maatskappy, Wending Publikasies Beperk, te koop. Ons stuur graag 'n prospektus aan enigiemand wat 'n aandeel aan hierdie projek wil hê en saam 'n stukkie geskiedenis wil skryf.

Die eerste direksie van Wending Publikasies - wie se menings nie noodwendig altyd met dié van die koerant saamstem nie - lyk so: Christo Nel, 'n maatskappy-direkteur en koördineerder van die Consultative Business Movement; Chris Otto, 'n top-sakeman van Johannesburg; Van Zyl Slabbert, voormalige leier van die Amptelike Opposisie in die Volksraad en mede-stigter van die Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief vir Suid-Afrika; Prof. Sampie Terreblanche, hoogleraar in die ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch; en die redakteur van Vrye Weekblad.

Hoekom is ons naam Vrye Weekblad? Want ons is vry van ideologieë; vry van propaganda en slagspreuke; vry van eng inhibisies; vry van manipulering deur Staatspresidente, ministers, Broeders, generaals en groot kapitaliste - vry om vir die moderne Afrikaanssprekende te sê: lees en besluit self.

Soos ons leuse sê: Ons steek niks weg nie.

# Oor heilige koeie en lang messe...

Hierdie bladsy, al moet ons dit self sê, is die lekkerste deel van die koerant. Hier gaan ons kuier, vloek, vlei, skinder en gesels.

Ons is twee manne met albei ons ore op die grond. Daar is min dinge wat in ons ou republiekie aangaan waarvan ons nie weet of minstens 'n gerug van gehoor het nie.

Vrye Weekblad sê graag hy steek niks weg nie, maar dit is nie die hele storie nie. Want sien, die redaksie sit en skryf met dik wetboeke en ewe dik noodregulasies wat soos 'n swaar wolk oor hulle koppe hang. En dan het hulle nog 'n ingat prokureur ook met 'n swaar hand en 'n dik, rooi pen wat hy graag gebruik.

Ons het ons voet neergesit en die bleek, takhaar redakteurtjie gekonfronteer: as ons nie algehele vryheid het om te sê wat ons wil nie, dan gaan skryf ons liewer vir die AWB Bulletin. (Hulle betaal waarskynlik ook meer.)

Kan ons julle sommer nou al waarsku: Ons het g'n respek vir g'n niemand nie. En wat ons die graagste doen, is om heilige koeie te slag. As julle nie daarvan hou nie, kla by die redakteurtjie en sy spannetjie. (Hulle het glo duur versekering teen lastereise uitgeneem.)

Maar dan is daar natuurlik die Stoffel Faktor. Soos in Botha, nie in Van der Merwe nie. (Stoffel Vên is 'n ietwat meer skadelose karakter - hy verbeel hom soms nog sy akademiese toga weeg nog swaar op sy skouers. En niemand wat soos Cliff Barnes lyk, kan té ernstig opgeneem word nie.) Maar die Groot S maak 'n koerant sommer voor brekfis toe. (S, sê die mense, staan vir Stofôl.)

### Die Pietie, Chris en Pik-Show

Nou hier is vir jou 'n kwaadwillige skinderstorie wat Bittergal uit die Kaap aangedra het.

Die hare, so lui die skinder, waai behoorlik in die Kabinet en die lang messe is uit. Só lyk die toneel:

Die man met die snymerke in sy blink sybokaarpak se rug is Liewe Heunis. Die outjies wat so om die hoekie loer met die stoute ogies is niemand anders nie as ...Ja waarlik, dit is Pieterman du Plessis en Annerjan Vlok (of is dit Adderjan?). En wat is dit wat hulle so agter hul ruggies hou? Dan nie ou kleine knipmessies nie?

Wag, verder af in die gang staan daar 'n man met sy hande oor sy bors




gevou en 'n selftevrede grynslag op sy gesig. Is dit Walter die Wonderman? Is dit Bles Bridges met 'n pruik? Of is dit die Groot P? (Nee, nie die heel groot P nie. Hy sit eenkant in sy kantoor en broei oor die kleinspan wat so onenig is. Sy lyfwagte raak glo al meer senuagtig, want sy bloeddruk is glo haastig aan die styg en as hy eers uitbars...)

Nou toe, genoeg stuitigheid. Netnou lees die kinders dit ook en vergeet 'n mens moet eerbied hê vir jou leiers. (Na die munisipale verkiesing is 'n hele paar van hulle besig om lyers te word - senuweelyers.)

### Een kandidaat, een stem

So van die munisipale verkiesing gepraat. Seker die verveligste verkiesing wat Brolloks nog belewe het, maar twee brokkies het opgeval:

In Pietermaritzburg se Indiër-verkiesing het R Cheddie in Wyk 12 net een stem op hom verenig, en in Wyk 8 het die sittende lid, AG Narayadu, 'n volle vier stemme getrek. In die bruin verkiesing (hierdie etniese klassifikasies sit darem maar soos grondboontjiebotter aan 'n man se verhemelte vas) in die Natalse hoofstad het AW Gray drie en HE Baxter agt ondersteuners gehad.

Piesangverkiesings?

Die ander brokkie is dat Walvisbaai se bruinmense (al weer) baie meer in die munisipale verkiesing belanggestel het as die witmense (of sal ons praat van die "sogenaamde kleurlinge" en die "sogenaamde blankes"?). Die stempersentasie in die bruin verkiesing was 70,5 persent, en in Wit Walvisbaai was dit net 51 persent.

Die koloniale enklawe se swart woonbuurt, Kuisebmond (die Duitsers praat van Kuisebmund), het ook nie veel belanggestel nie en net 27 persent het gestem.

Nugter weet wat dit alles beteken.

### Boere en bokke

Namibia-praatjies laat Bittergal altyd dink aan wat die ou boere-omie van Rehoboth - dis nou in Basterland - eendag gesê het nadat hy na 'n vurige Dirk Mudge op 'n DTA-vergadering geluister het: "Jong," het hy gesê, "'n Boer is soos 'n bok, en 'n bok is 'n bliksem."

Sela.

### Albert die Leeuehart

Daar doen die karnallie van 'n Albert Nothnagel dit toe weer, maar hierdie keer stilletjies. Dit is nou praat teen regeringsbeleid en oor - mag die Vader dit behoede! - gesels met die ANC.

In 'n berig oor twee bladsye in die Kaapse koerant South se Dapper Albert aan Pieter Schoombee (haai, werk Pieter dan nie vir Rapport nie?) op 'n vraag of dit hom nie pla dat hy sy party so omkrap met sy uitsprake nie: "I have been told that even though I might be right, I was ten years ahead of my time. My reply was that in my opinion I was ten years too late with many of my points of view. Therefore, if it should be true that I am ten years too early, I see little hope for my country."

Oor die regering en die ANC sê hy onder meer - hy het dit so mooi gesê dat die koerant die Afrikaans in hakies bygegee het: "Die een kan nie weg geskiet word nie en die ander kan nie reggeskiet word nie."

Maar arme Albert het een ligte mistykie gemaak wat wys hoe ongelooflik onkundig ons nasionale leiers soms (soms?) kan wees. Gevra oor gesprekke met die ANC soos laasjaar se Dakar-beraad en die van die rugbymanne, sê Albert dis vir hom duidelik dat die ANC "altyd sy tweedespan instuur vir sy gesprekke met Suid-Afrikaners" (Is die ANC-mense dan nie Suid-Afrikaners nie, Albert?) Schoombee vra hom toe: "Why do you say that? Is Thabo Mbeki, for instance, not a top man there?" Waarop Albert antwoord: "He isn't really."

Nou toe nou. As ons hom mog aanhaal, sou ons vir julle vertel het wat die ANC se Inligtingshoof self daarvan sê. Maar net toe ons "Mbeki" sê, sien ons hoe die Groot S se oë begin blink so ons sal maar liewer nie se nie.

'n Laaste juweeltjie van Albert: "I don't see politics as an ego trip or solo effort. I believe many colleagues in the National Party think the same things." Gaap. Ja, Albert. Soos die Groot P (nie die heel groot P nie), Leon en Roelf en Piet en Sakkie en Peet - nee, ons mag nie oor Peet praat nie. Dit is sub judice.

Deesdae smaak dit vir Brolloks of die hele bleddie land sub judice is.

## KYK HOE LYK LEON NOU!



### Die ridder op die wit perd

Van Leon Wessels gepraat. Die voorlaaste uitgawe van Leadership met David Goldblatt se wonderlike foto's van die 1950's en 1960's het een foto bygehad wat ek glo min mense herken het. Leon Wessels as 'n penkop op 'n wit perd by 'n Verwoerd-stryddag by De Wildt in 1964. Ons kon nie die versoeking weerstaan om die foto hier weer te gee nie. 'Skuus Leon.

Maar as 'n mens so na die jonge Leon kyk en dan weer na hom luister as hy sy hoed van adjunk van Wet en Orde op het, dan wonder 'n mens of sy paar verligte jare nie net 'n romantiese tussenspel was nie.

Rom rom rom, Krugersdorp kom. Keer vir jou wickets, Leon!

# Briewe

**Vrye Weekblad wil graag in hierdie ruimte briewe van sy lesers gebruik. Ons belowe dat ons elke brief sal plaas wat nie die wet oortree of lasterlik is nie. Dit kan selfs 'n lekker gespreksforum word.**

**As iets jou dus pla - of selfs as dit jou nie pla nie - skryf vir ons 'n brief. Oor enigiets. Dit is ook vir die redaksie van Vrye Weekblad belangrik om te weet wat hul lesers dink en glo.**

**Skryf aan:**
**VRYE WEEKBLAD**
**POSBUS 42637**
**FORDSBURG**
**2033.**

# So sê hulle...

"Nothing doth more hurt in a state than that cunning men pass for wise." - Francis Bacon in 1625

"Meer as die meeste ander mense hou ek daarvan om bemin te word. Ek hou daarvan om gewild te wees. Dit is pynlik om die monster in die wit gemeenskap te wees, maar ek weet natuurlik dat ek kan terugval op die liefde en aanvaarding van die swart gemeenskap, en van 'n paar witmense ook." - Aartsbiskop Desmond Tutu in 'n onderhoud met Leadership.

"In die departement is daar net die grootste lof vir die Minister se ondubbelsinnige verbintenis tot die Regering se beleid van hervorming en sy bewese vermoë om die Regering se beleidsrigtings in die praktyk deur te voer." - Kobus Jordaan, direkteur van Staatkundige Ontwikkelingsondersteuning, oor Chris Heunis kort nadat Jordaan sywaarts verskuif is.

"Die kiesers het nie veel van 'n keuse nie. Dit is soos om met 'n vrot appel in die een hand en 'n verlepte piesang in die ander te staan. Mens kies maar die piesang, want daar is ten minste nie wurms in nie." - Amerikaanse politieke kommentator oor hoekom Bush president gaan word.

"There will be press freedom in South Africa one day, and Stoffel Botha will be but a memory of a dark period of our country's history. Let us spare no effort, so that we hasten the coming of that day." - Mansoor Jaffer, organiseerder van die Kaapstadse nuusbrief Grassroots.

"Tot dusver was dit vir my nodig om slegs ten opsigte van twee ander periodieke publikasies soortgelyke bevele uit te reik." - Minister Stoffel Botha vroeër vandeesweek toe hy die Weekly Mail vir drie weke verbied het.

"Hy't 'n hele goddelike dag in Oos-Londen rondgeloop op soek na 'n hark, net om R10 te spaar." - Peet de Pontes getuig by die Harmse-kommissie oor Robbie de Lange, burgemeester van Oos-Londen, se beweerde suinigheid.

"Ek word van weeskante gedruk. So dink hulle. Ek wil vanaand vir u hier sê: ek word nie gedruk nie. Dis nie in my geaardheid om gedruk te word nie. Die mense wat dink hulle druk my, misgis hulle." - P.W. Botha - uit "Vegter en Hervormer - Grepe uit toesprake van P.W. Botha", saamgestel deur J.J.J. Scholtz.

"R4 vir 'n liter melk, R5 400 vir 'n kleurtelevisiestel, R51 000 vir 'n swembad, R500 000 vir 'n vierslaapkamerhuis en R44 vir 'n kilogram biefstuk..." - Berekenings van die NBS oor wat goedere oor tien jaar gaan kos met 'n inflasiekoers van dertien persent.

"As die Afrikaners al die dinge wat hul gedoen het om hulself op te bou, ook vir ons en die hele Suid-Afrika gedoen het, was hul vandag in 'n gemaklike leiersposisie." - Aggrey Klaaste, redakteur van die Sowetan.

# Gesprek met vakbonde kan Wet op Arbeid omseil

Deur Mari Gerber

Kellogs, Springs en SKF van Stellenbosch het met Cosatu-vakbonde ooreengekom om die omseiling van sekere klousules van die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge 1988 te bespreek.

Die bereidwilligheid van sekere werkgewers om so 'n gesprek aan te knoop, dui daarop dat hulle bekommerd is oor die Wet se invloed op arbeidsverhoudinge.

Vroeër vanjaar het Theo Heffer van Premier gesê die Wet kan daartoe lei dat werkgewers en vakbonde saam nuwe riglyne vir arbeidsverhoudinge uitwerk om terugwaartse statutêre maatreëls te omseil.

Rob Childs van SAB het vroeer gemeld dat SAB bereid sal wees om saam met die vakbond Fawu te kyk na maniere waarop die bestaande erkenningsooreenkoms tussen hulle aangepas kan word. Sodoende kan die wetgewing omseil word.

Childs het gewaarsku dat implementering van die wysigingswet kan lei tot bilaterale arbeidsverhoudinge waarby die Staat uitgesluit word.

Die voorgestelde uitkontraktering uit die klousules en die voorwaardes - indien enige - daaraan verbonde sal of as wysigings tot bestaande erkenningsooreen-komste of as afsonderlike maar aanvullende ooreenkomste beding word. Sulke ooreenkomste sal soms vir proeftydperke aange-gaan word.

Wysigings aan die Wet op Arbeidsverhoudinge kan dan vanuit die praktyk voorgestel word.

Die stelsel kan op hierdie wyse tot 'n gesonder en meer positiewe en vreedsame stelsel van arbeidsverhoudinge aanleiding gee.

Dr. Piet van der Merwe, direkteur-generaal Mannekrag, het onlangs by 'n konferensie in Ladysmith gesê dat die Regering masjinerie vir geskilbeslegting tussen werkgewers en werknemers daargestel het, maar dat dit onmoontlik is om arbeidsvrede in wette vas te lê.

Hy het ook gesê dat die handhawing van arbeidsvrede nie primer afhanklik is van 'n regsraamwerk nie. Die gebruik van wetgewing om arbeidsprobleme op te los moet as 'n laaste uitweg beskou word.

# Rentekoerse al hoër; draaipunt nog nie in sig

Deur Wilmien Vermeulen

Die verhoging van die bankkoers tot 14,5% en die verhoging van prima uitleenkoerse van 16% tot 18% gaan 'n bykomende las op die verbruiker plaas, wat duurder vir geleende geld gaan betaal.

Ekonome het gister gesê dat die stap nie onverwags was nie. Die verhoging was basies om die Rand te beskerm deur die uitvloei van kapitaal na hoë oorsese rentekoerse tee te werk. Vir die verbruiker gaan dit beteken dit dat enige vorm van geleende geld, hetsy vir huurkope, oortrokke rekenings, persoonlike lenings, die verbruiker 10% of meer gaan kos.

Alhoewel geldmark-kenners krities staan teenoor die drastiese stap het hulle beklemtoon dat die Rand se daling tot 'n nuwe laagtepunt dié week die verhoging regverdig.

Die Rand het hierdie week sy laagste vlak in tien maande bereik. Maandag het die die Rand teen R4,43 teen die Britse pond verhandel. Dinsdag het die Rand op R2,5058 teen die dollar gedraai. Teenoor die Britse pond was die Rand se waarde 25% laer as in Januarie vanjaar. Teen die Amerikaanse dollar het hy met 29% geval, 20% teen die yen en 13% teen die Duitse mark.

Die kernprobleem met die Rand se waarde bly egter die gevolg van finansiële en ander sanksies wat uitvoere belemmer en die invloei van kapitaal stopgesit het. Dit reflekteer ook die gebrek aan vertroue wat oorsese beleggers in die politieke opset in Suid-Afrika koester.

Kenners sê die huidige maatreëls moet gesien word teen die valse optimisme wat sommige sakeleiers geskep het toe hulle sanksies as 'n stimulant vir die Suid-Afrikaanse ekonomie bestempel het. Die regering se "do your damndest" houding het buitelandse beleggers ook afgeskrif.

Die Reserwebank het egter geen keuse gehad nie. Hulle moes die bankkoers opskuif om die ekonomie ten minste tydelik te onderskraag. Dit sal om die beurt dalende ekonomiese bedrywigheid en persoonlike verarming meebring, het ekonome gewaarsku.

Daar word egter nou wyd bespiegel dat rentekoerse nog lank nie hul boonste draaipunt bereik het nie.

Huisverbandkoerse staan nou ook op 18% en geldmarkbronne voorspel dat huisverbandkoerse reeds in vroeg volgende jaar met nog 1% sal styg.

Bouverenigings het reeds vroeër dié week 'n gemiddelde verhoging van 1% tot 17% in hul verbandkoerse aangekondig.

Maar in finansiële kringe is die verhoogde Reserwebankkoers wat Woensdagaand deur dr Gerhard de Kock, president van die Reserwebank aangekondig is, verwelkom in die hoop dat dit die land se stygende inflasie-koers afwaarts sal druk.

Kenners het gister gesê dat die monetêre beleid lankal moes verstram het om die "hopelose ekspansionistiese fiskale beleid" te rasionaliseer.

Die Standard Bank se Nico Czypionka en Anglo American se Aubrey Dickman beskou die hoër rentekoerse as broodnodig vir die ekonomie.

Vroeër in die week is daar kritiek gelewer op die Reserwebank se swye oor die moontlike verhoging van die bankkoers.

Kritici het gesê die Bank is stil omdat die politici die monetêre beleid van die monetêrebeleid gekaap het. Hulle glo rentekoerse word kunsmatig laag gehou om kiesers te plesier. Polities is dit onvaanvaarbaar om rentekoerse te verhoog, al sou die ekonomiese situasie dit vereis.

Die United se Hans Falkena het vroeër in die week gesê hy weet nie wanneer laas die monetêre beleid so uit pas was met die geldmark nie. Hy het 'n boonste draaipunt van 19% vir die primakoers voorspel.

Maar ondanks die stygende rentekoerse bly die vraag na krediet lewendig. Dit lyk glad nie of die ekonomie aan die afkoel is nie.

By gebrek aan buitelandse lenings kan die land nie 'n tekort op die lopende rekening van sy betalingsbalans bekostig nie. Dit impliseer dat afkoelmaatreëls soos hoër rentekoerse moet volg wanneer die vraag na invoere te sterk is, het ekonome verduidelik.

September se handelsyfers het duidelik getoon dat invoersyfers nog steeds te hoog is. Teen R3,63-miljard is die syfer ongerieflik naby aan die jaar se rekord in Augustus.

Invoere het sterk gebly ten spyte daarvan dat die Minister van Finansies, Barend du Plessis, bobelastings op invoere verhoog het in Augustus.

Toe die verhoogde belasting op invoere aangekondig is, het Du Plessis gesê hy hoop invoere verminder so vinnig dat die staat baie min inkomste uit die belasting kry.

Maar hy het nou onlangs genoem dat die staat soveel geld maak uit die bo-belasting dat dit sal help om die staatsdiens se salaris-verhoging te finansier.

# Swart wolk oor SA ekonomie

Deur Gus Fichardt

Sedert die formalisering van apartheid in 1948, het rasse-aangeleenthede die brandpunt in die politiek geword. Ekonomiese sake is as ondergeskik beskou en toevallig opsy geskuif deur die regering en opposisie.

Die nadeligste twee gevolge hiervan is die feitlike stilstand in ekonomiese groei, en inflasie. Albei was voorspelbaar.

Apartheid het ekonomiese (en ander) sanksies op die swart bevolking toegepas en dus tweederdes van die potensiele mark lamgelê. Die basis van welvaart is die uitbouing van bates; maar die swartman is verbied om eiendom te besit.

Swart entrepreneurs is totaal beperk oor waar en hoe hul sake kon doen. Die lae plafon wat op werknemers geplaas is, het loopbaanontwikkeling erg belemmer en swartmense is oorweldigend tot arbeidslone be-perk.

Dit beteken dat fabrieke, handelaars en produsente hul net kan toespits op 'n derde van die land se markpotensiaal. Die meerderheid, met 'n baie klein koopkrag, het feitlik op die broodlyn bly leef.

Maar die toestand verbeter nou danksy 'n mate van hervorming. Die feit bly egter dat swartmense geslagte lank ekonomies uitgeskakel is en die land se potensiële rykdom daardeur beperk is.

Dit is 'n oorvereenvoudiging om af te lei dat die land se welvaart skielik sal verdubbel as alle rassediskriminasie afgeskaf is. Die agterstand in onderwys, opleiding en die gebrek aan absorpsie in 'n bedryfskultuur moet eers verdwyn -en daarvoor is tyd nodig. Die feit bly egter dat ons 'n grootliks sluimerende mark van dertig miljoen mense het wat nie slegs die verbruikersvraag kan laat opskiet nie, maar self kan bydra tot produksie en dienslewering en die styging van produktiewe bates.

Daar is geen twyfel dat inflasie regstreeks deur staatsoptrede en -beleid veroorsaak word nie. 'n Klassieke oorsaak van inflasie is die skepping van te veel geld en krediet wat te min goedere najaag. 'n Mens kry die indruk dat die Reserwebank se invloed nou heelwat kleiner is. Dit is waarskynlik dat oortollige likiditeit voortaan sterk tot inflasie gaan bydra.

Inflasie word aan die verbruikersprysindeks gemeet en die sogenaamde geadministreerde pryse en koste maak 'n bydrae tot stygings. Vervoertariewe en kommunikasiekoste is voorbeelde.

Die gereelde verduidelikings dat 'n besondere verhoging "laer as die inflasiekoers" is, is as sulks waar, maar die totaal van die soort verhogings maak tesame 'n meetbare verskil aan pryse.

Produktepryse, hoofsaaklik van die landbousektor, word deur die produsente se bemarkingsrade beheer. Sommige rade is konstruktief en promoveer hul produkte, soos wol en sagte vrugte, in mededingende omstandighede.

By ander rade word daar tans meer mark-georienteerd gedink; maar die pryse van die meeste produkte, soos graan, suiwel en selfs sigorei en lusernsaad, het die beskerming van die produsent ten doel. Daar is nie mededinging nie.

Monopolie, prysringe, produksiekartelle en ander vorme van prysooreenkomste deur "mededingers" in 'n bedryf, het 'n sterk invloed en kan tot hoer pryse lei. Die lys van produkte is amper eindeloos en strek van medisyne tot makelaarsfooie, staal, plastiek, boumateriale, graanprodukte, motorbande, verpakkingsmateriale en brandstof.

Prysmanupilasie, wat in die VSA of Duitsland 'n ernstige wetsoortreding is, kom in ons nywerhede voor.

Die groot sake-ondernemings is hoofsaaklik die skuldiges. Hul waarde in die ekonomie word nie ontken nie - hulle verskaf stabiliteit en het die geld en geriewe om groot projekte deur te voer. Maar ter wille van die verbruiker en om bedryfsdinamiek te verseker, moet wanpraktyke in prysbepaling ge-identifiseer en uitgeskakel word.

Die massiewe staatsapparaat het miskien die grootste invloed op die stagnasie in ons welvaart en op inflasie. 'n Groot persentasie van ons bevolking - Afrikaners veral, se mens met met 'n snik - word ruimskoots betaal om geen duit tot produktiwiteit by te dra nie.

Besteding op infrastruktuur en dienste is ongetwyfeld nodig; maar daar is massiewe vermorsing op burokratiese rompslomp en inmenging op terreine waarmee die staat in werklikheid niks te doen het nie.

Dit is een van die swart wolke wat oor ons toekoms hang - min besnoeiing is sigbaar. Daar is ook weinig tekens dat 'n alternatiewe regering enige voorneme het om staatsbesteding en inmenging drasties te besnoei en te beperk. Mens kry die indruk dat hulle baie gemaklik in die regeringsestablishment sal inskuif.

# Vrye Weekblad

## ONS LESERS IS SPESIALE MENSE.

## DIE BESTE MANIER OM HULLE TE BEREIK IS OM OP ONS BLADSYE TE ADVERTEER.

## LOOP SAAM MET ONS OP DIE WENPAD.

### Tariefkaart

| | |
|---|---|
| Standaard-tariewe | |
| Enkel-kolom cm (wit en swart) | R8,50 |
| Volblad (swart en wit) | R2 300 |
| Halfblad (wit en swart) | R1 150 |
| | |
| Kleur | |
| Een spot | R140 |
| Twee spot | R280 |
| Volkleur | R420 |
| | |
| Spesiale posisie | |
| Voorblad Vrydag-tydskrif | +25% |
| | |
| Spesiale tariewe | |
| 4 opeenvolgende plasings | 7,5% af |
| 13 " " | 12,5% af |
| 26 " " | 20% af |
| 52 " " | 25% af |
| 2 plasings per maand * 6 | 10% af |
| 2 plasings per maand * 12 | 20 % af |
| 1 plasing per maand * 6 | 10% af |
| 1 plasing per maand * 12 | 15% af |

Tegniese besonderhede
Standaard poniegrootte (tabloid) van 39 cm diep by 26 cm wyd, 7 kolomme van 3,6 cm elk. (Nie dieselfde as redaksionele kopie nie.)

Spertye
Swart en wit: Laaste bespreking Maandag voor publikasie
Laaste materiaal Dinsdag voor publikasie
Kleur: Laaste bespreking Vrydag voor publikasie
Kansellasies: OP die laatste 12 uur middag Dinsdag voor publikasie.

# Elke keer weer dieselfde ou fossiele

Om darem vir Gary Player, wat drie toernooie vir bejaardes gewen het, as een van die ses te kies en David Frost en Mark McNulty wat onderskeidelik onder die eerste tien in Amerika en Europa is, uit te laat, wil 'n mens laat huil. Frosty is volgens die internasionale ranglys die tiende beste speler ter wêreld.

*

Rugby het gewen. Hierdie holruggeryde stelling is al weer in omloop. Elke keer as 'n paleisrewolusie êrens dreig moet rugby wen en dieselfde fossiele maar weer gekies word. Die laaste rugbybaas wat uit die geledere van die manne gekies was, was Nic Labuschagne van Natal. Jan Pickard en Louis Luyt het sommer van buite kom oorneem.


Dit sal interessant wees om te sien hoeveel van die ou gesigte is volgende jaar weer daar. Steve Strydom is in Bloemfontein op dun ys na sy span se katastrofiese seisoen. In Port Elizabeth kan Lawton Fourie klaar as't ware lessenaar skoonmaak. Koos Vermaak gaan daar oorneem.

Ook Fritz Eloff kan nie te lekker slaap nie. Hy probeer nou al 'n hele klompie jare vir dr. Craven ondermyn. Elke keer kom hy bedroë daarvan af en beweer dan: "Rugby het gewen." In Pretoria word verwag dat hy nou moet besluit of hy Dok wil teenstaan en of hy wil verdwyn.

Ek het net so 'n gevoel dat ons volgende jaar 'n interessante jaar gaan hê.

*

Een sportsoort wat werklik daarop kan aanspraak maak dat hy inflasie geklop het, is gholf. Sommer nou die dag nog kon net die Lexington PGA met 'n prysgeld van meer as R100 000 spog. Vandag is dit die prysgeld vir toernooie in die winterreeks.




LAPPE

LAUBSCHER

op die skoonveld

Net jammer dat die werklike groot sterre soos Nic Faldo, Sandy Lyle en Greg Norman nog nie wil byt om hier te kom speel nie. Daar is egter verstaanbare redes hiervoor.

*

Rebelletoere of nie rebelletoere nie? Die vraag is nog lank nie beantwoord nie. Een groep sê dit is al uitweg. 'n Ander beweer dit is 'n onregverdige omseiling van die sportboikot teen Suid-Afrika.

Wat ook al 'n man se standpunt is, die jongste rebelpoging van atletiek was 'n ontstellende ondervinding. Niemand kan beweer dat die span atlete wat hier aangekom het wêreldgehalte was nie. Die manier waarop hulle egter met ons atlete gemors het, het gewys dat net een of twee van ons marathon-atlete en dalk Myrtel Bothma waardige deelnemers by die Olimpiese Spele sou wees.

*

Opkikkers en stimulante was weer in die nuus. Vir die sportman is daar nog sin in die bohaai, maar vir die buitestander word die geskarrel 'n duistere doolhof.

Ben Johnson word gevang met stimulantspore in sy urine-monster en van die Kanadese kabinet tot die IOK kruisig hom. Pedro Degado word in die Tour de France gevang met 'n stimulant in sy monster en na ingryping van die Spaanse minister van sport jaag hy lustig voort en wen die toer. Jannie van der Berg word op die Rapport-Toer gevang en na 'n boete (wat sy spanmaats betaal!) jaag hy voort.

Maak dit sin? Miskien vir Juan Antonio Sammaranch, baas van die IOK, maar vir die gewone sterfling rym alles nie. Veral die Delgado-voorval stink.

# Sonskynreeks skop af



Fulton Allem

## Gary Player verras almal met besluit om te speel

Deur Lappe Laubscher

Volgende week skop die Sonskynreeks formeel af met die Minolta-kopieerders se uitkloptoernooi by Sun City. Die toernooi het hierdie week 'n onverwagte inspuiting gekry toe Gary Player aangekondig het dat hy gaan speel.


Die aankondiging het die organiseerders ietwat in 'n verleentheid. Player is nie gekeur nie en niemand sal ontken dat die klein mannetjie in swart een van die wêreld se gevaarlikste spelers in 'n uitkloptoernooi is nie. Daar is niks wat hy meer geniet as 'n toernooi waar man teen man speel nie.

Gekeurdes wat vroeg teen hom te staan kom sal weet dat hulle in 'n wedstryd was. Player ken al die truuks om teenstanders te knou voordat die eerste bofhou geslaan is.

Die keurlys vir die toernooi is verdag. John Bland is eerste gekeur met Tony Johnstone tweede en Fulton Allem derde. Dit lyk nie reg nie. Allem is tans verreweg die beste speler, terwyl Johnstone beter as Bland is.

Bland het vanjaar in Europa 'n teleurstellende seisoen beleef. 'n Mens kan net wonder wat die opstellers van die keurlys laat besluit het dat "Mr Machinery" tans die beste speler is.

As die loting reg uitwerk, sien ek uit na 'n eindstryd tussen Allem en Player. Dit kan prettig wees.



Gary Player

## Die Amerikaanse inval gaan voort

Deur Thabo Lennerd

Nog 'n aspek van die Amerikaanse kultuur is besig om wortel te skiet in Suid-Afrikaanse grond. En dit op ons sportvelde.

As jy visies van hamburgers, Country-musiek en kougom kry, ontspan. Dit is bofbal: amateur, nie-rassige bofbal wat die hele gesin laat saamspeel. En daar moet haastig bygevoeg word dat dit nie in 'n Amerikaanse droom bestaan nie.

Die Suid-Afrikaanse Bofbalvereniging (SABV) is in 1978 onder die vaandel van die South African Council on Sport (Sacos) in Kaapstad gestig. Sacos is bekend vir sy onversetlike teenstand teen rassisme. Die Suid-Afrikaanse Rugbyunie wat onlangs saam met Danie Craven en Louis Luyt met die ANC in Harare gesels het, is ook by hulle geaffilieer.

Die president van die SABV in Transvaal, Mark Alexander, het sy steun vir die Harare-inisiatief uitgespreek. Op die oomblik is daar nie soortgelyke eenwordingsplanne in bofbal nie.

'n Paar wit klubs wat behoort aan die "establishment" Suid-Afrikaanse Bofbal Federasie het al vriendskaplike wedstryde teen die Sacos-mense gespeel.

Alexander het hierdie klubs daarna uitgenooi om by die Bofbalvereniging aan te sluit. Hy het Sacos se beginsels in 'n brief uiteengesit.

Net een klub het gereageer. "Dit lyk asof die ouens vir ons skrik. Daar is talle wit en swart spelers wat nie-rassige sport saam met ons speel," sê hy.

Hy bevraagteken die motief agter die wit klubs se oorspronklike belangstelling. "Hulle wou ons vir 'window-dressing' gebruik om goeie borgskappe te kry. Die klubs kon aan maatskappye sê dat hulle aan nie-rassige sport deelneem en maklik geld in die hande kry."

Ironies genoeg het Sacos-bofbal nog nooit probleme met borgskappe gehad nie. Carlton Paper het van die begin af nie-rassige bofbal ondersteun. "Hulle praat nie net nie, hulle doen ook. Ander Sacos-geaffilieerdes sukkel hulle boeglam om geld in die hande te kry." Die rede is hul teenkanting teen apartheid.

"'n Mens kan nie verwag dat die spelers Saterdae op pragstadions in die wit gebiede moet deelneem en die res van die week in die ghetto's moet bly nie," sê Alexander.

Die bofbalseisoen is op die oomblik in volle swang met die inter-provinsiale toernooi om die draai. Kaapse Distrikte sal sy titel verdedig. Die toernooi vind tussen Kersfees en Nuwejaar in Athlone plaas.

Die rede vir bofbal se groei: "Dit is 'n gesonde gesinsport."

# Mnr. Sport sê sy sê oor beoogde raad

**Lappe Laubscher het dié week namens Vrye Weekblad meer oor die beoogde sportraad vir Suid-Afrikaanse sport uitgevind. Daar word reeds lank oor so 'n raad gespekuleer. Hugo Olivier is die voorsitter van die implementeringskomitee wat die raad moet loods.**

Vrye Weekblad: Daar word nou reeds lank gepraat oor 'n sportraad. Hoe vorder julle en wanneer kan daar 'n aankondiging verwag word?

Olivier: Ek weet daar is baie mense wat al ongeduldig raak. Eers was daar die RGN-ondersoek en daarna die loodskomitee se verslag. Al hierdie werksaamhede was waardevolle groeipyne wat afgehandel moes word. Ons gaan op 25 November vanjaar 'n grondwet aan Suid-Afrikaanse sport voorlê. Indien die grondwet aanvaar word, sal lede gewerf moet word. Ons hoop om teen Maart volgende jaar ons stigtingsvergadering te hê. Op 1 April behoort die Konfederasie van Suid-Afrikaanse sport van die grond af te wees.

Vrye Weekblad: Het so 'n koepelorganisasie vir sport werklik 'n bestaansreg?

Olivier: Ja beslis. Soos ander sfere van die volkshuishouding - soos die landbou - en die sakewêreld het sport ook 'n struktuur nodig wat namens hom kan beding. Die bedinging sal na owerheidsvlakke en na die privaatsektor geskied. Ons sal knelpunte moet identifiseer soos 'n gebrek aan fasiliteite in sekere gebiede, en dan gemeenskaplik met die owerheidsinstansies onderhandel om sake reg te stel.

Vrye Weekblad: Jy noem owerheidsvlakke. Het die regering hoegenaamd 'n verpligting teenoor sport?

Olivier: Beslis. Soos dit die staat se plig is om hospitaaldienste, paaie en ander noodsaaklikhede te voorsien is dit ook die staat se plig om te help met die daarstelling van 'n sport-infrastruktuur. Ek praat hier van die staat en nie van die regering van die dag nie. Die staat moet help, maar mag onder geen omstandighede inmeng in die outonomie van sport nie. Die struktuur moet dus nie noodwendig die party wat aan bewind se beleid weerspieël nie.

Vrye Weekblad: Is dit nie 'n bietjie idealisties nie?

Olivier: Beslis nie. Dit werk oral in die wêreld so - van Rusland tot in Amerika.

Vrye Weekblad: Dit lyk nie asof dr. Treurnicht die siening deel nie. Hy het verlede week in Pretoria 'n taamlik drakoniese sportbeleid van die Konserwatiewe Party bekend gemaak.

Olivier: Ek is bly jy gebruik die woord drakonies. Die Konserwatiewe Party sal leer dat sport nie van owerheidskant gereël en gemanipuleer kan word nie. Suid-Afrika se sportmanne het klaar besluit om saam te speel en teen almal te speel. Geen politieke party kan ons nou van koers af bring nie.

Vrye Weekblad: Wat van plaaslike opsies?

Olivier: Daarmee het ek geen probleem nie. As 'n klub sou besluit hy laat net Jode of Grieke toe is dit sy goeie reg. So 'n klub kan egter nie aanspraak maak op finansiële en ander steun van die nuwe liggaam nie. Die liggaam kan hom egter ook nie toemaak nie.



Hugo Olivier

Vrye Weekblad: Voorsien jy dus 'n koepelstruktuur wat apolities gaan wees?

Olivier: Beslis. Ons erken die vryheid van keuse en vryheid van deelname van sportmanne. Niemand kan gedwing word om iets teen sy sin te doen nie. Sport is nie daar om 'n ideologie te propageer nie. Sport is in sy wese regverdig en impliseer dat almal gelyke kanse gebied moet word.

Vrye Weekblad: Afgesien van die bestaande Suid-Afrikaanse Sportfederasie bestaan daar ook Sacos as koepelstruktuur in Suid-Afrikaanse sport. Wat is u houding jeens Sacos?

Olivier: Ek kan nie op die terrein van verskillende nasionale sportliggame beweeg nie. As daar, soos in die geval van rugby, twee liggame bestaan, is dit daardie sport se taak om mekaar te vind en in belang van sport een organisasie te stig. So 'n liggaam sal baie welkom wees om aan te sluit by die Konfederasie van Suid-Afrikaanse sport.

Vrye Weekblad: In die geval van rugby lyk dit asof die ANC 'n groot rol gespeel het om die twee groepe nader aan mekaar te bring. Sou u wou sien dat die ANC as bemiddelaar in ander sportsoorte ook optree?

Olivier: Terwyl u die ANC noem wil ek Sanroc en Sam Ramsammy behandel aangesien dit jou nog vraag sal spaar. Met mnr. Thabo Mbeki en Sam Ramsammy praat ek nie. Nòg die ANC nòg die verteenwoordigers van Sanroc is demokraties deur die mense van Suid-Afrika verkies. In my boekie verteenwoordig hulle niemand nie. Enigiets wat die ANC mag sê of dink is irrelevant. Suid-Afrika se probleme sal hier deur die mense van Suid-Afrika opgelos word.

Sacos is anders. Sy mense is verkose verteenwoordigers en ek sal graag met hulle in gesprek wil tree. Ek mag noem dat ons tans hard daaraan werk om so 'n gesprek moontlik te maak. Om u vraag te beantwoord, nee ek sien geen rol vir die ANC in onderhandelinge met Suid-Afrikaanse sport nie.

Vrye Weekblad: Daar is tog in sekere rugbykringe die hoop dat die onderhandelinge juis die deure kan oopmaak vir 'n terugkeer na die internasionale arena.

Olivier: Dit is 'n ydele droom. Ek weet van talle sportbase wat bereid is om teen Suid-Afrika te kom speel. Die probleem is net dat regerings hul eenvoudig nie toelaat nie. Die ANC sal baie aanmatigend wees as hy dink dat hy 'n regering soos dié van Frankryk in 'n nuwe koers sal kan dwing.

# S-Afrika se tennis uitgeskop?

**Deur Thabo Lennerd**

Dit lyk asof die Suid-Afrikaanse Tennisunie (SATU) se dae as lid van die Internasionale Tennisfederasie (ITF) getel is. Met tennis nou ook deel van die Olimpiese Spele, is die ITF onder ernstige druk van die Internasionale Olimpiese Komitee om Suid-Afrika uit te skop.

Dit blyk uit die ITF-nuusbrief van Augustus, wat verslag doen oor die jaarvergadering van die ITF wat in Julie gehou is.

Onder leiding van die Skandinawiese lande word gepoog om die Suid-Afrikaanse Super-Reekstoernooi volgende jaar van die Grand Prix-kalender geskrap te kry.

Ook gaan die SA kampioenskap waarskynlik verwyder word van die lys van toernooie wat amptelik deur die ITF erken word.

Suid-Afrika kan geruime tyd al nie aan die Davisbeker, die Federasiebeker en die Wêreld-jeugbeker deelneem nie.

Die nie-rassige Tennisvereniging van Suid-Afrika (TASA) steun pogings om SATU te isoleer.

Colin Clarke, sekretaris van die Sacos-geaffilieerde TASA, sê Suid-Afrika kan nie verwag om tot die internasionale tennisgemeenskap toegelaat word tensy daar een tennisliggaam in die land is nie.

Of so 'n liggaam binne die afsienbare toekoms die lig sal sien, weet hy nie. Tennis in Suid-Afrika het 'n onstuimige verlede. In 1978 het die ITF 'n kommissie van ondersoek aangestel om ondersoek te kom instel na die samesmelting van tennisliggame in Suid-Afrika.

Die kommissie, onder voorsitterskap van die huidige president van die ITF, Philipe Chatrier, het die land deurreis en al drie tennisliggame in Johannesburg ontmoet.

Die swart liggaam en die kleurling-Indiërliggaam het voorgestel dat almal ontbind en een nie-rassige organisasie vorm. SATU was nie hiervoor te vinde nie.

TASA het twee onsuksesvolle pogings aangewend om tot die ITF toegelaat te word. SATU se vriende het op albei geleenthede teen hul aansoeke gestem.

Volgens die internasionale sportboikot is TASA nie veronderstel om oorsee deel te neem nie. Volgens Clarke het hul aansoek gedoen om op hoogte te bly van internasionale tennis, en om goeie afrigting te kry.

# Kies Ses verower wedders

**Deur Equus, 'n kenner van wedrensake wat wedrengangers voortaan op hoogte sal hou met wedrennuus en wenwenke.**

Vroeër dae het die mense gereeld gewaarsku dat trou nie perdekoop is nie. Vandag het die storie baie verander. Om perde te koop en perde te speel het baie duur geword. Maar dit is ook 'n manier waarop die gewone wedder die spreekwoordelike pot goud by die reënboog se punt kan bekom.

Deesdae is die groot belangstelling in die wedrenwêreld en die wedsoort wat die geld laat inrol, die Kies Ses, wat in 'n relatief kort rukkie gegroei het tot een van die gewildste weddenskappe in die land. 'n Paar dae gelede het die omset op die Transvaalse Kies Ses juis weer die R1 miljoen oorskry.

Vrye Weekblad sal voortaan gereeld met vuurwarm wenke wedders help om moontlik in die Kies Ses 'n slag te slaan. Terselfdertyd sal wenke ook verskaf word oor die Boerpot, wat reeds as een van die groot geldmakers gevestig is.

Saterdag sal alle oë gevestig wees op die Germiston November Handicap oor 1 600 meter met die reuse prysgeld van R250 000 wat op Gosforth Park beslis word. Die hoofwedren maak deel uit van die Kies Ses sowel as die Boerpot.

'n Vroeë gunsteling wat hier kan seëvier is die puik vierjarige merrievul Mill Hill wat al getoon het dat sy die beste van haar geslag in die land kan kafloop. Dié keer durf sy die groot kanonne aan, maar met slegs die minimum-gewig van 48 kg op haar rug sal sy moeilik gestuit word. Die merrie het juis haar voorlaaste wedren oor die afstand van 1 600 meter speel-speel gewen.

As versigtige wedders Mill Hill nie as anker wil oorweeg nie, kan die vyfjarige hings I Try bygevoeg word. Die perd wat deur die Nataller Alistair Gordon afgerig word, het vroeër vanjaar gewys waartoe hy in staat is deur vier agtereenvolgende wedrenne te wen. Hy keer nou terug na die wedrenbaan na 'n kort ruskans en as hy op sy beste is kan hy 'n groot gevaar vir Mill Hill inhou.

Ander deelnemers wat in die November Handicap dopgehou moet word, is Enforce met die bedrewe Basil Marcus in die saal, en Michael Roberts se Cloud High wat laas netnet deur Bucket Shop geklop is. Hennie Vermaak wat die perd goed ken, is weer in die saal.

In die eerste been van die Kies Ses troon drie perde uit, naamlik Penance, Sharpy en Toastmistress. Eersgenoemde het 'n paar weke gelede met haar debuutlopie 'n belowende derde plek uitgeloop. Sy kan net verbeter hierop.

In die tweede been wat terselfdertyd die eerste been van die Boerpot is, lyk dit of sake uitgespook sal word tussen Melt Down, Buffangel, en Sun Rock. Laasgenoemde is reeds sewe jaar oud maar die reun het onlangs getoon dat hy nog lus is vir hardloop toe hy feitlik deurentyd op Germiston die pas aangegee het en slegs teen die einde deur Forceful verbygesteek is.

Shacked Up, die sesjarige reun wat in die sesde wedren hardloop, moet as sterk aanspraakmaker op die eerste plek beskou word. Die perd eindig gereeld onder die voorstes en na sy puik tweede plek agter Treasure Cove lyk hy na die een om te troef.

In die agtste wedren sal die meeste geld verwed word op die vierjarige reun Dandy Man. Die bekwame jokkieskap van Jeffrey Lloyd kan moontlik hier die deurslag gee. Die perd dra 2kg swaarder as Xeros en daar is nie veel te kies tussen die twee as die gewigte in aanmerking geneem word nie. Dandy Man kan moontlik netnet die beste daarvan afkom.

In die laaste been van die Kies Ses lyk dit na 'n groot tweestryd tussen Bally Green en Gentleman. Eersgenoemde het al in sterker geselskap gehardloop en baie belofte getoon maar Gentleman wat 'n jaar ouer is, het eers onlangs 'n Maiden Plate gewen - maar dit heel indrukwekkend gedoen deur Forty Second Street met meer as ses lengtes te klop.

Om op te som: Dit lyk na 'n moeilike Kies Ses en Boerpot waarin ankers maar skaars is. Vir wedders wat wil waag word die volgende potte aanbeveel:

Kies Ses: R72

Eerste been: Penance (10), Sharpy (12), Toastmistress (14).

Tweede been: Melt Down (3), Buffangel (5) en Sun Rock (14).

Derde Been: Shacked Up (2), Lord De Gray (5).

Vierde been: Mill Hill (16), I Try (14).

Vyfde been: Dandy Man (1), Xeros (3).

Sesde been: Ballygreen (5), Gentleman (8).

Boerpot: R9

Eerste been: Melt Down (3), Sun Rock (14).

Tweede Been: Shacked Up (2), Lord De Gray (5) en Imperial Silver (8).

Derde been: Mill Hill (16).

Vierde been: Dandy Man (1), Xeros (3) en Northern Singer (12).

Vrye Weekblad

# SPORT

# Versoening of breuk in Rugbyraad?

Die vergadering van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad Donderdag in Kaapstad is die belangrikste vergadering in die 99 jaar van die Raad se bestaan.

Oor die afgelope vyf jaar het 'n steeds groter wordende kloof ontstaan tussen dr. Danie Craven en sy vise-president, prof. Fritz Eloff. Telkens is die troebel waters "in belang van rugby" gekalmeer.

Dié keer is dit anders. As Craven ná Donderdag nog president van die Rugbyraad is, sal dit beteken dat Eloff finaal die knie gebuig het. Die Leeu van die Noorde sal dan waarskynlik ook in Noord-Transvaal aan die einde van sy pad kom.


Is Eloff egter die nuwe president aan die einde van die konfrontasie, sal niks dr. Louis Luyt keer om 'n wegbreekgroep te stig en beroepsrugby in Suid-Afrika te begin nie.

Die uitvoerende bestuur van die Raad is in dié stadium in twee kampe verdeel. Aan die een kant is Craven, Luyt, dr. Nic Labuschagne en waarskynlik Jan Pickard. Aan die ander kant is daar Eloff, Steve Strydom en Ronnie Bauser. In die middel is daar Lawton Fourie en prof. Johan Claassen.


Craven, Luyt en Labuschagne dink in beginsel dieselfde. Pickard verskil waarskynlik van Craven oor die besoek aan Harare, maar hy is ongelooflik lojaal teenoor Dok Craven en sal waarskynlik nie bereid wees om sy kop te eis nie.

In rugbykringe word Strydom as 'n ietwat lagwekkende agterryer van Eloff beskou. Hy juig en ondersteun sy baas, maar swig wanneer hy van aangesig tot aangesig met Craven

**Dr. Danie Craven se besoek aan die ANC in Harare maak steeds opslae. Volgende week word die aangeleentheid op die vergadering van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad in Kaapstad bespreek. Vrye Weekblad se sportredaksie het die agtergrond en die gevolge van die Harare-besoek in diepte ondersoek.**



Craven



Luyt

kom.

Lawton Fourie het aan die einde van sy pad in rugby-administrasie gekom. Hy sal waarskynlik volgende jaar deur prof. Koos Vermaak as president van die Oostelike Provinsie vervang word. In hierdie stadium lyk hy nie na 'n faktor nie.

Johan Claassen se posisie is moeilik. Dit is bekend dat Craven hom as sy opvolger wil sien. As hy sy rug op Craven draai, en Dok wen die stryd, sal dit die einde van sy pad beteken. Sou hy Eloff steun en dié wen, sou dit beteken dat hy agter Eloff in die tou moet inval.

Uit 'n persoonlike oogpunt het hy nie 'n keuse as om Craven te steun nie. Sulke steun sal egter nie sy posisie op Potchefstroom versterk nie.

Dit is duidelik dat Donderdag se vergadering finale uitsluitsel gaan gee oor die toekoms van Suid-Afrikaanse rugby.

Die stryd agter die skerms tussen Dok en Eloff is nou reeds etlike jare aan die broei. Vroeër vanjaar het Eloff vir Craven openlik uitgedaag toe Noord-Transvaal se span op Republiekdag met 'n Republiekvlag op die bors op Loftus Versveld gespeel het.

Craven het botweg geweier dat die Res van Suid-Afrika dit doen. Die versoek dat die vlag gedra word, het van FAK-baas Hendrik Sloet gekom.


Craven het dit as 'n Broederbondversoek beskou en viervoet vasgesteek. Sedertdien behandel Craven vir Eloff met minagting en ken hom in geen saak oor die Raad se besluite nie. Hy beskou Eloff as 'n Broederbond-spioen in rugbykringe.

Die toetrede van minister FW de Klerk tot die debat kompliseer sake verder. Indien die raad Eloff steun, kan dit nie net as 'n oorwinning vir Eloff nie, maar maar ook vir die Nasionale Party beskou. Dit sal Suid-Afrikaanse rugby waarskynlik vir die volgende dekade in 'n internasionale woestyn laat.

Wen Craven, sal dit die posisie van De Klerk moeilik maak. Hy het reeds met regeringstappe teen die Raad gedreig indien dit gebeur. Hy sal dan waarskynlik sy dreigement moet uitvoer.

Die kans is goed dat die Raad gaan probeer om met 'n kompromie-voorstel almal tevrede te stel. In 'n verklaring sal Craven waarskynlik geloof word vir sy sterk standpunt in Harare teen ANC-geweld, dank sal betuig word aan Dok vir sy volgehoue pogings om Suid-Afrika in internasionale rugby te hou, en dan sal skakeling met nie-rugby-organisasies in 'n versigtig bewoorde laaste gedeelte afgekeur word.

Dok sal waarskynlik bereid wees om so 'n voorstel te steun. As Eloff dit steun, beteken dit hy het verloor. Steun hy dit nie, sal hy waarskynlik as vise-president bedank en hoop De Klerk kom tot sy redding.



De Klerk

## Het die Kabinet geweet?

WAS Dr. Craven onder die indruk dat daar goedkeuring op kabinetvlak bestaan vir rugby se skakeling met die ANC?

Die moontlikheid het sterk na vore gekom tóe Craven minister FW de Klerk se toespraak op Lichtenburg vergelyk het met dr. HF Verwoerd se berugte Loskopdam-toespraak van 1965.

In 1965 het minister Jan de klerk, toevallig FW de Klerk se pa, aan Craven goedkeuring gegee om in Nieu-Seeland nie aan Nieu-Seeland sou voorskryf hoe om sy span te kies wat in 1967 in Suid-Afrika sou toer nie.

**Nek omgedraai**

Toe Craven die boodskap in Nieu-Seeland oordra, is daar in Nieu-Seeland afgelei dat Maori's nou welkom sou wees. Dr. Verwoerd het die moontlikheid onmiddellik in sy veelbesproke toespraak by Loskopdam die nek omgedraai.

Baie sportkenners beskou Verwoerd se Loskopdamtoespraak sa die dag waarop Suid-Frika se sportisolasie begin het.

Dit het Suid-Afrikaanse sport en politiek onafskeidbaar van mekaar gemaak.

Vandag word in sportkringe gesê dat waar Suid-Afrika eens vir die wêreld wou voorskryf hoe hy sy spanne moet kies, hulle nou dieselfde aan ons doen.

Dit is bekend dat dr. Louis Luyt in private gesprekke laat blyk het dat hy minstens twee kabinetslede se toestemming gehad het vir die besoek aan Harare. Die name wat genoem word is die van ministers Pik Botha en Magnus Malan.

In regeringskringe word ten sterkste ontken dat enige lid van die kabinet sulke toestemming gegee het. Die vraag is nou of Luyt vir Craven onder die indruk gebring het dat toestemming wel bestaan.

Dit sou verduidelik hoekom Craven Loskopdam aan Lichtenburg wil koppel. President PW Botha het tot dusver sulke besoeke konsekwent afgekeur.

## BINNE

* Onderhoud met Hugo Olivier bl.15

* Lappe Laubscher se sport rubriek bl. 14

## Opperman se rol

Die man agter dr. Craven se besoek aan die ANC was Rudolf Opperman, uittredende president van die SA Nasionale Olimpiese Komitee.

Vrye Weekblad kan nou onthul dat Opperman reeds voor die Dakar-beraad verlede jaar vir Tommy Bedford probeer skakel het om kontak met sportleiers in Afrika deur die ANC te probeer bewerkstellig.

Na Bedford se terugkeer uit Dakar het Opperman verskeie kere met Bedford gepraat en ook 'n vergadering gereël waar Bedford saam met Joe Pamensky van krieket, Hugo Olivier van gimnastiek en Craven opvolgaksies ondersoek het.

Toe Bedford laat weet het dat hy wel kontak kon bewerkstellig, het Opperman koue voete gekry en kop uitgetrek. Pamensky was uit die staanspoor teen sulke kontak gekant, terwyl Hugo Olivier ook nie sterk genoeg oor Opperman se inisiatief gevoel het nie.

Opperman se optrede was die verrassendste van almal. Hoewel hy uit die staanspoor oor die vordering ingelig is, het hy die oomblik toe dit aan die lig kom dat rugby kontak met die ANC bewerkstellig het, dadelik 'n teleks aan die Minister van Nasionale Opvoeding gestuur waarin hy sy afkeur uitgespreek het.

PRINTED BY HENDLERS PRINTERS (PTY) LTD

# Uys en die Vetkoek-koningin

- Ons Eerste Oscar ?
- Self-kritiek in die teater
- Fouette en glasnost
- Gerrit Olivier oor Veldheer Malan
- Hier kom Wit Mambazo








# VryDag!

BINNE
- Volledige TV-gids
- Ete en drinke
- Moskou

# KLUGPUNTE

Saamgestel deur
CHRIS DU PLESSIS

**Om van die slaggate wat saam met 'n eerste uitgawe kom toe te stop, word 'n gedeelte van Klugpunte die week afgestaan aan skaamtelose skinner onder die banier Twyfelagtige Toekennings. Lees en ween saam.**



*Ringo van Peto*

## Peto se debuut eindelik hier

**KHAYA - waar die hart is**
**Peto**

Na maande en maande se gesukkel is die lank verwagte Peto-debuutplaat nou uiteindelik vrygestel.

Die groep se unieke mbaqanga-mengsel sou al in Maart verskyn het.

Maar Peto ("vriend" in die nuwe township fly-taal) moes eers allerhande gedaantewisselings oorkom.

'n Ontydige leemte in hulle horing-seksie en irriterende beloftes van internasionale kontrakte wat nooit werklikheid geword het nie, het sake in die wiele gery.

Peto wat in 1985 die Shell Road to Fame wenners was en verlede maand die Harvest Music Personality-toekenning ontvang het in die mees belowende nuweling-kategorie, speel 'n verfrissende Crossovermengsel wat oor feitlik die hele spektrum van townshipmusiek strek.

Chris Tokalon is weer op saxofoon, terwyl Ringo Madlingozi nou reeds ontpop het as 'n sanger van die hoogste formaat.

Hoewel die meeste komposisies 'n jazz-mbaqanga-basis het, is daar ook die reggaegebaseerde Rocking Situation en die uiters dansbare jive-snit African Salad.

Iets vir almal basies.

Dankie.



*McFerrin - sing en slaap op die eienaardigste plekke*

### Musiek-schnitzels

**Simple Pleasures: Bobby McFerrin**

Net toe mens dink dis weer veilig om te begin kla hoe vervelig die musiekwereld is, kom dryf ene Bobby McFerrin in die internasionale amateur musiekkritici se drinkwater.

Om McFerrin 'n sanger te noem is soos om te sê die Pous is gelowig.

Want behalwe vir sy gewone sang boots Bobby basies Alles met sy eie stembande (en 'n bietjie hulp van moderne tegnologie) na - kitaar, baskitaar, ritmekitaar, perkussie, klawerbordklanke, kore ens.

Hiervoor gebruik hy sy lyf as instrument - klap sy wange, tik sy bors met sy duime, klop sy keel met sy handpalms...'n ware bedreiging vir die "stand-up" komedie-tradisisie. Suid Afrikaners is al bloot-gestel aan die kortspeler Be Happy. Maar die volwaardige eenman-stemorkes se nuwe langspeler, Simple Pleasures, is onlangs op die rakke geplaas, en is net soos die titel aandui.

Dit is ook hoe Bobby is. Hy staan vroeg op, eet brekvis, lees 'n boek, vat die kinders skool toe, glimlag baie...daai soort van goed. Ongekompliseerd.

Dit word ook in sy werk weerspieël. Hy maak dit vir luisteraars irriterend moeilik om nie ten minste 'n bietjie te glimlag nie.

Verwag onuitspattige verwerkings van 'n paar antieke maar tydlose deuntjies op Simple Pleasures, soos die Rascals se Good Lovin', die Beatles se Drive My Car, Cream se Sunshine of Your Love en Suzie Q. Daar is ook "komposisies" van McFerrin self.

'n Veilige koop en 'n moet vir die wat verslaaf is aan Iets Nuuts.

## Oor Teddies en Beertjies

Die Spectres is 'n groep Johannesburgers wat hulle met waardigheid aan sosiale druk afvee. Onbei"ndruk deur die plaaslike etniese lawaaiwa of desperate Britse neo-Gotiek (ignoreer die Vamperella-agtige logo), is hulle ernstig gerig op gewone ou Plesier.

'n Klompie eksemplare van hulle kortspeler, Teddy Bear, wat tensieus, verfrissend onernstig, voldoende dansbaar en totaal onsimpel. 'n Veilige koop, al is dit net vir die oulike beertjies op die omslag. Whahooha!

## Twyfelagtige Toekennings

**Self-geselaar van die eeu: Peter Feldman met Video Games**

Almal maak ten minste één ongoddelike blaps in hulle lewens. Iets wat altyd, selfs tydens hul beste oomblikke, aan hul bly knaag.

Op die manier sal Johannesburg se musiek-kritikus Peter Feldmuis...demmit! Feldman, homself seker nooit vergewe vir sy debuutopname Video Games nie.

Die kortspeler, onder die Pete's Prowlers-banier, is onlangs deur RPM uitgereik.

Met die hulp van Mark Holland het arme Peter vorendag gekom met 'n aaklige dub/rap/rock pop-poging wat goeie nuus mag wees vir musiek-masochiste, maar...

Peter (wat self 'n rap of wat gee op die plaat) se doel is om sy eksklusiewe kennis van moderne tegnologie aan die wye we^reld bekend te stel.

Hy het egter ook 'n morele boodskap. Hy voer kinders die gewone Amerikaanse nonsens van Let's Win!, maar hy het ook raad vir ons land se moeders: "Keep the children off the street/ Let them hear the Video-beat."

Wat hy klaarblyklik nie in ag neem nie is dat die meeste kinders juis in ons land se Video-arkades vergader om dagga en ander vreemde dinge te koop. Die vraag is: Kan mens Feldman, wat 'n groot invloed op kinders se musieksmaak en sosiale gewoontes op die Witwatersrand uitoefen, daarmee vertrou?

**Aanhaling van die week:**
**Sanger/filosoof/hondeliefhebber Rozanne Botha (uit haar weeklikse rubriek in Beeld):** "Terwyl ek besig is met my hare, lê my hondjie, Oubaas, in die kamer by my. Hy weet gewoonlik as daar 'n afskeid in die lug is".


Sy kry ook tweede prys vir dié juweeltjie: "Ons Afrikaners is oor die algemeen liefdevol. Ons soen mekaar sommer op die mond..."

**Sosiale selfmoord (maar nietemin waaghalsige) kommentaar - 1ste prys:**
**Robin Hawkins van die Kaapstadse groep Artvark met 'n onderhoud in Blits:** "We went to play the same anti-military stuff at an ECC party. It was like playing to blobs. They sat there and no one responded to anything, they were so busy being cool, and Left, that they actually forgot to think Left. Left is more than you wear."

**Vrye Persoonlikheid van die Jaar:**
**Hoog aangeskrewe TV-aanbieder, Heidi van Gras eh...Gass.** Gerugte dat die SAUK haar huidige program se naam van Zet! na Zol! wou verander - pleks daarvan om haar na 'n ander program te verskuif - is totaal onwaar.

Sy word gekies as die Vrye Persoonlikheid Van die Maand omdat sy aan 'n hele volk bewys het dat waar daar 'n rokie is, daar nie noodwendig 'n vuurtjie is nie.


Wat wel waar is, is dat Sonja Heroldt een van die mense is wat in aanmerking geneem word as aanbieder van Z. (Ons dagga belangstelling lê by musiek).



### GBB - Ry...

Johannes Kerkorrel van die GBB (Gereformeerde Blues Band) is hier deur fotograaf Steve Hilton-Barber met 'n geroeste implement tussen sy bene gevang. Die GBB sê hulle wil Afrikaans weer laat rock. Ons dag ons was nog altyd ... Rocks, ek bedoel.

"Afrikanargie" het nou so "populêr" geword dat Kerkorrel al belaglike voorstelle om met Fanus Rautenbach te gesels van die hand begin wys. Die GBB is een van die groepe wat op die lank verwagte saamgestelde Afrikaanse plaat van Shifty opgeneem is. Die plaat sal teen die einde van November onder die Voëlvry-banier verskyn. Die kortspeler, Ry (oor 'n kleindorpse knapie wat wil wegbreek na Mainstay), is reeds op die rakke.



Xau gebruik tradisionele Boesman-metodes om dr. Stephen Marshall (Hans Strydom) te red.

# Almal wag vir Gods II

**Deur At Kotzenberg**

SUID-AFRIKA gaan dalk langer vir sy eerste Oscar-toekenning wag as wat aanvanklik beplan is. Gods Must Be Crazy II, die opvolger van die trefferprent wat die wêreld gaande gehad het, is na byna vyf jaar se beplanning en filmwerk nog nie klaar nie.

Regisseur Jamie Uys en sy span van ses werk nou van vieruur elke oggend tot negeuur elke aand om die rolprent klaar te kry. 'n Amerikaanse filmredigeerder is al 'n slag hierheen gebring om Uys te help, maar is weer terug Amerika toe.

"Ons hoop om in Desember die rolprent in Amerika vry te stel en teen Maart in Europa," het Uys verlede week aan Vrye Weekblad gesê. Ster Kinekor het reeds die prent op hulle lys van rolprente vir Maart geplaas.

Jamie, wat bekend is vir sy noukeurigheid, wil hê die film moet perfek wees voor dit vrygestel word. "Ek vat maar bietjie langer as die meeste ander," het hy gesê. Ander spanne beskik oor sowat 30 mense, maar Jamie verkies om met 'n klein betroubare span te werk.

Die wêreldpremière van Gods II sou aanvanklik in Augustus in New York plaasvind en kort daarna in Tokio en Wes-Berlyn. Jamie en sy span is nou besig met die finale meng en klankbaan-regie.

Gods II beloof om 'n nog groter treffer en geldmaker vir vervaardiger Boet Troskie te wees. Troskie, eienaar van Mimosa-films, het verskeie maatskappye in Amerika wat voltyds rolprente vervaardig en versprei. Hy is 'n multi-miljoenêr.

Dit is bekend dat hy Gods II as so 'n goeie produk beskou dat dit 'n eerste Oscar vir Suid Afrika kan losslaan.

Jamie voel minder seker: "Ek weet nie of dit 'n Oscar gaan kry nie, maar ons wil teen September in Amerika open is sodat dit vir 'n Oscar in aanmerking kan kom."

Gods I het R300 miljoen wêreldwyd verdien, is in 45 tale vertaal, en word steeds vertoon. In Japan het dit kultusstatus verwerf en die buitelandse rolprent geword wat die meeste geld verdien.

Dit is in Amerika op video en kabel-TV geplaas. Die Amerikaner Charles Fox, wat die musiek-regie vir films soos 9 to 5 gedoen het, is verantwoordelik vir Gods II se klankbaan.

Sandra Prinsloo en Marius Weyers, wat die rolle van die verliefde paartjie in Gods I vertolk het, is in Gods II deur Hans Strydom en Lena Ferugia vervang. Maar die karakter waarom die storie draai, die Boesman N!xai, wat oornag 'n ster geword het, sal weer die hoofrol in die film vertolk. Hy is op die oomblik in die Kalahari.

# 'Vetkoekkoningin' 'n ster in Uys se Panorama

**Deur Andrew Donaldson**

RALPH LAWSON, die regisseur van Pieter Dirk Uys se Panorama, 'n drama oor Robbeneiland wat volgende week (9 November) in die Nico Malan begin, het met die hande in die hare gesit.

Wie sou die rol vertolk van die ingeperkte Sibi, wat toegelaat word om haar siek vader op die Eiland om menslike redes te besoek?

Aanvanklik sou die rol gespeel word deur die aktrise Thoko Ntshinga, wat opgetree het in die oorspronklike produksie van "Panorama" by die Grahamstadse Fees, waar dit goed deur die kritici ontvang is. Sy moes egter terug Engeland toe om heropnames vir 'n film te maak.

Ter elfder ure is daar geskarrel vir 'n plaasvervanger, maar daar was niemand nie: dis baie moeilik om swartmense te oortuig om in die Nico Malan op te tree.

Aspirant-aktrises is toe in 'n koerantadvertensie na oudisies genooi.

Lawson se probleem is onverwags opgelos deur Lulu Galo, a restaurateur en Langa se "vetkoekkoningin", soos sy haarself noem.

Toe hy met Galo oor die foon praat, kom hy agter haar stem het baie min skaafwerk nodig.

Hy vra toe of sy weet watter soort rol sy moet speel?

Ja a, sê sy, sy het die stuk al gesien. In Londen, toe sy daar met vakansie was.

En kan sy die volgende dag vir hom kom lees? Al te seker.

Sy het Lawson sterk beïndruk. "Vir haar kom dit vanself," sê hy. "Ons het nog net 'n paar dae lank geoefen, maar sy het reeds nuttige voorstelle gedoen. Sy het die stuk al gesien en ek nie."

Hoewel sy senuagtig is, is Galo vol vertroue vir die openingsaand.

Sy sal op die verhoog verskyn saam met Bo Petersen en Marion Holm, wat die rol speel van onderwyseresse wat op die Eiland vir blanke kinders skool hou. Peter Krummeck speel die rol speel van 'n grillerige, manupilerende tronkbeampte.

En terwyl die gehore aan Galo se lippe hang, hoef haar vetkoekvriende nie bang te wees nie: Lu's Corner Restaurant in Langa sal oop wees, onder bestuur van haar wederhelf.

Panorama, wat aangebied word deur Basil Rubin, se speelvak is van 9 November tot 3 Desember.

# En hier kom Shabalala se "Wit" Mambazo!

Joseph Shabalala, die leier van Ladysmith Black Mambazo, het onlangs die stigting van 'n nuwe sanggroep aangekondig: Mshengu White Mamabazo.

Shabalala, wie se groep vroeër vanjaar die eerste Suid-Afrikaners geword wat 'n Grammy-toekenning (die musiekwêreld se Oscar) ontvang, se aankondiging is nie net nog 'n promosie nie: ses van sy seuns is lede van White Mambazo.

Die jong groep se debuutlangspeler Okumhlope is vandeesweek deur Gallo GRC vrygestel.

Die naam het ontstaan toe lede van Black Mambazo een aand sit en skerts het dat hulle binnekort grys gaan word omdat hul hul koppe so gereeld skeer en dat mense hulle White Mambazo sal noem.

Die naam is genoem vir Nkosinathi, Joseph se seun, wat al sedert 1980 deur sy pa aangespoor is om sy eie groep saam met sy broers te vorm,

Nkosinathi sing eerste stem soos sy pa. Sy vyf broers is Msizi (tenoor), Phumlani (bas), Thulani (bas), Sibogiseni (bas) en Thamsanqa (alt).

Ander lede is Myekeni Bhengu (alt), Zenzeleni Mlangeni (bas), Thokonzani Dludla (bas), Themba Hadebe (bas) en Bheki Shange (bas).

Die lede is almal familie.

Ladysmith Black Mambazo het 16 jaar lank in Suid Afrika op die swart musiekmark hoogty gevier met 25 langspelers wat byna almal goue plate was.

Omdat "wit" en "swart" musiek op aparte radiostasies gespeel word, is baie Suid-Afrikaners nie aan die strominge van township-musiek blootgestel nie.

Baie het vir die eerste keer van Black Mambazo gehoor nadat Paul Simon hulle gevra het om saam met hom die wêreldwye Graceland-toer mee te maak. Hulle het daarna 'n Grammmy gekry vir hul langspeler Shaka Zulu.

Die musiek van Ladysmith Black Mambazo ('scatamiya) het sy oorsprong in die Wesleyaanse koorsang wat deur Britse sendelinge in die vorige eeu na Suid-Afrika gebring is.

Dit het as mbube - "leeu" - bekend gestaan nadat The Lion Sleeps Tonight 'n wêreldtreffer geword het.

Die oorspronklike deuntjie het as Wimoweh bekend gestaan, en is deur Solomon Linda geskryf. -

**Chris du Plessis.**

# 'n Liefdesverhaal wat ontroer

Deur POEN CILLIERS

PRAAT jy van 'n liefdesverhaal is daar siniese mense wat reageer met "romanties" of "sentimenteel". Dikwels is hulle reg, maar af en toe kom daar 'n liefdesverhaal wat jou laat besef die vorm is nie uitgedien nie. Frankie and Johnny at the Clair de Lune is een van daardie liefdesverhale wat ontroer omdat elke oomblkik eg aandoen.

Frankie (Jana Cilliers) en Johnny (Bill Flynn) is twee ongevalle van die lewe en die liefde. Hulle het afgestomp en sinies geraak. Die weerloosheid van ware kommunikasie lê weggesteek onder ou wonde. Hulle beland saam in die bed nadat hulle mekaar lank by die werk dopgehou het. Sy is 'n kelnerin en hy 'n kok. Wanneer die laaste sidderinge van hartstog bedaar het, verwag Frankie van Johnny om te loop. Sy het hom egter dieper as sy liggaam geraak.


Hy wil bly, maar sy sit haar tee. Hy kry dit reg om haar aan die praat te kry. Hulle praat spitsvondig oor oppervlakkighede, maar diep ook hartsgeheime op, waar dié diep weggesteek is. Hulle leer van mekaar se drome en deel betekenisvolle oomblikke uit hulle verlede. Saam ontdek hulle dat hulle ontmoeting moontlik die laaste genade is, die finale geleentheid om iemand te vind in 'n wêreld sonder verwondering en liefde.

Hierdie produksie van Terrence McNally se Frankie and Johnny is 'n puik georkestreerde stuk werk. Die maanskyn buite en die klassieke musiek op die radio, veral Debussey se Clair de Lune is 'n effektiewe kontrapunt vir die banaliteit waaraan die karakters hulself soms skuldig maak. Die stuk is so aangrypend dat iets geestelik en betekenisvol ontstaan uit wat 'n vinnige knippie in die donker moes gewees het.

Die akteurs speel briljant. Bill Flynn, wat soms sy talent verydel deur in kommersiële strooi op te tree, speel hierin met die soort toegewydheid en energie wat sy uiters moeilike vertolkings in Hello and Goodbye en Saturday Night at the Palace gekenmerk het.

Jana Cilliers se Frankie is 'n komplekse karakter wie se onsekerheid haar dikwels geslote hou. Sy is egter 'n fyn aktrise wat die kraan bietjie vir bietjie oop draai. 'n Mens het Jana Cilliers nog nooit so vloeiend en ontspanne op die verhoog gesien nie. Vir haar is Frankie 'n triomf.

Frankie and Johnny kan nie misgeloop word nie.



*Aletta Bezuidenhout en Pieter Brand in Pantergleize*

# Pantagleize nog nie op dreef

Deur POEN CILLIERS

ILSE VAN HEMERT se produksie van Michel de Gheldrode was dikwels boeiend, maar stel soms teleur as gevolg van gebrekkige orkestrasie.

Hierdie allegorie oor Alleman wie se lotgeval dit is om onwetend by 'n rewolusie betrokke te raak, begin met 'n knal, wanneer Bamboola (Samson Khumalo) sy meester wakker maak. Hierdie energievlak word selde weer in die drama geëwenaar, so asof die akteurs bang word hulle word karikature. Die meeste van die karakters in karikature. Johan Malherbe se Macboem behou dwarsdeur dieselfde graad van intensiteit.

Sommige vertolkings lê te na aan naturalisme om te kan kontrasteer met Pantagleize (Pieter Brand) se weerloosheid. Juis om dié rede is Pantagleize se onskuld nie genoegsaam beklemtoon nie. Daarom was die slot nie naastenby tragies genoeg nie.

Skitterende oomblikke was die toneel waarin Pantagleize ontdek dat sy geliefde, Rachel (Aletta Bezuidenhout), dood is - en die straatveër wat oor die verhoog stap. Ronel Kriel se Advokaat was 'n loutere plesier om te aanskou.

Daar is genoeg stewigheid in hierdie produksie om te vermoed dat die spelers binne 'n week of wat die regte vlakke sou gevind het.

# Afrikaans praat lekker, sê Engelse akteurs

***Een van die stukke waarmee die nuwe Black Sun In Orange Grove mee afgeskop het, was Tertius Meintjies sêDis Seker Die Honde. Felice Orsini het gaan uitvind hoe die twee Engelssprekende hoofspelers met "die taal" reggekom het.***

"Daar's 'n nuwe motorfiets op die mark... dis veronderstel om soos 'n vrou te lyk. Dit lyk nie vir my soos 'n vrou nie," sê Nicky Rebelo. Hy blaai deur 'n tydskrif, een van die rekwisiete vir "Dis seker die honde".

Hy speel die rol van Chris en Jennifer Steyn die rol van Santie in hierdie toneelstuk van Tertius Meintjes.

Rebelo en Steyn is albei Engelssprekende akteurs wat graag in Afrikaans speel, en gesels tussen televisie-opnames van die toneelstuk oor die stand van sake in die "Afrikaanse teater".

Rebelo neem die wind uit my seile deur te se "Afrikaanse teater" bestaan nie. Wel Suid-Afrikaanse teater wat in Afrikaans, Engels, Zoeloe of 'n mengsel van tale opgevoer word. Hy vermy definisies wat die verdeling van kultuurgroepe voortplant.

Hy is onversetlik gekant teen die verwering van egte inheemse kulturele aktiwiteit deur buitelandse invloede.

Hy noem die voorbeeld van 'n draaiboek oor Andre Stander waaraan hy gewerk het. Hy het die Suid-Afrikaanse samelewing aan die hand van Stander se lewensverhaal ontleed, maar toe die vervaardigers begin geld soek, het hulle besluit om die verhaal in 'n "Bonnie en Clyde" avontuurverhaal te verander.

Die draaiboek het onmiddellik sy Suid-Afrikaanse outentisiteit verloor en Rebelo het homself onttrek.

Oor die Afrikaanse taal sing hy lofsange: "Daar is 'n aardsgebondenheid in die taal. Dit is lekkerder om 'fok jou' te se as 'fuck you'. Daar is baie krag in die klank. Ek geniet dit om woede teen die stelsel in die taal van die stelsel uit te spreek."



*Jennifer Steyn en Nicky Robello in Honde*

Rebelo, ook 'n toneelskrywer, doen die navorsing vir sy toneelstukke in die kroeg - waar Afrikaans allermins suiwer gepraat word. Hy blameer apartheid daarvoor dat hy nie oor alle mense in Suid-Afrika kan skryf nie.

Soos in sy skryfwerk, weerspeel die meerderheid van sy werk as akteur sy belangstelling in die skepping van 'n inheemse kultuur. (Maar moenie dink dat hy Shakespeare afskeep nie.)

Jennifer Steyn het die regie van sy jongste stukke in die Black Sun, "Mrs Rothchild" en "Mrs Pretorius", behartig. Die vroue is optelkarakters wat hy in die strate en die kroee ontmoet het.

Steyn meen die Afrikaanse taal verleen 'n onmiddelikheid aan karakters. Santie is haar eerste groot rol in Afrikaans. "Ek het die taal regtig begin geniet. 'n Mens kan ander ritmes uitbeeld. Ek kan uiting gee aan 'n ander sy van my karakter."

Afrikaanssprekende akteurs is soms heftig gekant teen Engelssprekende akteurs wat in Afrikaans speel: "Vir die van ons wat van Engelse en Afrikaanse herkoms is - my pa is Afrikaans en my ma is Engels - is hierdie houding hinderlik. Deur Afrikaans te bewaar, kan Afrikaners die taal doodmaak. As daar nie druk op ons was om die taal op 'n spesifieke manier te praat nie, sou ons dit ook meer geniet het."

Tertius Meintjies kon waarskynlik "Dis seker die honde" ewe gemaklik in Engels geskryf het. Die kern van sy ondersoek is die hart van die wit werkersklas - dit is eerder 'n klasse- as 'n taalstudie.

"Santie is 'n maplotter. Sy kom van Randfontein, Witpoortjie, Krugersdorp, Delarey of Newlands. Die mense staan met die een voet op die plaas en die ander voet in die stad. Santie kom waarskynlik uit 'n groot gesin".

Sy kom stad toe omdat die lewe op die plotte haar verstik, maar sy kom gou agter dat sy klasgebonde is. Sy sal waarskynlik die patroon van haar ma se lewe herhaal.

Die probleme van die swart en wit werkersklas is verbasend eenders, maar hul verwerk hul probleme verskillend. "Die wit werkersklas ly ook dikwels gebrek, daar is oorbewoning en die frustrasies van vervreemdende werk, wat daartoe lei dat diep in die bottel gekyk, vroue geslaan en gesinsmoorde gepleeg word," se Rebelo.

Hulle dra 'n dubbele las: hulle word onderdruk in 'n kapitalistiese stelsel, maar hou terselfdertyd die apartheidstelsel met hul stemreg in stand.

"Hulle is ook slagoffers van die stelsel. Hulle onkunde word deur hul onderwysstelsel op hul afgedwing en so word apartheid onderhou.

"My karakter is egter nie tevrede nie. Hy sal nie vir die KP stem nie. Hy sal eerder 'n kommunis word. Hy besef hy word gemanipuleer. Hy weet daar is vir hom gelieg. Hy was in die weermag. Hy het ervaring van die arbeidsmag."

Omdat jy wit is, dink mense jy het al die geleenthede geerf. Maar die blote feit dat niemand hier deel het aan 'n demokratiese bestel nie, lê 'n beperking op jou, se Rebelo.

Die hoop van die toneelstuk is daarin gesetel dat hulle 'n keuse het. Keuse is ook 'n vreesaanjaende ding. Kan hulle hierdie keuse uitoefen?

# Heerlike smoorsnoek

Tot redelik onlangs is smoorsnoek as armmanskos beskou, maar vandag lek heelwat hogere mense hul lippe af as hul die woord hoor.

Dit is 'n wonderlike, eenvoudige en goedkoop gereg, en in die Kaap bedien 'n paar eetplekke smoorsnoek - en ek het maar onlangs na 'n nat koue Kaapse winter hier aangekom.

Wat mens gewoonlik op jou bord kry, is 'n gryserige redelik smaaklose mengsel van uie, aartappels en gerookte of vars snoek. Dikwels is dit nog droog ook, sodat jy dit met wyn of bier moet afsluk. En dan is die restaurateurs baie trots daarop dat hulle egte "Kaapse" kos bedien.

Smoorsnoek moet soos alle kos met sorg berei word. En 'n slegte resep help jou van die wal in die sloot. Gebruik die volgende resep: dit maak smoorsnoek iets besonders.

Bestanddele:
- agt mediumgroot aartappels
- agt mediumgroot uie
- agt mediumgroot tamaties
- ongeveer 350 g gerookte snoek, of meer
- 2-3 cm lange knoets groen gemmer
- een brandrissie, pitte verwyder (daarom geen peper nie)
- halwe teelepel bruinsuiker
- knippie sout indien nodig
- halfbottel kookolie

Gebruik aartappels wat maklik blus, tamaties wat ryp maar nie oorryp is nie, en stewige oranjerige gerookte snoek (ek hou nie van die bleek soort nie). Doen moeite om groen gemmer in die hande te kry: dit pas volmaak by gerookte snoek.

Skil die groente. Sny die aartappels in kwarte en kook gaar in water. Gooi water af, en reserveer. Sny die uie in redelike dik skywe en braai in olie in 'n swaar pot tot deurskynend. Reserveer.

Dompel die tamaties 'n minuut in kookwater en spoel in koue water af. Trek die skil af. Sny die tamaties in kwarte en druk al die pitte uit. (Sit die pitte in die yskas en maak 'n tamatie-cocktail daarvan.)

Gooi 'n bietjie olie in 'n pan en kook nog heelwat vog uit die tamaties. Roer gereeld. Reserveer.

Vlok die snoek. Verwyder alle - ek herhaal, alle - grate en onooglike velletjies.

Kap of stamp die gemmer en brandrissie saam fyn.

Gooi nou al die bestanddele by die uie, asook heelwat koookolie - smoorsnoek moet nie droog wees nie, en botter is te ryk - en meng alles goed deur. Moenie die bruinsuiker vergeet nie - dit balanseer die ergste suur van die tamatie.

Sit die deksel op, verhit goed en draai dan die temperatuur laag. Laat 'n uur lank smoor, maar moenie kook nie. Loer en roer nou en dan.

Bedien met patats wat in die skil in die oond gebak word. Prik met 'n dun messie of vleispen om te sien of dit gaar is. Sny die papats in helftes, spikkel met botter en sprinkel met kaneelsuiker indien nodig.


Bedien die smoorsnoek boop papgekookte rys - rys hoef nie altyd los te wees nie. 'n Goeie blatjang kan ook saam met die smoorsnoek bedien word, maar dit is werklik nie nodig nie.

Hierdie smoorsnoek is nie vaal nie: die tamatie gee dit 'n mooi salmpienk kleur.

Lekker eet.

## KOSBLAD

onder redaksie van Koos Coetzee



****

BJ Lankwarden (uitgespreek Lankwaarde) begin langsaan met ons drankrubriek.

Ek sê spesifiek drankrubriek want wyn is darem nie die enigste vreugde in die lewe nie. BJ, 'n drankinvoerder, weet waarvan hy praat.

Ons verwelkom hom, en mag ons 'n paar glasies saam skink.

****

Ek sien die kiwivrugbedryf in Nieu-Seeland kry swaar. Die prys van die "eksotiese" vrug het sterk gedaal - ander lande het die prys in die grond gedruk. Ek hou nie van kiwivrug nie. Hoewel dit baie mooi lyk, smaak dit vir my asof dit uit 'n blik kom . Dit smaak melerig - heeltemal uit verhouding met sy voorkoms.


Est 1987

Yard of Ale

*By die Mark-Teater*

Kom kuier by ons vir huiskos, goeie wyn en lekker mense

- Die ideale plek vir u kersfunksie

Bespreek vandag : 836-6611/2


# Vyf bottels later voel jy dit nog steeds nie

Wynkoop raak ingewikkeld omdat die wynwereld so vinnig verander. Ou getroue etikette verdwyn of, nog erger, jou geliefkoosde doppie verskyn in 'n nuwe gedaante met 'n splinternuwe smaak.

Sommige van ons gee nie om nie: 'n vraggie nuwe wynsoorte hou hul goed op 'n Vrydag of Saterdagaand besig. Ander weet nie wat om te koop nie, of is bang dat hulle nie van die wyn sal hou nie.

Wees nie bevrees nie - die meeste Suid-Afrikaanse wyne is goed, en party is uitstekend. Daar is baie plesier te put uit die proe van onbekende wyne.

Die wat meer versigtig is, kan hul by 'n wynreeks bepaal. Die kans is goed dat as hul van een wyn in 'n reeks hou, hul van almal sal hou.

Voorbeelde van wynreekse is Bellingham, Nederburg en Zonnebloem. Vandag kyk ons na Zonnebloem.

Zonnebloem het 'n geskiedenis wat so ver strek as die vroeë agtiende eeu, toe wyne reeds op die Zonnebloemplaas aan die hange van Simonsberg by Simondium gemaak is. Die wingerde is vroeg in 20ste eeu herplant en tydens die veertigerjare het Zonnebloem homself gevestig as een van Suid-Afrika se topwyne.

Die volgehoue uitbreiding en opgradering van die reeks is tipies van die Stellenbosch Boerewynmakery se soeke na voortreflikheid. Nuwe wyne in die reeks, soos Blanc de Blanc en Sauvignon Blanc, is reeds gesog in sekere kringe.

Onlangs het ek die plesier gehad om 'n Zonnebloem-wyn te proe wat eers in 1989 vrygestel word. Dit was 'n Chardonnay. Wat 'n wyn... Of eerder wyne, aangesien ons twee totaal verskillende wyne geproe het. Die een was 'n Chardonnay wat wat nog besig was om in Nevers-eik te verouder en die ander 'n Chardonnay wat nie houtverouder is nie.

Hierdie twee wyne is werklik uit die boonste rak en hoewel ons nie weet of hulle versny of onversny op die mark sal verskyn nie, weet ons hul sal blitsvinnig uitverkoop.

Zonnebloem-wyne drink gemaklik en selfs na 'n aand in die geselskap van die produksiebestuurder en vyf bottels later word jy die volgende oggend wakker en wonder of jy die vorige aand enigiets gedrink het. Dit is die teken van 'n goeie wyn.

Vir die wat van 'n bietjie soetheid in die wyn hou - en ek is een van hulle - is daar min wyne wat kan kers opsteek by Zonnebloem Special Late Harvest in die gewone bottel en die Noble Late Harvest in die halfbottel wat kwaliteit en prys betref.

Mense wat vir soet wyn skrik omdat hul maer wil bly, weet nie dat 'n bietjie ressuiker in 'n wyn nie die die helfte soveel vetmaak as as 'n baie droë wyn met 'n hoër alkoholinhoud nie. Dit geld ook vir die byderwetse Duitse trocken-wyne en vir die beroemde Diat-bier wat amper twee persent meer alkohol as gewone pils het.

Wereldwyd word wyne met 'n bietjie soetheid - of soos die kenners se, wyne met smaak - teruggebring. Dit is hier waar die Zonnebloem-reeks werklik uitstekend is; al sy wyne is sonder twyfel baie smaaklik.

- BJ Lankwarden

# Ooste gaande oor konjak

PARYS - Franse konjakvervaardigers vrees dat Keiser Hirohito van Japan se naderende dood en die routydperk daarna die verkope van konjak in Japan drasties sal laat daal.

Die Japanners het in die jaar wat op 31 Augustus geeindig het meer konjak as die Franse ge-drink - 10,5 miljoen bottels vergeleke met die Franse se 10 miljoen.

Vyftien jaar lank het die mark in Japan met 15 persent 'n jaar gegroei, maar Hirohito se dood kan verkope maande lank sterk laat daal, het 'n woordvoerder van die konjakbedryf gesê.

Konjakvervaardigers is ook ontsteld omdat hul verwag dat Japan 220 persent invoerbelasting op hul produkte gaan instel. Maar, het 'n ander woordvoerder gesê "so lank Hirohito se siekte voortduur, sal die Japanners geen besluit neem nie". Asië is een van die konjakbedryf se belangrikste markte.

Die meeste hoëkwaliteitkonjak word daarheen uitgevoer. In 1987-88 het die mark in Asië met 31.4 persent tot 35 miljoen bottels gestyg.

Hong Kong is die derde grootste mark na Amerika en Brittanje. Hierdie klein Britse kolonie, met 'n bevolking van vyf miljoen, het vanjaar 12,3 miljoen bottels aangekoop.

"Hong Kong se Chinese burger drink meer konjak as enige ander aardbewoner," het 'n woordvoerder van Remy Martin gesê - AFP

# Maroela-kultuur met skop

deur
VICTOR
MUNNIK

Ek skrik my boeglam in Zeerust: ek is in 'n weermagkamp. Dis net bruin tente en bruin klere. Dis die weermag wat toutrek teen die skool. Die weermag wat rugby speel.

Gelukkig is ons op die jaarlikse Marico-mampoerfees, en 'n adjudant in 'n byderwetse T-hemp en kenmerkende haarstyl beduie ons na die Groot Tent toe waar die MAMPOER is.

'n Tannie met 'n polkadotlaphoed begin dadelik kultuur gesels.

"Maroelas", sê sy, "maak sommer vanself mampoer. Aan die boom. Kleintyd op op ons plaas Spitskop het ons gestaan en kyk hoe vreet die bobbejane aan die songebakte maroelas - net so groot... (sy beduie so groot soos lemoene). En dan kyk ons hoe word die bobbejane dronk."

Die kommandant van die fees sluit by ons aan.

Hy gesels oor Herman Charles Bosman, wat so lekker oor perskebrandewyn geskryf het. En oor Mampoeroe, glo 'n ou Pedi-kaptein wat verslaaf geraak het aan die drank wat die boere van daardie geweste gestook het... om 'n ou kontantjie te verdien.

Op die tydelike kroeg se rakke staan groot bottels winkelmampoer, en klein botteltjies Marico-mampoer. Ja, sê die feeskommandant, daar is die kommersiële mampoer van die Landboudistilleerdersgilde. Daar is ander mampoer ook. Mampoer wat geruil is.

Ruil? Ja ruil. Sulke mampoer mag mos nie verkoop word nie.



Met 'n glasie in die hand lyk niks wat uit die hemel val vreemd nie.

Die wet is streng. Jy mag net stook met 'n lisensie - wat 'n skaars ding is. Die ketel moet vasgebou wees en mag nie geskuif word nie. Die drank mag nie verkoop word nie, maar vriende mag by jou kom sit en dit geniet.

En daar mag nie gestook word van wilde vrugte - kareebessies, maroelas of stamvrugte nie.

Die mampoerfees is daar om die kultuur te bevorder, en nie drankgebruik nie. En om Marico, in die ou tyd die Poort na Afrika, weer bekend te stel.

Die kommandant sê goeie mampoer word nooit van vrot vrugte gemaak nie. Desembermaand gis dit twee, drie weke lank, en die suiker sit om in alkohol. Kommersiële stokers gooi suiker by om die gisting aan te help - aanjaers genoem - maar tradisionele stokers nie.

Die gegiste sap word stadig in koperketels gekook, en die mampoer kondenseer wanneer dit deur koue water gelei word. Die eerste bottel is goed, maar die naloop nie. Daarom word dit 'n tweede keer gestook.

Die mampoer se alkoholinhoud word getoets met 'n glaspypie-dingetjie, maar die ou Boere, sê die kommandant, het nie sulke goed gehad nie. Hulle het 'n bietjie mampoer in 'n teelepel gegooi, geruik en geproe en dan aan die brand gesteek - en gekyk hoeveel water bly oor.

Kommersiële mampoer bevat 43 persent alkohol. So tussen 40 en 50 persent kan 'n mens die mampoer nog proe. Vir Gilde-kompetisies is die perk 60 per sent.

Ons stap deur die stalletjies met aandenkings en pannekoek en lemoensap en pap en wors na die potjiekoskompetisie.

Span Een is Zeerust se SAP-Voertuigdiefstaltak. Die manne aan diens dra SAP-hempies en sjefhoede. Hulle voer ons mampoer voor ons begin vrae vra.

Hulle sterk punt in die kompetisie, sê hulle, is hulle netjiese voorkoms, goeie organisasie en 'n resep uit die boonste rakke.

Span Twee se veldtog is gebou om die Marico Stapvis -- "as die pot begin kook stap daai vis so al in die rondte" -- 'n barrakuda van Hondeklipbaai. Reg geraai, hulle is Bolandse Bosvelders.

Ons proe suurlemoenmampoer en suurlemoenmampoerlikeur: die Marico Velvet. Ons proe uit "Karin kry vir Pa daai mooi botteltjie" en dan word die kitaar nadergetrek. Ons hoor nuwe Afrikaans: "Wamahoeka wamatsotsi a ry, elke tsotsi a hy, troelie mama, troelie mama, oeke vatompa!"

Ons hoor stookstories. Van 'n naweek op 'n plaas waar gestook is met al die krane aan die ketel - "daar was nie eers water vir tandeborsel nie".

"Keer hulle, keer hulle..." sing die sjef - 'n sersant-majoor in die weermag, seker die gaafste een in die land.

Span Drie, onder sjef Oosie, het 'n rooibok van Ellisras in die pot. Die mampoer is die vorige aand al gedrink, sê hulle.

Span Vier se JJ Botha waarsku teen mampoer. "As jy begin mampoer drink, gaan die son sommer vroeg al onder." Hy is ook 'n luitenant.

Voor dit donker word, is ons terug in die Groot Tent. Natasja sing, met haar lyfie gewikkel in 'n pienk valletjiesbloes en grys denim.

Sy sê vir die orkes: "Ek het verkoue, hoor."

Ek wonder hoe sy klink vir die ou met die T-hemp: "Parabats don't die, they just regroup in hell." Toe is ons al op pad terug, sonder om te weet wie die potjiekoswenners was.

# Rusland: goedkoop en nogal mooi

**Jurie van der Walt het onlangs twee weke lank in die Sowjet-Unie deurgebring. Hier gee hy sy indrukke.**

MOSKOU - Een van jou eerste indrukke van die Sowjet-Unie is die feit dat so min mense Engels praat of verstaan. Sonder my tolk sou ek totaal verlore gewees het. En in hotelle kry niemand spesiale behandeling nie.

In Moskou en Leningrad word geboue al die kleure van die reënboog geverf om die eentonige wit van die wintersneeu op te vrolik.

Snags ry motors net met hul parkeerligte aan. Hoewel dit nie op die wetboek staan nie, word algemeen aanvaar dat jy nie jou kopligte gebruik nie - as jy dit wel doen flikker aankomende motoriste hul ligte aanhoudend. Jy kan selfs 'n kaartjie van die verkeersafdeling kan kry.

Die beginsel is eenvoudig - waarom sal jy kopligte aansit as die straatligte sterk genoeg is?

As jy vir 'n verkeersoortreding aangekla word, moet jy betaal, aangesien verkeersoortredings nie in die hof betwis kan word nie.

Die Sowjet-Unie is waarskynlik een van die mooiste lande wat ek ooit besoek het. Stede is vol eeue-oue argitektoniese meesterstukke, monumente en standbeelde. Selfs wanneer die winter sy greep op die land verstewig, is die natuur beeldskoon.

Leningrad, die bakermat van die sosialisme, word soms die "Venesië van die Noorde" genoem. Die skoonheid van hier-die stad kan net persoonlik ervaar word - as lid van 'n georganiseerde toer.

Die uitgestrektheid van die land word moeilik begryp - selfs vir die wat die Karoo of Namibia ken.

Toeriste vind die prys van goedere en dienste, wat deur die staat vasgestel word, besonder laag. Enige reis per bus, trem of metro in Moskou en ander stede kos vyf kopeks (ongeveer 10 Suid-Afrikaanse sent).

Huisvroue wat vleis by staatswinkels koop betaal halfprys - twee roebels (ongeveer R4) 'n kilo. Die res word deur die staat gesubsideer.

Vir 'n roebel kan mens 'n paar kilogram brood, 'n half kilogram vleis, drie liters melk, of 300 gram botter koop. 'n Kilogram gewone vis kos omtrent 'n roebel.

Pryse van vrugte en groente wissel volgens die seisoen. In die herfs kan jy 10 kg artappels of 12 kg kool of 3 kg appels koop. 'n Roebel is ook genoeg vir fliek, roomys en 'n glas vrugtesap.

Die duurste rolpuntpen kos 20 kopeks (ongeveer 40 sent), 'n potlood drie kopeks en 'n skoolnotaboek twee kopeks.

Omtrent elke gesin het het 'n televisiestel, 'n yskas en 'n naaimasjien.

Die staat het die jaar 2 000 as 'n teikendatum gestel wanneer alle gesinne hul eie wooneenhede moet he. 'n Ontsaglike konstruksieprogram is aangepak. Massiewe woonstelblokke wat duisende mense huisves, word aangetref.

Wooneenhede word toegeken op grond van die grootte van gesinne - wat nie self kan kies waar hul wil woon nie: die staat besluit.

Suid-Afrikaners kan afgunstig wees op die belastingstelsel. Belasting vorm slegs 8,3 persent van die staatsinkomste. Alle werkers betaal tussen agt en 13 persent van hul inkomste aan belasting, terwyl ongetroude mans tussen 20 en 50 jaar en getroude vroue sonder kinders tussen 20 en 45 tussen 20 en 50 jaar en getroude vroue sonder kinders tussen 20 en 45 jaar 'n bykomstige ses persent bydra. Die staat bestee hierdie geld op enkelmoeders en gesinne met baie kinders.

In 1986 was die gemiddelde inkomste van werkers en kantoorwerkers 200 roebels, en die van boere 159 roebels. Die gemiddelde salaris van joernaliste is 400 roebels.

Kinders is die "bevoorregte klas" van die Sowjet-Unie. Alle verwagtende moeders word onder gratis mediese sorg geplaas. Na die geboorte word die ma en kind gereeld deur die distrikspediatris en 'n verpleegster besoek.

Dit is baie moeilik om 'n egskeiding te kry en die twee partye moet volgens wet eers drie maande lank probeer om versoen te raak.

Pornografie en prostitusie bestaan omtrent nie, en die misdaadsyfer is baie laag. Die kans is skraal dat jy snags op straat in Moskou gemolesteer kan word.

# HERMAN

## Van droë brood na musikale roem

**Ian Herman word vandag beskou as een van Suid-Afrika se beste dromspelers. Hy is oral in aanvraag, en gaan binnekort saam met die Genuines oorsee. WILLEM MöLLER het 'n onderhoud met hom gevoer.**



Ian Herman: 'Enige aap kan 'n dromsolo speel'

IAN HERMAN het die laaste klompie jare naam gemaak as 'n dromspeler wat met sy verstommende tegniek en fyn aanvoeling 'n reuse bydrae tot enige musikale situasie kan lewer, of dit nou op die verhoog of in 'n opname-ateljee is.

Op die vooraand van 'n Europese toer saam met die Genuines het hy gesels oor musiek, die lewe, en dromme.

Tussen oefensessies vir optredes by Kippies saam met kitaarvirtuoos Steve Newman se groep, Tananas, vra ek hom hoekom hy juis dromme as instrument gekies het.

"Ek het op agt met klavierlesse begin. My musiekonderwyseres het my op die vingers geMOER as ek my hande verkeerd hou, totdat musieklesse geraak het soos tandarts toe te gaan. Ek het besluit: dis nie waaroor musiek gaan nie. Maar ek wou musiek maak. En iets rebels in my wou dromme speel."

Vir die strenge tannie kan ons net sê: baie dankie. Die afgelope klompie jare het bewys dat hy bestem was om dromme te speel.

"Dromme is nie goed wat mens sommer maar net slaan nie - hulle is fyn instrumente. Dis baie belangrik om dromme net reg in te stel. Ek probeer hul instel sodat ek byvoorbeeld my basdrom net een keer hoef te trap om die effek te kry wat ek wil kommunikeer - nie 'n paar keer nie."

Hy het oor die jare sy tegniek tot 'n punt verfyn wat selfs ander top dromspelers se koppe laat draai. Maar wat van hom 'n meesterlike musikant maak is sy vermoë om te luister; om die ritmiese aansporing en dinamiese ondersteuning te verskaf wat medemusikante tot groot hoogtes inspireer.

By die oefening in Kippies hou ek hom dop: in sy spel klop daar 'n natuurlike polsslag wat 'n hipnotiese uitwerking op my het. Ek word meegevoer op 'n reis deur skakeringe van klank en ritme; berge en dale en paaie met interessante draaie en stories.

Toe ek 16 was, het ek die Dutch Swing College Band in die Nico Malan gesien speel. Hul dromspeler was 'n vreeslike groot ou met 'n baard.

Ian het hom op dieselfde toer gesien: "Ek sal dit nooit vergeet nie. Hy was nie net 'n skouspel nie; hy was regtig goed - 'n hoogs musikale dromspeler. Hy 't in sy solo herkenbare wysies net op die dromme gespeel. Hy het my as kind vreeslik geïnspireer."

Deur te kyk en te luister hoe ander dit doen - "veral Motown; Chicago; Earth, Wind and Fire, al daai goed met baie brass" - het Ian dromme bemeester. Hoewel hy allerhande style en tegnieke geabsorbeer het, is sy manier van speel sy eie.

"Op 'n kol wou almal soos Steve Gadd speel, wat die top ou in die Amerikaanse ateljees is. Maar dis onsinnig. Hoekom soos Gadd, of enigiemand anders wil klink? Die musikante wat 'n indruk op my maak is die wat soos hulself klink, en nie iemand probeer namaak nie."

Ian, 25, het in Johannesburg grootgeword en het na skool in 'n fabriek gewerk. "Dis hoekom ek nie kan ophou dromme speel nie: dan sal ek weer in die fabriek moet gaan werk! Op die oomblik is ek verseker van gereelde werk, maar vir 'n lang tyd het ek net brood geëet."

Ian is op enige gegewe tyd in twee of drie projekte betrokke. Hy is tans lid van die Genuines, wat behalwe hul gemengde goemakonfyt ook uitstekende jazz speel; en Tananas.

Hy gaan binnekort 'n paar maande lank saam met die Genuines in Duitsland, Italie en Frankryk toer. Intussen beplan Tananas 'n soortgelyke reis vir volgende jaar.

Daar is ook gerugte van sterk Amerikaanse belangstelling in sy talente. Maar hieroor swyg hy vir eers.


Sy werk het sy frustrasies: "Enige aap kan 'n dromsolo speel, doemedoemedoem op die tomtoms, en die mense klap almal hande. Partykeer speel ek wat ek dink 'n musikale solo is, vol subtiliteite en fyn, mooi goed. En as ek klaar is dan kyk die mense my maar net so; min verstaan eintlik waaroor dit gaan."

Hy het al op die verhoog en op plate opgetree met kunstenaars soos Barney Rachabane, Bruce Cassidy, Jennifer Ferguson, Simba Morri se Wasamata en Isja - almal bekend vir oorspronklike werk van 'n hoë gehalte. Maar die jaar wat hy saam met die Rockets gewerk het, het hom dissipline geleer.

"Ek hou daarvan om in 'n verskeidenheid van musikale style te werk. Ek hou van die vryheid om te kan speel wat ek voel en wat ek glo. Ek wil nie in 'n groef beland nie."

Van fabriek na wêreldverhoë. Wie het gesê dromme maak net 'n geraas?


# Nuwe Afrikaanse Musiek vir vandag




- **Mr Mac & The Genuines**
  Tradisionele Kaapse Goema/Klopse musiek. Hulle word ondersteun deur veteraan banjo-speler Mr Mac.
  **Langspeler en Kassett R18**




- **Die Kerels — Ek sê**
  Potjiekos pop van een van Jhb se meer energieke groepe. Nou historiese materiaal aangesien hulle reeds ontbind het.
  **Langspeler en Kassett R18**




- **Voëlvry**
  Al die beste nuwe Afrikaanse musiek op een plaat.
  **Langspeler en Kassett R18**




- **Gereformeerde Blues Band**
  Het 'n storm veroorsaak met "Picknick by Dingaan" (eers bekend as "Kinders van Verwoerd") en tans in die proses om die plaaslike Afrikaanse musiekwêreld te domineer. Die kortspeler is 'n voorsmakie van die voornemende langspeler.
  **Kortspeler R6**

## Shifty Records Bestel Vorm

Naam ______
Adres ______
______
Kode ______
Telefoon ______
Pos aan: P.O. Box 27513
Bertsham
2013

Stuur asb. die volgende:
1. ______
2. ______
3. ______
4. ______
5. ______
6. ______
7. ______


Ek sluit in R.............. Nota: Slegs tjeks en posorders wat aan Shifty Records uitgemaak is sal aanvaarbaar wees.




- **Koos**
  Muurmusiek in teenstelling met "kamermusiek". Kom met interessante bruin – papiersak verpakking en lae prys.
  **Kassett R10**

**Ook Bestelbaar:—**

- **André Letoit**
  Wel-bekende eksistensieële troebadoer, punk-skrywer, pizza-maker, hoender-rep... en liedskrywer.
  **Kassett R18**
- **Bernoldus Niemand**
  Enigmatiese blik op hoëveld Straat-kultuur. Styl wissel van kwasi-reggae tot dansvloer "Boogie".
  **Kassett R18**



# Die hotel se deure maak toe

Deur Kathy Berman

Die voortbestaan van onafhanklike teater-aanbiedings het vandeesweek in die gedrang gekom toe Chris Pretorius and Shaun Naidoo die speelvak van hul nuwe revue Hotel Polana kortgeknip het.

Die rede wat hul aangegee het: te min belangstelling by die loket.

Pretorius and Naidoo het in oorleg met die elf spelers besluit dat dit beter sou wees vir die akteurs en musikante om eerder 'n week werkloos te wees en die teater donker te hou as om voor gehore te speel wat te klein is om die opvoerkostes te verhaal.

Die inkomste by die loket het gewissel. Op 'n goeie aand is 163 kaartjies verkoop, maar party aande net twee. Die uiteinde van die saak was dat die loketinkomste 'n magtige R1500 per week bedra het.

Die ooreenkoms met die Mark-Teater was die gebruiklike: die teater, wat die koste van die teaterhuur en reklame dra, kry die helfte van die geld, terwyl die spelers die ander helfte onder mekaar verdeel.

Basiese salarisse, wat 'n repetisietyd van vyf weke insluit, is deur die regisseur self opgedok. Dit help 'n mens verstaan hoekom Pretorius nie die speelvak voltooi het nie.

Dat Pretorius, 'n veelsydige en energieke kunstenaar, wel tot so 'n drastiese stap moes oorgaan, maak 'n mens baie bekommerd oor die die stand van die uitvoerende kunste in ons land.



Aubrey Maasforp en Dan Robbertz in Hotel Polana

In die afgelope twee jaar het Pretorius en sy vrou, choreograaf Robyn Orlin, Suid-Afrikaanse balletomane aan "dans-teater" voorgestel met hul uitdagende en vernuwende werk.

Daarop het "musiek-teater" gevolg waarin hulle daarin geslaag het om liefhebbers van musiekblyspele uit hul Rogers en Hammerstein-wysies te ruk en hulle te konfronteer met 'n inheemste styl - geskep in samewerking met die talentvolle komponis en pianis Shaun Naidoo.

Die regisseurs moet geloof word vir hul onverskrokke benadering tot die kunsvorm wat hulle in drie seisoene by die Mark-Teater sou verfyn.

Daar is afgeskop met die omstrede Sunrise City in 'n moeilike ruimte: die Market Warehouse. Hulle het vol sale getrek ondanks die skokkende akoestiek en verkeerde plasing van die verhoog, met die gehoor die hele wereld vol.

Met geloof en hoop het Pretorius en Naidoo hul tweede projek aangepak. Om dit die lig te laat sien moes hulle self die geld voorskiet met persoonlike banklenings, persoonlike inkomste en kommersiële werk. Die uiteinde van die saak is dat hulle die skuld wat aangegaan is, self moet delg.

Veel hulp kan nie van die sakewereld of van vriendskaplike skenkings verwag word nie. Pretorius self het in die laaste paar weke gehoor hoe R30 000 aan 'n rugbyspan beloof word — R10 000 meer as wat nodig was. Maar geldelike steun aan die uitvoerende kunste is 'n ander storie.

Wat is die status van "onafhanklike" teater? Wat skrik borge af? Is die uitvoerende kunste nie populêr genoeg nie? Of skep dit nie genoeg publisiteit nie - al kan dit van belasting afgetrek word.

Wat ook al die rede, die uitwerking wat dit op ons nuwe jong kunstenaars en die toekoms van inheemste teater gaan hê, is onrusbarend.

En gaan dit ons verbaas as ons teaterkultuur verarm deurdat skeppende kunstenaars soos Pretorius en Naidoo tou opgooi en swig voor die lokgeld van die advertensiewese of die pad oorsee vat waar vet borgskappe groener weivelde bied?

# *Die verhaal van Barend en die Bottels*

Deur Chris du Plessis



Megan Kruskal en Gys de Villiers in Flight. Dié drama, geskryf deur David Lan, met regie deur Barney Simon, fokus op die mens se soeke na sy herkoms. Flight is 'n tragiese komedie wat die wel en weë van 'n Joodse gesin volg terwyl hulle van Oos-Europa na Rhodesië en Kaapstad immigreer. Flight word tot 19 November by die Mark-Teater opgevoer.

Die Kaapse beeldhouer Barend de Wet het 'n ietwat eienaardige verhouding met glas.

Hy het al tydens sy swakker oomblikke glas probeer eet. Sy badkamer is vol spieëlskerwe geplak. (Hy hou veral van spieëls. Die voorliefde het hom een aand in die Roelandstraat polisiekantoor laat beland toe hy by 'n partytjie 'n mooi spieëltjie - nog vasgeskroef aan die polisiewa - wou huis toe vat.)

Hy is op sy gelukkigste as hy twee wynglase teen mekaar kan vergruis terwyl hy met jou gesels...



Barend de Wet

By 'n ander geleentheid het satirikus Robert Kirby se seun (Barend kan nie sy naam onthou nie) na 'n vertoning by die Baxter-teater in Kaapstad hom gevra om asseblief nie die wynglase op die vloer te gooi en daarop te trap nie.

Kirby se seun: "Moenie die wynglase op die vloer gooi en daarop trap nie".

Barend: "Moenie bekommerd wees nie. Ek sal vir alles betaal..."Craaash!"

Robert Kirby het Barend toe self met die vuis bygedam.

Barend se verhouding met glas het verlede maand breekpunt bereik in 'n Kaapse nagklub vir mense wat mal is oor swart klere. Hy is deur 'n groep jeugdiges toegetakel en met 'n bottel oor die kop geslaan.

Hy voel die optrede was effens onregverdig: "Hulle het in die koerant aangekondig hulle wil weer energie op Kaapstad se dansvloere sien. Toe ons daar aankom, staan die mense lusteloos en rondsteier asof hulle met formalien ingespuit is. Ons het besluit om bietjie lewe in die plek te blaas en begin dans," verduidelik hy.

Maar blykbaar het iemand besluit hy gaan te woes te kere. "Ek het na die tyd gehoor dat ek blykbaar te ... verleidelik gedans het," het Barend aan Vrye Weekblad gesê.

Hy kan nie onthou of hy homself ontbloot het nie (hy het dit al tevore gedoen wanneer daar genoeg lawaai in 'n plek is) maar as hy het, sou hy dit nie as "verleidelik" beskryf nie.

Al wat hy onthou is dat die DJ hom van agter beetgepak en van die dansvloer probeer afstuur het. Barend wou graag nog 'n bietjie dans en is toe deur 'n paar jeugdiges aangeval en met 'n bottel geslaan.

Toe hy weer sien is hy en sy vriende in twee ou Mercedesse op pad Groote Schuur toe.

Hoekom twee?

"Ek weet nie. Miskien om dit meer belangrik te laat lyk."

'n Plastiese chirurg moes ingeroep word: Veertig steke, bo en onder sy regteroog. Glas moes uit sy wang gehaal word. Sy mond het ook 'n paar snye: "Ek het dit darem reggekry om die een ou in die agterkop te byt. Ek dink dit is hoekom my lippe so lyk."

Hy vryf sy voorkop wat nog lelik opgeswel is. "Ek hoop net nie die knoppe bly nie. As die swelsel nie sak nie, sal dit nogal onaantreklik wees."

Barend word in Maart pa. Hy wil nie trou nie. Dit sal te veel na 'n "shotgun"- affêre lyk, sê hy.

Hy het die ma van die toekomstige spruit, Kate Gottgens, op universiteit ontmoet. Hulle woon al jare lank saam. Sy het verlede jaar graad gekry aan die Michaelis-kunsskool. Sy stal op die oomblik saam met vier ander (M Dunbar, M la Mantia, A Lindsay en W Barker) uit in Art House in Norwood tot 19 November.

Na die uitstalling gaan sy en Barend terug Kaapstad toe, waar Barend aan bronsgietings vir 'n uitstalling volgende jaar gaan begin werk.


Hulle vra vriende om plastiekglase en papierborde eerder as glasware te skenk met die baba se geboorte.

# Selfkritiek in die teater

**Deur Poen Cilliers**

Met Truk-Toneel se aanbieding an Gibson Kente se Sekunjalo - The Naked Hour is 'n nuwe neiging in swart Suid-Afrikaanse teater te bespeur - dié van selfkritiek. Dit verras te midde van 'n sterk beweging protesteater waarin die stryd om vryheid onkrities, met 'n byna heilige romantiek, uitgebeeld word. Dit kontrasteer skel met Afrikaanse teater, wat toenemend, sedert die vroeg tagtigs, in die teken van hewige selfkritiek staan.

Swart teater, sedert die seminale The Island en Sizwe Bansi is Dead deur Athol Fugard, Winston Ntshona en John Kani, is baie polities. Dit kritiseer die regering en blankes wat hulle apartheid laat wel geval en is deurdrenk van bevrydingsideologie. Dramaturge wat in die afgelope jare die belangrikste bydraes gelewer het en die karakter van swart versetteater gevorm het, is Percy Mtwa en Mbongeni Ngema, wat saam met Barney Simon Woza Albert! geskryf het; Matsemela Manaka wat onder meer Egoli en Pula geskryf het en Maishe Maponya wie se The Hungry Earth en Gangsters aandag getrek het.



Susan Theletsane in Sekunjalo

Swartmense, wat sedert die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het en apartheid in landswette geanker het, en nie veel geleentheid gehad het om uitdrukking te gee aan politieke idees nie, het die platform wat die teater hulle gebied het, aangegryp en in die laat sewentigs en vroeg tagtigs lewenskragtige en imposante teater geskep. Die belangrikste eksponente van hierdie bevrydingstoneel het veral by die Mark-Teater die geleentheid gekry om hulle dramas op te voer. Vir byna 'n dekade belewe ons 'n goue era van swart teater - toneel wat wêreldwyd erkenning ontvang het.

Swart teater het egter gaandeweg sy eie stereotipes begin ontwikkel. Die outoritêre, dom witman wat karikatuuragtig uitgebeeld is teenoor die lydende swartman wat ongereg op ongereg verduur. Dit het 'n formule geword sodat 'n mens onlangs met John Kani se produksie van Kagoos besef het swart teater is artistiek in die pekel. Dit is vasgevang in geykthede en het nie die krag of oortuiging van swart teater 'n paar jaar gelede nie.

Terwyl swart teater 'n magsbasis gebou het en mites gemaak het van martelaars, het Afrikaanse dramaturge hul eie geskiedenis begin ontmitologiseer deur dramas waarin streng selfkritiek toegepas is. Die werk van onder meer Reza de Wet, Pieter Fourie en Ryk Hattingh kyk nugter na die Afrikaner en ondermyn sy roemryke verlede. Veral die beeld van die patriarg en die ideaal van bloedsuiwerheid loop deur. Beide swart en wit Afrikaanse teater kritiseer die Afrikaner.

Selfkritiek in swart teater was tot dusver maar nog skaars. 'n Skitterende toneelstuk waarin dit wel te sien was, is Percy Mtwa se Bopha. Daarin word 'n swartman wat besluit het om 'n polisieman te word, deeglik geroskam. In Benjy Francis se Dying Embers is marionetleiers van sekere onafhanklike swart gebiede hewig gekritiseer. Die swart vryheidsvegter of rewolusionêr is nog egter deurgaans in swart teater 'n onberispelike karakter voorgestel.

Met sy Sekunjalo - The Naked Hour krap Gibson Kente dinge deurmekaar. Hy kritiseer een stelsel van politieke magsmisbruik wat deur 'n ander vervang word. In sommige liberale sirkels word Kente as 'n "sell-out" beskou. Sy kritici veroordeel hom omdat hy Sekunjalo vir Truk opvoer en omdat hy sekere rewolusie-ideale in die stuk lagwekkend maak.

Diegene het blykbaar vergeet waar Kente vandaan kom en wat hy bereik het. Vir ten minste twee dekades is Kente se naam sinoniem met township-teater van formaat. Baie van die akteurs wat in die sg. rewolusionêre teater by die Mark-Teater opgetree het, het hulle opleiding in Kente se geselskap ontvang. Verskeie van Kente se stukke is al verbied weens die politieke aard daarvan. Hy het deur die jare baie krities gestaan teenoor 'n regering wat mense laat swaarkry het.

En is Kente dan nou skielik 'n "sell-out" omdat hy sy grense verskuif het?

Sekunjalo kyk na die toekoms. Dit is post-rewolusionêre teater wat in die toekoms afspeel en is 'n beduidende nuwe rigting in Suid-Afrikaanse teater.

Dit wys hoe 'n vryheidsvegter na die rewolusie terugkeer as 'n held en sy plek kom inneem as president. Ofskoon daar van gelyke regte vir almal gepraat word, sien ons hoe die nuwe leier se magsug toeneem en hoe hy gaandeweg 'n outokraat word wat presies dieselfde foute maak as die leiers voor die rewolusie. Daar is weer marteling in aanhouding, korrupsie en streng sensuur. Hierdie selfkritiek van Kente is 'n vingerwysing, 'n waarskuwing dat rewolusie moontlik net een vorm van tirannie met 'n ander kan vervang.

Dit is kritiek wat ekstremisme bevraagteken. Hoe mense ook al oor Sekunjalo voel, dit is 'n stuk wat nuwe moontlikhede in swart teater bied.

# Barclay: liefhebber van vroue en musiek

PARYS.- Eddie Barclay, die man wat die stemme van Jacques Brel, Charles Aznavour, Jean Ferrat en Dalida die wereld ingestuur het, is onlangs in Parys voor 1 000 uitgesoekte gaste met sy agtste vrou getroud. Sy is 46 jaar jonger as hy.

Die 67-jarige platebaas se troue is deur 1 000 uitgesoekte gaste van Parys en St Tropez se "jet-set" bygewoon.

Barclay is op 26 Januarie 1921 gebore as Edouard Ruault, die seun van 'n kafee-eienaar. Hy het die kafee by sy pa oorgeneem en nadat hy begin klavier speel het, is hy gereeld die geselskap van jazz-entoesiaste soos Django Reinhardt en Boris Vian gesien.

Tydens 'n optrede (as pianis) in die Etape-bar in Parys het hy sy naam na Eddie Barclay verander omdat dit meer gesofistikeerd en Amerikaans klink.

Na die Tweede Wereldoorlog het hy die Barclay Clubs gestig vir Franse wat aan "post occupation blues" gestig het.

Na sy eerste huwelik, wat net drie jaar geduur het, het hy sy eie orkes by die spog-klub, Club de la rue Pierre Charron, gestig.

Hy het sy tweede vrou Nicole ontmoet, en saam met hulle die moontlikhede van die ontluikende musiekbedryf raakgesien. In 1949 het hulle plate onder die Blue Star-embleem begin maak. Hulle is entoesiasties deur die Franse jazz-gemeenskap ondersteun.

Hy het nie net die groot Franse sangers van die tyd, het hy ook die Amerikaner Eddie Constantine opgeneem. Constantine was verantwoordelik was vir Blue Star se eerste groot suksesse met L'Homme et l'Enfant en Et Bailler et Dormir.

In 1955 het Barclay sy genialiteit bewys deur albums te begin produseer. Sy maatskappy het gou al die groot Franse en baie oorsese sterre op kontrak gehad.

"My talent is om dit in ander te vind," het Barclay gese.

Hy het ook Dalida, die Italiaans-Egiptiese sangeres wat in 1987 selfmoord gepleeg het, ontdek.

Dalida het vir 'n hele paar jaar by Blue Star gebly en 'n fortuin vir Barclay verdien.

Hoewel Jaques Brel, die Belgiese sanger, nie deur Barclay ontdek is nie, het hy deel van die Barclay-familie geword. Die twee mans was groot vriende tot Brel se dood.

In 1978 het hy sy platemaatskappy verkoop en in St Tropez gaan woon.

Barclay erken hy trou elke keer as hy verlief raak.



Eddie Barclay

# Glasnost fouette op die Russiese verhoog

*Felice Orsini kyk na die Russiese film wat vandag by Ster Kinekor begin*

IN November verlede jaar het 'n artikel in die Russiese weekblad Ogonyok verskyn waarin Moskou se Bolshoi Balletgeselskap en sy artistieke direkteur Grigorivich aangeval is.

Die artikel het Grogorivich - die choreograaf van werke soos Spartacus, Ivan die Verskriklike en die meeste van die werke wat die geselskap opvoer - daarvan beskuldig dat dit sy skuld is dat die repertorium verbeeldingloos en eentonig is.


Blykbaar duld Grigorivich geen kritiek nie, en voer hy meestal net sy eie balette op.

Olga Zabotnika, 'n voormalige balletdanseres van die Kirov-ballet in Leningrad het in Januarie haar oud-geselskap op 'n soortgelyke wyse afgeskiet. Sy het die artistieke direkteur Oleg Vinogradov daarvan beskuldig hy die organisasie voorrang gee bo artistieke verdienste, "dat hy 'n persoonlike kollektief" geskep het en dat hy die volslae ondergeskiktheid van die dansers verlang.

Sy het gesê hy het die dansers in slawe verander en die gevolg was dat die geselskap in middelmatigheid verval het.

Die Kirov se probleme het in die jare vyftig en sestig begin toe dansers soos Roedolf Noerejef en Michael Barisjnikov en Natalia Makarova tydens buitelandse toere na die Weste oorgeloop het.

Om nog oorlopery te vermy, het die geselskap se hierargie dansers bevorder wat totale gehoorsaamheid eerder as talent vertoon het, se Zabotnika.



Vladimir Vasiliev en Maximova

Die blote feit dat daar so oop en bloot in die pers oor sake geskryf mag word en dat 'n rolprent soos Fouette die einste tema aangepak het, getuig daarvan dat Mikhail Gorbatjof se glasnost-beleid reeds 'n uitwerking getoon het in die pers, rolprentwese en balletwereld.

Dat Rusland nog n lang pad moet loop voordat daar choreografies met die Weste meegeding kan word, ly geen twyfel, maar ironies genoeg is die vernaamste choreograwe van die Weste Russe soos Nijinskiy, Morton, Fokine, Masine, Livar, Youskevitch, Eglevsky en Balanchine wat as gevolg van die 1905 en 1917 rewolusies Rusland verlaat het).

Op die gebied van tegniek, skouspelagtigheid en fisieke vaardigheid bly die Russe ongeëwenaar.

Fouette is deels die werk van die Bolshoi-Ballet se premiere danseur, die 40-jarige Vladimir Vasiliev. Hy het op die ouderdom van 19 in 1959 sy eerste Westerse verskyning in die Metropolitaanse Operahuise in New York gemaak. Ondanks vele geleenthede om oor te loop, het Vasiliev anders as sy tydgenoot Alexander Godunov getrou gebly aan sy geselskap.

In Fouette waarin hy die regie saam met Boris Yermolayev beharig het dans en speel Vasiliev die rol van 'n rebelse fotograag wat sonder die goedkeuring van die raad 'n eietydse ballet vir die geselskap choreografeer.

Vasiliev se vrou en dansgenoot op die Bolsjoi-verhoog, Yekaterina Maximova, speel en dans die rol van 'n 50-jarige danseres wat veg om haar plek as die hoofdanseres van die geselskap te hou.

Die skelle werklikheid van Yelena Knyazeva se stryd teen die ouderdom word ons nie gespraar nie. Daar word nie doekies omgedraai nie: Russiese sterre is sterflik.

Die sweet, die bebloede voete, die plooie en die ooglopende sielesmart van die danseres word gejukstaponeer met minder suksesvolle droomtonele. Hier raak die draaiboekskrywer en die regisseur 'n klomp hoogdrawende diepsinnighde kwyt wat inbreuk maak op die verhaal.

Die gehoor se genot word belemmer omdat die redigeerder te gretig is om by die daaropvolgende toneel - wat gelaai is met simboliek - uit te kom. Vasiliev se moderne choreografie vir die droomtonele steek lelik af teen Lev Ivanov se klassieke choreografie vir Swanemeer.

As regisseur en choreograaf kan Vasiliev 'n paar dinge in die Weste kom leer, maar daar is min dansers wat by hom kan kers vashou.

**KUNSFLITS**

'n Nuwe satelliet-museum van die Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsgalery, die Natale Labia-museum in Muizenberg, is op 25 Oktober vir die publiek geopen.

Die museum wat vroeer as "Die Fort" bekend gestaan het, is in 1985 aan die Nasionale Galery geskenk. Volgens die vorige eienaar, Graaf Natale Labia, word die museum opgedra aan sy ouers, Prins Natale Labia en prinses Ida Louise Labia.

## Televisierubriek

# Glo jy in heksery?

**Deur Egbertus Klaagvoort**

DAAR'S 'n rumble in die jungle. 'n Simboliese ossewa kreun. 'n Krans gee antwoord. 'n Dinges ry voor op 'n gedoente. Dis Admiraal Savimbi op 'n simboliese os! Dis Betsie Verwoerd op 'n heilige koei! Dis Pous Makoena, Leeu van die Noorde, op 'n dilemma! Verkeerd: dis die fak, besig om 'n rivier oor te steek. Dis 'n simboliese oomblik, dis die Oranje. Die Oranje? Askies my baas, dis die Gariep. God seën Afrika.

*********************

In Netwerk vanaand kyk ons na die moontlike motiewe waarmee die ANC met Suid-Afrikaners praat (die ANC is nie Suid-Afrikaners nie). Moenie 'n edele motief verwag nie. Moenie 'n objektiewe oorsig verwag nie. Verwag versnipperde sinsnedes wat bymekaar aangeheg word en dan aanhalings van die bose word.

Voorbeeld van die taktiek: "Die Nasionale Party het weer eens getoon...dat hy deur rewolusionêre metodes en geweld...die Koeksisterraad bestuur" - P.W. Botha.

Die aanslag was belaglik onsubtiel, van Haas Das se kommentaar tot die Doomsday-musiek in die agtergrond. Maar iets het geskort: waar was Cliff die Onverskrokkene, kastyder van bevrydingsoorloe, geselaar van Andersdenkendes, vryburger van Angola? Sy inslag sou iets besaunders gewees het.

*********************

Afrikaners is voorwaar plesierig, dit kan julle glo as julle hard genoeg kners om die banaliteit van inheemse reekse op Afrikaanse TV afgesluk te kry. Agter elke man sit daar 'n draaiboek-"skrywer" wat stik van vermaak telkens wanneer die wye lens dit regkry om 'n paar van die nulle op sy betaalstaat vas te vang. Praat van 'n nul op 'n kontrak!

Die onbenullige gebeure, die voorspelbare, banale teks, die boere-kitsch van Franz Marx se hele misbaksel steek in die keel vas. Maar van Volksheld tot vaandeldraer, van tea boy tot touleier word dit met verrukking gade geslaan.

Ons word tot op die punt van delirium tremens verlei met verspotte sub-plots wat niks met enigiets uit te waai het nie - en wat so skielik laat vaar word as wat dit gebore word.

Wat het byvoorbeeld geword van die sotlike advokaatjie wat soos vanuit 'n kettie in die program ingeslinger is, never to be seen again? Miskien hang hy in 'n swartsak op die solder om eersdaags weer afgestof te word soos 'n wafferse Reagan, wanneer selfs Marx (F) se toevallighede uitgeput is.

Sal hy dan met Wessel trou, of dalk met Steve? Sal Anna met Andries Barnhoorn trou in 'n great white wedding in the sky? Het Anna die brand gestig? (Glooft gij in hekserij?) Is Anna in werklikheid Andries Barnhoorn in "drag"? Is Cliff Barnes 'n kabinetspos aangebied? Die spanning bereik breekpunt. So ook die nausea.

*********************

In die land van die dowes is Eenoog koning. En niemand is natuurlik so doof soos die wat nie wil hoor nie. Soos die baronne van Aucklandpark. Maar in hierdie rubriek gaan ewewigte herstel word. Universeel. Dis die univers van die PW Botterkopdinastie, van groepsgebiede, van Naas, en SATV. Veral SATV. Hier gaan so eenogig gekyk word na onskuldige boerepret, en niksversteurende nuus, en opgestopte volkshelde, dat selfs SATV nie die kragte sal kan weerstaan nie: hier word BALANS aangebied. Ewewigtig. Gewigtig. Giftig. Met so 'n mikpunt sal geen Eksteen onaangeroer gelaat word nie. Ja, salig is die Harmes van gees.

**WEEKLIKSE TELEVISIE GIDS OP AGETER BLAD**

